

The copyright of this thesis vests in the author. No quotation from it or information derived from it is to be published without full acknowledgement of the source. The thesis is to be used for private study or non-commercial research purposes only.

Published by the University of Cape Town (UCT) in terms of the non-exclusive license granted to UCT by the author.

***“SWART” AFRIKAANSE DIGTERS EN ’N
OMVATTENDE, INKLUSIEWE SUID-AFRIKAANSE
DIGKUNS: ’N POSISIEBEPALING***

Ada Almanò

University of Cape Town

**“SWART” AFRIKAANSE DIGTERS EN ’N OMVATTENDE,
INKLUSIEWE SUID-AFRIKAANSE DIGKUNS: ’N POSISIEBEPALING**

deur

Ada Almanò

voorgelê ter gedeeltelike vervulling van die vereistes vir die graad

M. A.
in Toegepaste Taalstudies

in die

DEPARTEMENT LINGUISTIEK EN SUIDER-AFRIKAANSE TALE,
AFDELING AFRIKAANS EN NEERLANDISTIEK

aan die

Universiteit van Kaapstad

Promotor: Dr. S E Smuts
Departement Linguistiek en Suider-Afrikaanse Tale
Universiteit van Kaapstad

Junie 2001

Ek verklaar hiermee dat

“SWART” AFRIKAANSE DIGTERS EN 'N OMVATTENDE, INKLUSIEWE
SUID-AFRIKAANSE DIGKUNS: 'N POSISIEBEPALING

my eie werk is.

Alle bronne wat gebruik of aangehaal is, word deur volledige verwysings aangedui
of erken.

Ek bedank graag die VVOB vir die befondsing wat hierdie ondersoek moontlik
gemaak het.

signature removed

Ada Almanò

Junie 2001

INHOUDSOPGAWE

1.	Inleiding, agtergrond, konteks en belang van studie.....	3
1.1	Inleiding.....	3
1.2	Agtergrond (“Rationale”).....	8
1.3	Konteks en omvang van die studie.....	15
1.4	Die belang van die studie.....	18
2.	Literatuuroorsig.....	20
3.	Metodologie en Teoretiese benadering	27
3.1	Inleiding.....	27
3.2	’n Intertekstuele leesstrategie.....	27
3.3	Hoë kultuur en lae/populêre kultuur.....	29
3.4	Postkoloniale perspektiewe.....	31
3.5	Meganisme van insluiting en uitsluiting.....	34
3.6	Teorie met betrekking tot identiteit.....	35
3.7	Teorie met betrekking tot <i>gender</i>	36
4.	’n Gemeenskaplike Suid-Afrikaanse digkuns?.....	39
4.1	Inleiding.....	39
4.2	’n Historiese oorsig op terme: “Kaapse digters” en “Swart digters”.....	40
4.3	Die belang van ’n gemeenskaplike Suid-Afrikaanse digkuns.....	45
4.4	Die konstitusie van Suid-Afrika.....	48
4.5	Die nuwe skoolkurrikulum (K2005).....	49
5.	Meganisme van insluiting en uitsluiting.....	52
5.1	Inleiding.....	52
5.2	“Swart” Afrikaanse digters en die uitgewersbedryf.....	53
5.3	Hedendaagse tendense.....	57
5.4	Kaaps as randgebiedpoësie.....	61
5.5	Ghoema.....	63
5.6	Die kwessie van identiteit.....	65
6.	Marginalisasie van vroulike “swart” digters.....	74
6.1	Inleiding.....	74
6.2	Die kulturele produksie van vroulike “swart” Suid-Afrikaanse digters.....	76
6.3	Diskriminasie teen vroulike “swart” digters.....	83
6.4	Die pad vorentoe vir vroulike “swart” digters.....	84

7.	Standpunte.....	86
7.1	Inleiding.....	86
7.2	Prof. Adam Small (Sy reaksie op vraelys).....	89
7.3	Marius Titus ('n Opsomming van sy reaksie op vraelys).....	92
7.4	Willie Adams (E-pos-onderhoud).....	94
7.5	Kirby Van der Merwe (Opsomming van gesprek).....	97
7.6	Diana Ferrus en Loit Sôls (Transkripsie van 'n gesprek).....	101
7.7	Dr. Neville Alexander (Lesing).....	117
8.	Samevatting.....	120
	Bronnelys.....	131

University of Cape Town

HOOFSTUK 1

INLEIDING, AGTERGROND, KONTEKS EN BELANG VAN DIE STUDIE

1.1 Inleiding

Soos die titel aandui, beoog die studie in hoofsaak om te bepaal wat die posisie van “swart” Afrikaanse digters is met betrekking tot ’n inklusiewe Suid-Afrikaanse digkuns, en meer spesifiek ten opsigte van taal, ras en geslag.

’n Nuwe, inklusiewe Suid-Afrikaanse digkuns behoort die ruimte te skep vir die publikasie van meer digbundels wat verteenwoordigend kan wees van ’n breër spektrum van Suid-Afrikaanse poësie. Alle Suid-Afrikaanse tale en taalvariante behoort gelyke dekking daarin te kry, sonder enige vorm van diskriminasie.

’n Inklusiewe Suid-Afrikaanse digkuns kan veral meehelp om die linguistiese diversiteit wat inherent deel is van die Suid-Afrikaanse samelewing as ’n hulpmiddel aan te wend om diskriminasie op verskeie vlakke teë te werk, mits dit so gedoen word dat alle poëtiese vorme gelyke verteenwoordiging daarin geniet. Die verwerkliking hiervan sal ongetwyfeld ’n waardevolle bydrae tot ’n gemeenskaplike Suid-Afrika lewer.

Die gebruik om hoofsaaklik enkeltalige digbundels uit te gee, dit wil sê bundels waarin slegs een taal verteenwoordiging geniet, het daartoe bygedra dat Suid-Afrika se linguistiese diversiteit as ’n probleem beskou was en dit het die filosofie van segregasie, wat onderliggend was aan sy literêre geskiedenis, verder gestabiliseer. ’n Poësie wat veral oor taalgrense heen strek, dit wil sê wat alle tale en taalvariante van Suid-Afrika insluit, sal hierdie filosofie kan teenwerk indien dit die valorisering van tale en aparte kulture kan uitskakel deurdat geen taal enige institusionele voorkeurbehandeling bo en ten koste van ander tale sal geniet nie. ’n Inklusiewe digkuns, soos voorgestel, sal lesers in staat stel om ’n breë skets van die geskiedenis, in samehang met uiteenlopende reaksies vanuit verskillende ideologiese standpunte, te lees.

Dit is gemeenplaas dat “swart” Afrikaanse digters in die vorige bedeling deur die establishment tot op die rand uitgestoot was en dat variëteite van Afrikaans feitlik geheel en al geïgnoreer was.

Wat interessant is, is dat Julian Smith (Smith et al., 1986: 102) reeds in 1985 ’n inklusiewe letterkunde as ideaal “voorgestel” het:

In die tweede plek wil ek sê dat die ideaal ’n Suid-Afrikaanse letterkunde is. (Ons bestudeer inderdaad in ons tweede jaargang Suid-Afrikaanse letterkunde. Nou, om linguistiese redes, om taalredes, bestudeer ons nie Xhosa en ander tale nie. Maar ek dink dit is die rigting waarin daar beweeg sal moet word: ’n Suid-Afrikaanse letterkunde).

In sy lesing by die Klein Karoo Kunstefees in 1999 wys Neville Alexander (*Die Burger*, 31 Maart 1999: 13), voorsitter van die *Language Plan Task Group* en gewese voorsitter van die *Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad*, ook op die belangrikheid van inklusiwiteit in sy verwysing na “die verhouding tussen Afrikaans en die Afrika-tale van Suider-Afrika” (ibid.) as hy sê :

As die nuwe Afrikaans so herdefinieer gaan word dat dit werklik inklusief van alle variëteite sal wees, dan wag daar sommer nog baie projekte op ons. Pleks van ’n alliansie tussen bruin en wit moedertaalsprekers van Afrikaans behoort dit vir ons duidelik te wees dat die nuwe Suid-Afrika liever ’n alliansie tussen alle Afrikaanssprekendes en die sprekers van ander Afrika-tale verg (ibid.).

Hy sê dat Suid-Afrikaners slegs daarin sal slaag om weg te beweeg van “rasgebonde denke en sienswyse” (ibid.) indien hierdie alliansie werklik inklusief van alle tale en taalvariante is. Dan kan daar oorgegaan word tot “die verwerkliking van ’n nie-rassige samelewing” (ibid.)

Adam Small het blykbaar jare gelede al ’n visie van ’n inklusiewe letterkunde gehad, soos hy ook onlangs in sy antwoord op ’n vraelys gesê het (Sien hoofstuk 7 vir sy reaksie op die vraelys met betrekking tot ’n inklusiewe Suid-Afrikaanse digkuns.):

Die gedagte van 'n "Suid-Afrikaanse digkuns" is tog nie 'n "nuwe visie" nie! ek het dit lank gelede al uitgewys en dit was vir my nog altyd 'n steen des aanstoots wanneer van ons Engelse letterkundiges dit oor "South African poetry" gehad het en daarmee bedoel het: Engelse poësie, of poësie in Engels, in Suid-Afrika! (Hoofstuk 7).

Hoewel daar die afgelope paar dekades gepoog was om die ongebalanseerdhede van die verlede reg te stel, het daar, wat die breër Suid-Afrikaanse gemeenskap betref, 'n nuwe dimensie in die vorm van 'n allesoorweldigende golf van Engels bygekom wat nie geïgnoreer kan word nie en wat daartoe gelei het dat 'n bestekopname gemaak moes word van die posisie van Afrikaans binne hierdie gemeenskap.

In 'n toespraak by die vierde colloquium van die Departement Afrikaans en Nederlands aan die Universiteit van Stellenbosch, maak Louise Viljoen (1999) uitsprake rakende die "stand" van die Afrikaanse letterkunde aan die einde van die millennium". Sy noem byvoorbeeld dat die Afrikaanse letterkunde nou vir homself 'n plek binne die groter Suid-Afrikaanse samelewing moet beding op grond van wat dit daartoe kan bydra:

In die proses moet die Afrikaanse letterkunde homself ook handhaaf teen die impak van 'n wêreldkultuur en -literatuur wat deur die medium Engels die Suid-Afrikaanse samelewing oorstrom. Die Afrikaanse letterkunde moet dus saamleef met die realiteite van 'n nuwe kulturele bedeling wat besig is om wêreldwyd pos te vat met behulp van die populêre en elektroniese media. Dit kan lei tot die opsoek van bondgenote wat vantevoren geïgnoreer is, naamlik die letterkundes van die inheemse tale in Suid-Afrika waarby daar myns insiens veel geleer kan word in terme van hul eiesoortige tradisies, konvensies en visie op die Suid-Afrikaanse werklikheid. Die groot uitdaging is om hierdie bondgenootskappe met integriteit en respek, eerder as met selfsugtige opportunisme, op te soek (Viljoen, L, Oktober 1999).

Wat hierdie "opsoek van bondgenootskappe met ander inheemse tale en taalvariante" betref, waarsku Neville Alexander dat as koöptasie uitsluitlik verwys na 'n "alliansie van wit en bruin Afrikaanssprekendes" (*Die Burger*, 31 Maart 1999: 13) om die "toekomstige bestaansreg van Afrikaans" (ibid.) te verseker, dit te verstane is dat daar teenkanting sal

wees. Alexander, wat hom sterk beywer vir die herstandaardisering van alle Afrika-tale, insluitende Afrikaans, sê dat koöptasiepolitiek kontra-produktief kan inwerk op die sosiale rehabilitasie en verdere ontwikkeling van Afrikaans. Hy beklemtoon ook die feit dat Afrikaans “’n radikale gedaanteverwisseling en ’n hoëprofieltransformasie wat betref sy politiek-ideologiese ‘image’ sal moet ondergaan as dit weerstand wil bied teen die wegkalwerende uitwerking van die wêreldoorstromende golf van Engels” (ibid.).

Om die idee van inklusiwiteit te verwesenlik, is dit van uiterste belang dat hierdie nuwe, voorgestelde Suid-Afrikaanse digkuns wel verteenwoordigend is van alle groepe, ongeag tot watter ras of geslag die digters behoort of watter taal of taalvariant hulle in hul digkuns aanwend.

Daar dit egter blyk dat sommige “swart” Afrikaanse digters steeds huiwerig is om deel te word van die hegemonie in die Afrikaanse letterkunde wat hulle voorheen gemarginaliseer het, poog hierdie ondersoek om vas te stel wat hul standpunte is omtrent ’n inklusiewe letterkunde wat ook oor taalgrense heen strek.

Die kernnavorsingsvraag hier is dus: Wat is die posisie van “swart” Afrikaanse digters met betrekking tot ’n nuwe, inklusiewe Suid-Afrikaanse digkuns?

Die kernnavorsingsvraag kan uitgebrei word tot subvrae wat direk daarmee verband hou:

- (1) Wat het aanleiding gegee tot die gebruik van die term “swart” in “swart Afrikaanse digters”?
- (2) Hoe sluit die benaming “Kaapse digters” hierby aan?
- (3) Van watter belang is hierdie nuwe, inklusiewe Suid-Afrikaanse digkuns?
- (4) Word die posisie van “swart” Afrikaanse digters ten opsigte van inklusiwiteit dalk beïnvloed deur hul ideologiese, politieke en filosofiese oortuiginge?

- (5) In watter opsig het die kwessie van identiteit 'n invloed op die skynbare huiwering by “swart” Afrikaanse digters om deel te word van die *establishment* wat hulle voorheen gemarginaliseer het?
- (6) Wat is die redes vir die beperkte aantal gepubliseerde werke van vroulike “swart” Afrikaanse digters?

Dit blyk dat daar by “swart” Afrikaanse digters tot 'n groot mate nog 'n neiging bestaan om op die geskiedenis terug te kyk. Aubrey Redlinghuys (Willemse et al., 1997) spreek hierdie kwessie aan by die *Tweede Swart Afrikaanse Skrywerssimposium*:

Terselfdertyd is dit belangrik om daarop te wys dat ons geskiedenis (geheue/terugblik), veral in die moment van herbesinning oor die toekoms, waarskynlik een van die grootste aanwinste is, maar ook 'n struikelblok kan wees in ons konstruksie en kartering van 'n toekomsvisie (Willemse et al., 1997: 18).

Voorts merk hy op:

Ons bevind ons in 'n post-apartheidsfase waar inklusiewe demokrasie die uitgangspunt is, met allerhande aanpassingsprobleme, en veral fundamenteel ten opsigte van Afrikaans. Daarom moet ons waak dat opposisionele denke van die verlede nie struikelblokke word wat ons visie van die toekoms versper nie. Nasiebou, inklusiwiteit, heropbou het sleutelwoorde van ons tyd geword en ons moet nou klaarkry oor begrippe wat ons huidige oogmerk ondersteun (ibid.).

Baie “swart” digters, soos onder andere Willie Adams (Sien hoofstuk 7 vir die volledige afskrif van 'n e-pos-onderhoud met hom gevoer.) en Marius Titus (Sien hoofstuk 7 vir sý reaksie op 'n inklusiewe letterkunde.) is egter van mening dat die hegemonie in die Afrikaanse letterkunde hul werke nog steeds afwys op grond van “rassisties gefundeerde verwerping” (Hoofstuk 7) en “politiek gefundeerde” (ibid) ideologiese verskille en weier gevolglik om met hulle saam te werk.

Omdat dit blyk dat daar binne die Afrikaanse letterkunde, wat ook die “swart” digkuns insluit, teen vroulike “swart” digters gediskrimineer word, word ’n *gender*-bewussyn nagegaan en teen die agtergrond van hedendaagse *gender*-teorieë bespreek.

1.2 Agtergrond (“Rationale”)

In 1988 het ’n interessante versamelbundel, *SA in poësie/SA in poetry*, saamgestel deur Johan Van Wyk, Pieter Conradie en Nik Constandaras, verskyn. Wat so verfrissend anders aan hierdie bundel is, is dat “...die ‘estetiese’, die ‘grootse’ nie die hoofmaatstawwe vir die saamstel daarvan was nie” (*Stilet*, 31 Januarie 1989), en dat geen enkele voorskriftelike vorm van poësie bo ’n ander verhef word nie.

Dit is interessant om bostaande aanhaling te vergelyk met wat André P Brink in sy *Groot Versboek 2000* (Brink, A P, 2000) sê van D J Opperman se *Groot Verseboek* wat in die vyftigerjare verskyn het, naamlik dat daar met die saamstel van hierdie bundel juis op die estetiese gefokus was. Brink haal Opperman aan soos laasgenoemde sy keuse in sy “Verantwoording” (Brink, A P, 2000: i) opsom:

Hierdie bloemlesing wil die mooiste Afrikaanse gedigte in een band saamvat, maar tegelykertyd die gedigte so kies en rangskik dat dit enigsins ’n beeld van die ontwikkeling van ons poësie gee. Die klem val dus op die estetiese, hoewel ander faktore - soos die historiese en strewe om die bloemlesing so verteenwoordigend moontlik te maak - sekere toegewings meegebring het (Brink, A P, 2000: i).

Brink wys vervolgens daarop dat, hoewel so ’n uitgangspunt lofwaardig mag klink, die “sleutelbegrippe daarin met verloop van tyd ernstig geproblematiseer geraak het” (ibid.).

Hy vra dan ook:

Wie bepaal daardie “mooiste”, en volgens watter maatstawwe? En waarvan en vir wie kan ’n bloemlesing “verteenwoordigend” wees? (ibid.).

Brink is van mening dat so ’n uitgangspunt kan lei tot subjektiwiteit, daarom het hy met die samestelling van die versamelbundel, *Groot Verseboek 2000*, gepoog om die bundel so

inklusief moontlik te maak. Die samestellers van *Poskaarte* (1997), Ronel Foster en Louise Viljoen, meen egter in hul “Verantwoording” dat daar nooit ten volle “aan die subjektiwiteit van die eie keuse” (Foster & Viljoen, 1997: xxxi) ontkom kan word nie.

Johan Van Wyk, een van die samestellers van *SA in poësie/SA in poetry*, verduidelik onder andere in die tydskrif, *Karring* (Volume 15, 1998/9), dat die samestelling van hierdie bundel ’n oefenlopie was om ’n fondament te verskaf waarvandaan gewerk kan word vir die verwesenliking van ’n visie van ’n inklusiewe Suid-Afrikaanse letterkunde:

Wat vir my belangrik is, is dat die studente moet kennis dra van die geskiedenis van die Suid-Afrikaanse letterkunde in sy geheel. Hulle moet weet wie die belangrikste Xhosa, Zoeloe, Sotho, Afrikaanse en Engelse skrywers was, en hoe hierdie letterkundes vergelykend ontwikkel het (*Karring*, 15, 1998/9: 25).

Ryk Hatting (Vrye Weekblad, 23 Maart 1989: 5) sê van hierdie bundel:

SA in Poësie/Poetry is ’n monumentale poging om Afrikaans te bevry uit die hande én monde van die beleidmakers, regeringsamptenare en akademiese ivoortorings wat die taal nog beskou as besitting wat uitgedeel of teruggevat kan word. Afrikaans kom tot sy reg in die bundel, sy onlosmaakbaarheid van ander Afrika-tale in hul verhouding tot die Suid-Afrikaanse geskiedenis word duidelik na vore gebring.

Die belang van hierdie bundel, asook ander wat daarna verskyn het, soos byvoorbeeld *Poskaarte* (Foster en Viljoen, 1997), *Die Afrikaanse poësie en ’n duisend en enkele gedigte* (Komrij, G, 1999) en *Groot Versboek 2000* (Brink, A P, 2000), word in hoofstuk 2 breedvoeriger bespreek.

Afgesien van die impak wat *SA in poësie/SA in poetry* op die letterkunde gehad het, kan ’n mens nie nalaat om te noem dat dit dalk tóg nie werklik die voorloper was wat inklusiwiteit betref nie. Kaaps word al dekades lank in die digkuns aangewend, maar word tot op hede nog as randgebiedpoësie beskou. ’n Kaapse voorloper-bundel wat betref inklusiwiteit, is heelwaarskynlik Adam Small se *Kitaar my kruis* (1961) wat byvoorbeeld tien gedigte bevat wat in Standaard-Afrikaans geskryf is, terwyl feitlik twee derdes van die

bundel in Kaaps verskyn. Daar is weliswaar ook vier Engelse gedigte in. In sy resensie van *Kitaar my kruis* merk D J T (1976) op: "Kitaar my kruis is 'n bloemlesing van gedigte, geskrywe, 'n mens kon sê, in die drie tale van die Kaap - Afrikaans, Engels en die dialek van die Kaapse Kleurling" (*Daily Dispatch*, 31 Januarie 1976: 5).

Jan Rabie (*Cape Times*, 6 Desember 1961) skryf in sy resensie van *Kitaar My Kruis*: "This is a 'wind of change' in the most bilingual book ever published in South Africa, some poems entirely in English".

Dit, ten spyte van die feit dat die inheemse tale totaal geïgnoreer is in hierdie uitspraak, is op sigself genoegsame rede om sonder voorbehoud te verklaar dat Adam Small reeds in 1961 die idee van inklusiwiteit gehad en dit in sy werk toegepas het.

Small het boonop ook veel meer gedoen om ten minste te probeer om die kulturele gaping tussen Engels en Afrikaans in die land te oorbrug deur Afrikaanse gedigte in Engels te vertaal om sodoende Engelssprekende Suid-Afrikaners se belangstelling in Afrikaanse poësie te prikkel. Hy het byvoorbeeld Afrikaanse gedigte van N P Van Wyk Louw in Engels vertaal wat opgeneem is in die bundel, *Oh Wide and Sad Land*, wat in 1975 deur Maskew Miller uitgegee was. Die oorspronklike Afrikaanse gedigte is op die een kant van die bladsy gedruk met die ooreenstemmende Engelse vertaling op die ander kant.

Gesprekvoering met betrekking tot koöptasie het reeds so vroeg as 1995 plaasgevind, soos blyk uit verslae wat in 1995 deur bekende "swart" skrywers by die *Tweede Swart Skrywerssimposium* op Paternoster gelewer is. Dit kom ook duidelik na vore waar Jeanette Ferreira (1998/9) in gesprek tree met Heindrich Wyngaard, resensent en voormalige joernalis by 'n bekende Afrikaanse koerant, met betrekking tot die oënskynlike gebrek aan belangstelling by wit Afrikaanse skrywers om aan die *Afrikaanse Skrywersvereniging* (ASV), wat 'n uitvloeisel was van die *Tweede Swart Afrikaanse Simposium*, te behoort.

Ferreira wys daarop dat sowel skrywers as uitgewers in 'n krisis gedompel is as gevolg van die minimalisering van die Afrikaanse taal en stel voor dat 'n skrywersberaad rondom hierdie kwessie gereël word. Sy is naamlik die volgende mening toegedaan:

Die “spesiale verantwoordelikheid” van wit gevestigde Afrikaanse skrywers om te help met die “bybring van daai agtergeblewenes” sou met so 'n beraad dalk die spesiale verantwoordelikheid van alle Afrikaanse skrywers kon word. Dit sou dalk ook die onderskeid tussen swart en wit kon oorbrug; met die dat dit nie net wittes se taal is nie en met die dat alle Afrikaanse skrywers nou so min of meer agtergeblewe is wat boekverkope betref. Hoe lank gaan ons nog van swart en wit skrywers praat? Is ons nie Afrikaanse skrywers nie? (*Karring* 15, 1998/9: 28).

Met betrekking tot hierdie uitspraak van Ferreira sê Diana Ferrus en Loit Sôls dat “swart” skrywers nie op dieselfde manier en in dieselfde mate as wit skrywers deur swak boekverkope geraak word nie, want “swart” skrywers het in elk geval nog nooit daarop staatgemaak nie, omdat hulle nie dieselfde ondersteuning gekry het nie (Sien hoofstuk 7 vir die transkripsie van 'n gesprek met hulle).

Waar bogenoemde uitsprake spesifiek gerig is op die Afrikaanse letterkunde, fokus hierdie ondersoek egter op 'n nuwe Suid-Afrikaanse letterkunde wat ook oor taalgrense heen strek, maar dit is juis vir hierdie doel noodsaaklik om kennis te neem van sentimente wat in vorige debatte met betrekking tot inklusiwiteit verwoord was, aangesien “swart” digters nog steeds probleme ondervind om hul werk gepubliseer te kry.

Diana Ferrus (*ibid.*) waarsku egter ook dat, afgesien van die ooglopende diskriminasie in die uitgewersbedryf, dit noodsaaklik is om realisies te wees ten opsigte van die huidige mark vir Afrikaanse poësie:

Diana Ferrus (skrywer/digter): ...want op die oomblik kan mense maklik vir ons sê daar is nie 'n mark nie.

Ada Almano (vraagsteller): Nou daarom het ek nou die dag gepraat met jou van die ...uh...it's almost like a vicious cycle, né...want...omdat daar nie 'n mark is nie, wil hulle nie die tipe goed publiseer nie. Omdat die goed nie gepubliseer word nie, gaan daar nooit 'n mark wees nie.

Ferrus: Jy sien, Ada, die ander ding is...waar ons realisties moet wees, is dat ...uhm...hierie uitgewers...uhm...kry nie meer ...jy sal sien in die onderhoud met Annerie...hulle kry nie meer die ondersteuning vannie...vannie...vannie...vannie government soos hulle vantevore gekry het nie, so, vanuit 'n ekonomiese oogpunt móét jy dit verstaan...

Almano / Sols: Uhm.

Ferrus: Jy móét dit verstaan dat die mense kan nie uh...uhm...vir jou kan publiseer as niemand ook daai boeke gaan koop nie.

Navorsing oor die kulturele produksie van "...swart" Afrikaanse sprekers is ook 'n gebied wat volgens Steward Van Wyk (1999) "swak gedokumenteer is en een waaroor steeds weinig navorsing gedoen word" (Van Wyk, S, 1999: 4).

As korrekatief daarop stel Van Wyk voor dat swart Afrikaanse studies as 'n studieveld binne die kurrikulum van Afrikaanse studies ingevoer word. Hy noem egter ook dat so 'n versugting dalk mag dui op 'n begeerte om aparte kulture te skep. By nadere ondersoek en in die lig van die feit dat die Suid-Afrikaanse werklikheid tóg een van heterogeniteit en linguistiese diversiteit is, lê die geheim tot harmonie eenvoudig daarin dat Suid-Afrikaners moet leer om die diversiteit met respek te benader. Slegs dan sal hulle daarin slaag om mekaar te verstaan en kan daar oorgegaan word tot die verwerking van 'n nie-rassige Suid-Afrika en die verwesenliking van 'n visie van 'n "Afrika-Renaissance", 'n term wat deesdae op almal se lippe is.

Afrikaans het ongetwyfeld 'n heterogene aard, soos ook die hele Suid-Afrikaanse gemeenskap. Tot onlangs toe nog was daar egter deur die feitlik absolute miskennis van ander variëteite deur die hegemonie in Afrikaans, te kenne gegee dat Afrikaans 'n homogene verskynsel is.

Dit is in hierdie verband dat Ingrid Geldenhuys (*Karring* 11, 1996: 29), voormalige Afrikaans-onderwyseres in die destydse Huis van Verteenwoordigers, haar standpunt stel:

Daarom het ek besluit om Afrikaans onder my leerlinge en onmiddellike spraakgemeenskap te bevorder en daarvoor sou ek die letterkunde moes takel. As ons nou almal baie eerlik met onself moet wees, het voorgeskrewe literêre werk nog nooit aanklank gevind by swart kinders nie. Dis gewoon te wit en handel oor 'n ervaringsveld aan ons onbekend. Dit maak ons manier van praat af as 'n kuriositeit en 'n soort kombuistaal waarvoor jy jou moet skaam.

Hierdie stelling van Geldenhuys is genoegsame bewys dat, wat die kurrikulum betref, in daardie stadium, en tot 'n groot mate nog steeds, groot leemtes bestaan wat die leerders strem ten opsigte van 'n holistiese ontwikkeling. As gevolg van die feit dat daar teen nie-standaardsprekers van Afrikaans gediskrimineer was en op hul taal-variante neergesien was, was hierdie groep van die Suid-Afrikaanse samelewing negatief beïnvloed deurdat hulle nie tuis gevoel het in die Standaardtaal wat op hulle afgedwing was en waarmee hulle nie kon identifiseer nie. Hoewel daar intussen heelwat positiewe ontwikkelinge in die Afrikaanse letterkunde plaasgevind het, byvoorbeeld die opname van meer werke van "swart" digters in nuwe digbundels wat in skole gebruik word, byvoorbeeld *Rëenboogstemme* (1997) en *Nuwe Stemme I* (1998), bestaan daar nog steeds groot leemtes.

Geldenhuys se stelling onderskraag ook die standpunt wat Neville Alexander (*Die Burger*, 31 Maart 1999: 13) in hierdie verband huldig:

As ons dan ook nog die herstandaardiseringsproses begin, en sodoende dit wat ek 'n nuwe Afrikaans genoem het, in die lewe roep, 'n Afrikaans waarin al sy sprekers tuis kan voel, sal ons ons eie geskiedenis as't ware in 'n nuwe wentelbaan plaas, omdat die projek noodgedwonge deel uitmaak van die baie groter maatskaplike transformasieprojek wat ons implisiet in 1990 aangepak het, al is baie van ons, soos Goethe se Zauberlehrling, nou bang vir die kragte wat ons deur ons towerspreuke vrygelaat het.

Suid-Afrika het op 'n kritieke punt in sy geskiedenis gekom en dit is noodsaaklik dat Suid-Afrikaners op hul kulturele diversiteit en die uitdagings van veeltaligheid in die land begin reageer, deur taal te beskou as 'n hulpmiddel en as 'n reg, om sodoende die krisis wat deur apartheid ontstaan het, ongedaan te probeer maak.

In die verlede was die status van Afrikaans en Engels as enigste amptelike tale die oorsaak dat daar teenoor Afrika-tale en ander variante van Afrikaans gediskrimineer was. Hierdie hegemoniese situasie, naamlik die dominansie van Afrikaans en Engels, het ook 'n negatiewe houding teenoor die beleid van taalgelykheid tot gevolg gehad. Blykbaar is sommige Afrikaanssprekers steeds die mening toegedaan dat maatstawwe wat gemik is op effektiewe taalgelykheid, die status van hul taal sal verminder. Daar is egter ook 'n sigbare neiging om in die openbare terrein en in die media oorwegend Engels te gebruik, waarskynlik in die lig van die belangrikheid van Engels in wyer kommunikasie. Dit is van uiterste belang dat alle Suid-Afrikaners begin om al die tale van Suid-Afrika op gelyke basis te behandel en dat daar projekte aangepak word om die balans te probeer vind tussen die gebruik van die dominante tale en die inheemse tale en taalvariante wat voorheen op grond van hul status en ontwikkeling (of tekort daaraan) gemarginaliseer was.

Hierdie studie fokus ook op die oënskynlike diskriminasie teenoor vroulike "swart" Afrikaans digters deur die gevestigde uitgewerye, maar ook deur manlike "swart" Afrikaanse digters en uitgewerye. Wat veral opvallend is by die lees van "swart" bundels, asook hoofstroomversamelbundels wat werke van "swart" digters insluit (voorbeeld in hoofstuk 6), is die skreiende tekort aan werke van vroulike "swart" digters.

Selfs met 'n bundel soos *SA in poesie/SA in poetry* (1988), stel die samestellers hulle bloot aan kritiek wat 'n *gender*-bewussyn, of gebrek daaraan, betref. Tony Voss (*Die Suid-Afrikaan*, 30 April 1990: 41) sê byvoorbeeld van hierdie bundel:

The anthology itself is ideologically circumscribed: of the more than half a thousand poems, barely three score are by women.

Hierdie studie is dus 'n voortsetting van die diskoers rondom inklusiwiteit, maar poog terselfdertyd ook om die *gender*-kwessie aan te spreek.

1.3 Konteks en omvang van die studie

Die teoretiese raamwerk van hierdie studie het definitiewe raakpunte met die opvatting van Alexander (*Die Burger*, 31 Maart, 1999: 13) in sy lesing by die *Klein Karoo Nasionale Kunstefees* as hy sê dat die herstandaardisering van Afrikaans en die standaardisering van die Afrika-tale van Suid-Afrika (bv. die Nguni-tale) hand aan hand moet gaan. Dit sluit aan by die toekomsvisie van Homi Bhabha (1994), postkoloniale teoretikus, soos uiteengesit in sy postkoloniale toekomsvisie:

What is crucial to such a vision of the future is the belief that we must not merely change the narrative of our history, but transform our sense of what it means to live, to be, in other times and different spaces, both human and historical (Bhabha, H, 1994: 256).

In hoofstuk 3 word die postkoloniale teorie, sowel as kritiek daarop, bespreek. Die noodsaaklikheid van 'n intertekstuele leesstrategie word ook verduidelik.

Die term “postkoloniale teorie” blyk problematies te wees in verwysing na die Suid-Afrikaanse situasie in die sin dat spesifieke aspekte van die tydperk van onderdrukking en diskriminasie nie pertinent aangespreek of in ag geneem word nie. Steward van Wyk verwys ook na die veralgemening van postkoloniale teorie as hy Louise Viljoen aanhaal as sy, na 'n ondersoek van probleme rondom die term, voorstel dat “die metanarratief van die postkolonialisme vervang word met kleiner narratiewe wat die historiese omstandighede van die verskillende postkoloniale literature meer noukeurig beskryf en breë veralgemening vermy” (Van Wyk, S, 1999: 21).

Bestaande teorieë aangaande die *gender*-kwessie word ook bespreek. Myriam Diaz-Diocaretz (Diaz-Diocaretz & Zavala, 1995) se teorie wat betref *gender*-diskriminasie word aangewend om vas te stel of hierdie verskynsel ook in “swart” Afrikaanse letterkunde voorkom en indien wel, watter faktore moontlik daartoe aanleiding gegee het.

In hoofstuk 4 word die belang van 'n gemeenskaplike Suid-Afrikaanse digkuns in die nuwe demokratiese bestel bespreek. In hierdie hoofstuk word ook 'n historiese oorsig

gegee van terminologieë wat aangewend word om aan te toon hoe dit teenswoordig nog funksioneer.

'n Gedeelte uit die konstitusie van Suid-Afrika, artikel 108 (1996), word aangehaal om aan te toon hoe die meganisme van uitsluiting nie meer 'n plek in die Suid-Afrikaanse bestel het nie omdat al elf tale gelyke status het. Die belang van 'n nuwe letterkunde in 'n nuwe kurrikulum (K2005) word verduidelik om aan te toon hoe dit kan bydra tot die suksesvolle voortsetting van 'n proses van transformasie wat betref die konsolidasie van 'n leeskuiluur by alle leerders in die Suid-Afrikaanse samelewing.

Hoofstuk 5 handel hoofsaaklik oor die meganisme van insluiting en uitsluiting in die Afrikaanse digkuns. Daar word vlugtig verwys na nuwe poëtiese vorme in die Afrikaanse letterkunde. Die vraag wat na aanleiding daarvan gevra word, is waarom daar ruimte is vir hierdie nuwe poëtiese vorme, soos “gay-poetry”, maar nie tot dieselfde mate vir “swart” poësie nie. Waarom word “Kaaps” byvoorbeeld steeds as randgebiedpoësie beskou? Die samestellers van *Poskaarte* (1997), Ronel Foster en Louise Viljoen, skryf byvoorbeeld in hul “Verantwoording”:

By die lees van die Afrikaanse poësie gepubliseer vanaf 1960 was dit opvallend dat dinge wat vantevore om verskillende redes uitgeskuif is na die randgebied, wat buite die sentrum of hoofstroom lê, geleidelik begin deel word daarvan (...). Verskillende vorme wat om onder meer kultureel-elitistiese redes nie deel uitgemaak het van die kanon van die Afrikaanse letterkunde nie, kom al hoe meer voor soos in die poësie geskryf in die verskillende variante van Afrikaans (Kaaps, township-Afrikaans of flaaitaal, Griekwa-Afrikaans, Karoo-Afrikaans) en die optekening van orale vorme. Ook die “struggle”-poësie wat aanvanklik om politiese en estetiese redes in die randgebiede van die Afrikaanse literatuur gelê het, trek nou die aandag (Foster, R & Viljoen, L, 1997: xxxi).

Dit is om hierdie redes dat die samestellers se hoofdoelstelling met hierdie bundel “die verskeidenheid van tendensies in die Afrikaanse poësie” (ibid) was.

Die voorkoms van “Ghoema” in veral Loit Sôls (1998) se werk word nagegaan en dele uit resensies en verwysings na “Ghoema” word aangehaal en bespreek om te bepaal wat die opvattinge met betrekking tot hierdie variant van Afrikaans is.

Die kwessie van identiteit word ook hier aangespreek en telkens toegelig met toepaslike gedigte van “swart” digters. Uiteenlopende menings van verskeie digters word hier teenoor mekaar gestel om te bewys watter verskillende ideologiese opvattinge daar by hulle bestaan. Hier word ook oorsigtelik na die verhouding tussen uitgewers en digters verwys.

Hoofstuk 6 handel uitsluitlik oor die marginalisasie van vroulike “swart” digters. Daar word aangetoon hoe die onderdrukking van vroue ’n universele verskynsel is wat eintlik nie ’n toevalligheid is nie. Hier word ook gefokus op die meganisme van insluiting en uitsluiting. In hierdie hoofstuk word gepoog om te bepaal of hierdie meganisme van insluiting en uitsluiting ook in die “swart” letterkunde voorkom en tot watter mate dit die posisie van vroulike “swart” digters beïnvloed. Die kulturele produksie van vroulike digters word aan die hand van geselekteerde bundels ontleed om te probeer vasstel tot watter mate, indien wel, daar teen “swart” vroue-digters gediskrimineer word en tot watter mate hulle wel verteenwoordiging geniet. Hier is veral Diana Ferrus (1999) se insette tydens onderhoude met uitgewers, asook ’n transkripsie van ’n gesamentlike gesprek met haar en Loit Sôls van belang.

Hoofstuk 7 bevat ’n transkripsie van die gesprek met Diana Ferrus en Loit Sols, Adam Small en Marius Titus se reaksies op ’n vraelys, ’n e-pos-onderhoud met Willie Adams, ’n opsomming van ’n gesprek met Kirby Van der Merwe, asook ’n lesing deur Neville Alexander.

Hoofstuk 8 is ’n samevatting van die belangrikste punte wat uit hierdie ondersoek aan die lig gekom het.

1.4 Die belang van die studie

Hierdie studie is 'n poging om 'n bydrae te lewer op tweërlei vlak. Enersyds kan dit bydra tot die uitbreiding van studies wat verband hou met die kulturele produksie van “swart” Afrikaanse digters, en andersyds kan dit 'n nuwe perspektief bied op die dinamiese ontwikkeling van 'n Suid-Afrikaanse poësie waar die hele spektrum van die Suid-Afrikaanse digkuns, ongeag in watter taalmedium dit geskryf is of tot watter ras of geslag die digters behoort, kan bydra tot die verwesenliking van 'n visie van 'n demokratiese en inklusiewe samelewing.

Op pedagogiese en kurrikulêre gebied kan hierdie studie 'n bydrae lewer in die sin dat die bevindinge hiervan sal deel uitmaak van 'n multimedia poësie-program wat literêre ondersteuning aan Afrikaans-onderwysers bied. Volgens die konstitusie van Suid-Afrika (1996) het elke kind die reg om in sy eie taal onderrig te word. Dit is ook belangrik dat die leerinhoud van die nuwe kurrikulum verteenwoordigend is van beide geslagte om sodoende by te dra tot 'n holistiese ontwikkeling van alle leerders.

By die jaarlikse Letterkunde Ondersteuningkomitee (LOK), wat daarop gemik is om aan onderwysers leiding te gee ten opsigte van Letterkunde-onderrig, is die effektiwiteit van multimedia-onderrig onlangs beklemtoon. 'n Deel van die bydrae vanuit hierdie navorsing sal verwerk word tot CD-Rom-materiaal vir skole. Dit sal 'n gedeelte uitmaak van die CD Rom-materiaal wat ontwerp word deur die Universiteite Kaapstad, Wes-Kaapland, Stellenbosch en die Wes-Kaaplandse Onderwysdepartement. Dit is in wese ook 'n poging om by te dra tot opvoedkundige navorsing en om dus aan te toon hoe die werk van “swart” Afrikaanse digters 'n betekenisvolle bydrae kan lewer tot die suksesvolle implementering van 'n nuwe kurrikulum, veral ten opsigte van nasiebou en om interkulturele kommunikasie te bevorder.

In aansluiting by hierdie uitgangspunt is dit insiggewend wat Terry Winstanley (*Sunday Tribune*, 7 Mei 1989: 13) in sy resensie van *SA in poësie/SA in poetry* (1988) sê:

The result is an exciting dialogue which offers a multi-faceted view of South African literature and ideology. Because of this, the anthology must be the most useful tool developed for teaching poetry in this country in some years.

University of Cape Town

HOOFSTUK 2

LITERATUUROORSIG

Die studietema is 'n uitvloeisel van die opname van werke van “swart” digters in drie lywige versamelbundels wat sedert 1988 verskyn het, te wete *SA in poësie/SA in poetry* (1988), *Poskaarte* (1998), *Die Afrikaanse poësie en 'n duisend en enkele gedigte* (1999). Met die verskyning van *Groot Verseboek 2000* (2000) is hierdie versamelbundel ook bygebring en met genoemde bundels vergelyk, veral aangesien die inhoud daarvan verteenwoordigend is van 'n breë spektrum poësie, asook die feit dat die samesteller, A P Brink, in sy “Verantwoording” ook na bogenoemde bundels verwys as hy die kwessie van inklusiwiteit aanspreek. Ander bundels wat ook as sleutelwerke gekies is, is die volgende enkelbundels van “swart” Afrikaanse digters, asook versamelbundels wat uitsluitlik werke van “swart” Afrikaanse digters bevat:

1. Aankoms uit die skemer : Adams, N et al.
2. Advent : Petersen, P
3. amandla ngawethu : Petersen, P
4. Angsland : Willemse, H
5. Bloed vloei in stilte : Oliphant, V
6. Curriculum Vitae : Du Plessis, C
7. Die koning in die buiteland : De Wette, J
8. Dwangherfs : Marius, T
9. Gloei : Brown, F
10. IQabane labantu : Coetzee en Willemse
11. My straat en anne praat-poems : Sôls, L
12. Nuwe Stemme 1 : De Vries en Weideman
13. Ons kom van ver af : Abrahams, P W
14. Oop gemoed : Titus, M
15. Optog : Adams, W et al.
16. 'n Ordinary mens : Snyders, P

- | | | |
|-----------------------------------|---|---------------|
| 17. Phoenix | : | Brown, F A |
| 18. Reënboogstemme | : | Davids et al. |
| 19. Robbeneiland my kruis my huis | : | Anthony, F |
| 20. Riemvasmaak | : | Adams, W |
| 21. Vergenoeg | : | Petersen, P |
| 22. Waar aasvoëls draai | : | Brown, F |

SA in poësie/SA in poetry (1988), reflekteer veral die idee van inklusiwiteit deurdat dit gedigte insluit wat verteenwoordigend is van 'n wye spektrum poësie, selfs oor taalgrense heen, byvoorbeeld gedigte wat in die San en Khoi-tale geskryf is. Voorbeelde daarvan is:

1. The song of the Kwa-Kwára (bl. 4) - (San song)
2. Tsui goatse! (bl. 7) - (Khoi song)

Duitse en Nederlandse gedigte met Suid-Afrikaanse temas kom daarin voor, soos:

1. Lofdichten - Abraham Bógaert (bl. 10)
2. Abschiedslied - Chr. F Schubart (bl. 12)

Voorbeelde van Zulu prysliedere kom in hierdie bundel voor, asook vele ander gedigte in Afrikaans, "Kaaps", Engels en ander Afrika-tale. Baie Engelse en Afrikaanse gedigte deur swart digters is ook in hierdie bundel opgeneem, byvoorbeeld "Mnta Kazibani-bani" deur Sydney Sipho Sepamla (bl. 582).

Walter Oliphant (1989) sê van *SA in poësie/SA in poetry*:

The publication draws on pre-colonial San and Khoi lyrics and encompasses well over three centuries of poetry written in Zulu, Xhosa, Tswana, Dutch, English, Afrikaans and the syncretic "flaaitaal" spoken in the urban ghettos of South Africa. (*Weekly Mail*, 11 Mei 1989: 28).

Dan gaan hy voort deur te sê:

Apart from avoiding the conventions of single-language anthologies, the compilers have also spurned the aesthetics of traditional anthologists. The introduction, penned by Van Wyk and Conradie, declares: "The point of departure is no longer aesthetic, that is, not geared to the best or the most beautiful poems that have been written in a language, but to poems that give insight into ideological formations as these stand in history" (*Weekly Mail*, 11 Mei, 1989: 28).

Hierdie uitgangspunt van die samestellers is in skille kontras met D J Opperman se kriteria by die samestelling van die *Groot Verseboek* wat in die vyftigerjare verskyn het. *Groot Verseboek* het 'n halfeeu lank, soos Brink dit stel, "...so min of meer die kanon van die Afrikaanse poësie bepaal" (Brink, 2000: i). Tydens die samestelling daarvan het die klem juis geval op die estetiese.

Hoewel die samestellers van *SA in poësie/SA in poetry* probeer het om die beginsel van inklusiwiteit toe te pas, sluit sommige kritiek op hierdie bundel egter onder andere in: die feit dat so min vroue-stemme daarin gehoor word, asook die feit dat, hoewel swart tale soos Xhosa, Zulu en Tswana verteenwoordiging daarin geniet, ander swart tale grootliks uitgesluit is.

Poskaarte (Foster & Viljoen 1997), wat uitsluitlik 'n Afrikaanse bundel is, bevat 'n redelik groot volume werk van "swart" digters, maar die verteenwoordiging wat vroulike "swart" digters daarin geniet, is ook taamlik skraal. Uit die ongeveer 200 digters wie se werke hierin opgeneem is, is slegs ongeveer 30 van hulle "swart" digters (d.w.s. digters wat statutêr as Kleurling geklassifiseer word, maar wat as gevolg van 'n ideologiese keuse verkies om "swart" genoem te word) waarvan net 4 vrouens is. Ongeveer 3 digters wat statutêr as "swart" geklassifiseer word, se werke verskyn ook hierin. Met hierdie bundel het die samestellers egter gepoog om 'n wye spektrum poësie in te sluit en het hulle gefokus op "verskeidenheid" (Foster & Viljoen 1997: xxv). Dis interessant om op te let dat, soos in die "Verantwoording" in *Poskaarte*, Brink ook in sy *Groot Verseboek 2000* verwys na Opperman se "Verantwoording" in sy *Groot Verseboek* wat in die vyftigerjare

verskyn het, en spesifiek na die kriteria wat Opperman aangewend het by die seleksie van werke vir publikasie in die betrokke versamelbundel. Foster en Viljoen, sowel as Brink, wys daarop dat Opperman die klem laat val het op die estetiese en dat dit nie húl fokus was by die saamstel van hul onderskeie bundels nie.

Die bundel, *Die Afrikaanse poësie en 'n duisend en enkele gedigte* (1999) word algemeen beskou as die omvangrykste samestelling wat nog uit die Afrikaanse poësiekat gemaak is. Dit bevat werke wat dateer uit 1652 tot 1998. Dit sluit dus ook Nederlandse gedigte in, asook Afrikaanse gedigte van swart digters, soos Dikobe Mogale (Komrij, 1999: 980) se “Moegoes en Klevas” wat Engelse woorde en frases bevat, sowel as woorde en frases in Tsotsi-Afrikaans. Hierdie bundel bevat ook heelwat werke van “swart” Afrikaanse digters.

'n Goeie voorbeeld van 'n “swart” bundel wat ook tot 'n relatief groot mate inklusiwiteit reflekteer, is die bloemlesing, *IQabane labantu* (Coetzee & Willemsse 1989). Daarin verskyn werke van “swart” Afrikaanse digters, sowel as werke van digters wat onderskeidelik statutêr as “Swart” en “Blank” geklassifiseer word. Afrikaanse gedigte sowel as Engelse gedigte, gedigte wat in Standaard-Afrikaans geskryf is, sowel as in “Kaaps” (soms 'n mengsel van Engels en Afrikaans), asook gedigte wat strofes bevat wat in inheemse Afrika-tale geskryf is, is daarin opgeneem. Bowenal verteenwoordig dit 'n groot aantal werke van vroulike “swart” digters. Wat opvallend is omtrent hierdie bundel, is die datum van publikasie: 1989. Dit is insiggewend dat dit die jaar is ná die verskyning van die versamelbundel, *SA in poësie/SA in poetry* (1988), wat in der waarheid die bundel is wat saamgestel is met die oog daarop om die fundamente te lê vir 'n meer inklusiewe digkuns. Dit is prysenswaardig dat die samestellers van die bundel, *IQabane labantu* (1989), nie gras onder hul voete laat groei het nie, maar daadwerklik begin het om by te dra tot die produksie van werke wat ook inklusiwiteit betreffende taal en geslag reflekteer.

In *Die reis na Paternoster* (Willemsse et al., 1997), wat 'n samevatting is van verslae gelewer by die *Tweede Swart Skrywerssimposium* by Paternoster, word die probleem rondom die kwessie van inklusiwiteit bepreek. By hierdie simposium was die benaming

“Swart Afrikaanse Skrywers” van meet af aan die brandpunt. Dis ook hier waar daar eenparig besluit was op ’n nuwe naam vir die groep skrywers en digters wat nie tot die gevestigde groep behoort nie, naamlik “Afrikaanse Skrywersvereniging”, en dat die term “swart” weggelaat moet word omdat dit neerkom op eksklusiwiteit. Dit is uiters belangrik dat hierdie literatuur gelees word in samehang met *Swart Afrikaanse Skrywers* (Smith et al., 1986), waarin alle referate byeenbring word wat tydens ’n simposium oor swart skrywers en digters in 1985 gelewer is. By hierdie simposium was daar onder andere besluit om die term “Kaapse” met “swart” te vervang. Hierdie term funksioneer egter ook eksklusief deurdat dit “wit” digters uitsluit.

Die marginalisasie van “swart” Afrikaanse digters en die feit dat hul werke blykbaar deur die hegemonie beskou was as lae kuns, kan in samehang met *Pragmatist Aesthetics: Living Beauty, Rethinking Art* (Shusterman, R, 1992) ondersoek word. In hierdie werk van Richard Shusterman verduidelik hy hoe die besliste skeidslyn tussen hoë kuns en populêre kultuur die pynlike verdeling in die samelewing onderskryf:

My Deweyan pragmatism makes me not only critical of the alienating esotericism and totalizing claims of high art, but acutely suspicious of any essential and unbridgeable divide between its products and those of popular culture (Shusterman, R, 1992: 170).

Shusterman verduidelik voorts sy verdediging van populêre kultuur:

The strongest and most urgent reason for defending popular art is that it provides us (even intellectuals) with too much aesthetic satisfaction to accept its wholesale denunciation as debased, dehumanizing, and aesthetically illegitimate. To condemn it as fit only for the barbaric taste and dull wit of the unenlightened, manipulated masses is to divide us not only against the rest of our community but against ourselves. We are made to disdain the things that give us pleasure and to feel ashamed of the pleasure they give (ibid.).

Die fenomeen van marginalisasie van vrouens word ondersoek aan die hand van selektiewe verslae wat verskyn in *Women feminist identity and society in the 1980's* (Diaz-Diocaretz & Zavala, 1985) waarin Myriam Diaz-Diocaretz byvoorbeeld onder die afdeling “Semiotic

Theory: sexuality and Culture”, die posisie van swart Noord-Amerikaanse vroue-digters in die semiotiek van kultuur bespreek. Vir hierdie doel is die tydskrif, *Karring* (Volumes 1-15, 1990-1999), ook van onskatbare waarde, aangesien belangrike uitlatings deur vroulike “swart” Afrikaanse digters met betrekking tot *gender*-diskriminasie daarin gepubliseer is. Ook uittreksels uit onderhoude deur Diana Ferrus gevoer met uitgewers en “swart” vroue-digters word hier aangehaal om standpunte uit beide hierdie kampe te analiseer.

Homi Bhabha se *Location of culture* (1994) word as hoofbron gebruik vir ’n ondersoek na postkolonialisme, terwyl Bart Moore-Gilbert se *Postcolonial Theory: Contexts, Practices, Politics* (1997) vir kritiek en refleksie op postkoloniale teorie gebruik word. Myriam Diaz-Diocaretz & Iris Zavala se *Women feminist identity and society in the 1980's* (1985) word as hoofbron gebruik vir ’n ondersoek na *gender*-kwessies.

Ander literatuur wat in hierdie studie geraadpleeg word, is:

1. SIMPOSIA : Verslae van die eerste en tweede swart skrywerssimposia wat onderskeidelik aan die Universiteit van Wes-Kaapland en te Paternoster gehou was, is van onskatbare waarde.
2. SEMINARE : Verslae van letterkunde-seminare gepubliseer in die tydskrif *Karring*, ’n publikasie van die Universiteit van Wes-Kaapland.
3. TESISSE :
 1. Steward van Wyk se D. Litt-verhandeling, getiteld *Adam Small: Apartheid en skrywerskap* (1999), is insiggewend in die sin dat dit onder andere insig bied op die noodsaaklikheid van die uitbreiding van die kulturele produksie van swart Afrikaanse skrywers, asook die teorie rondom ’n toekomsvisie.
 2. P J J Conradie se D. Litt-verhandeling, getiteld *Die poëtiese teken as intertekstuele kruispunt van die geskiedenis en meer spesifiek geslag in die Antjie Krog-teks* (1991), waarin hy op geslagtelikheid fokus.

3. Diana Ferrus se honneursskripsie getiteld *Swart Afrikaanse vroueskrywers: Ontluikende talent of gemarginaliseerde skrywers?* (1999) wat uitsluitlik handel oor die *gender*-kwessie en veral m.b.t. vroulike “swart” digters.

4. ANDER MATERIAAL: Resensies, transkripsies van onderhoude en ander materiaal aangevra van “Die Nasionale Afrikaanse Letterkunde Navorsingsinstituut” (NALN). Hieruit word materiaal geselekteer wat ’n insig kan bied op die posisie van swart Afrikaanse digters en hul letterkundige geskiedenis.

University of Cape Town

HOOFSTUK 3

METODOLOGIE EN TEORETIESE BENADERING

3.1 Inleiding

In hierdie studie word 'n intertekstuele leesstrategie gebruik. Ter verduideliking van hoe daar met die ondersoekmateriaal te werk gegaan word, word hierdie leesstrategie oorsigtelik bespreek.

As teoretiese benadering het hierdie ondersoek as fokuspunt die hoë/lae-kuns digotomie, die meganisme van insluiting en uitsluiting, die kwessie van identiteit, asook 'n *gender*-teorie. In aansluiting by hierdie benaderings word sekere aspekte van postkolonialisme en die kritiek daarop, bespreek, aangesien die studie onderneem word teen die agtergrond van Homi Bhabha (1994), postkoloniale teoretikus, se verwysing na 'n toekomsvisie.

Aangesien die konsep "inklusiwiteit" sentraal staan binne 'n demokrasie, word die belang daarvan in letterkundige verband ondersoek. Ten einde vas te stel wat die standpunte van "swart" Afrikaanse digters is met betrekking tot 'n inklusiewe Suid-Afrikaanse digkuns, word vraelyste aan sommige "swart" digters gestuur, terwyl informele persoonlike gesprekke, telefoongesprekke en e-pos-onderhoude met ander gevoer word.

Vorige debatvoering tussen "wit" en "swart" Afrikaanse digters en skrywers word ook ontleed om 'n duideliker beeld te kry van presies wát die sentimente is wat verwoord word betreffende inklusiwiteit.

3.2 'n Intertekstuele leesstrategie

'n Intertekstuele leesstrategie word hier gebruik sodat verskillende tekste met gemak met mekaar in gesprek geplaas kan word. Hierdie leesstrategie maak dus 'n dialogiese verhouding tussen die tekste wat betrek word, moontlik.

Intertekstualiteit is 'n term wat van die Franse woord *intertextualité* afgelei is en oorspronklik deur Julia Kristeva ingevoer is. Dit is ook gou deur teoretici, kritici en ander akademiese gebruik en uitgebrei. In Kristeva se *Desire in Language: A Semiotic Approach To Literature and Art* (1987), (uit Frans vertaal), word die konsep soos volg verduidelik:

It has nothing to do with matters of influence by one writer upon another, or with the sources of a literary work; it does, on the other hand, involve the component of a *textual system* such as the novel, for instance. It is defined in *La Révolution du langage poétique* as the transposition of one or more *systems* of signs into another, accompanied by a new articulation of the enunciative and denotative position. Any SIGNIFYING PRACTICE (*q.v.*) is a field (in the sense of space traversed by lines of force) in which various signifying systems undergo a transposition (Kristeva, J., 1987: 15).

Intertekstualiteit is 'n waardevolle teoretiese konsep, want dit “relates the singular text principally to other systems of representation rather than to an amorphous ‘context’ anointed with the dubious status and authority of ‘the real’ or the ‘reality’” (Stam et al., 1992: 205).

In *New Vocabularies in film semiotics* (Stam et al., 1992) word verwys na die “deep generating series” (Stam et al., 1992: 205), 'n konsep wat deur Bakhtin (Stam et al., 1992) gebruik word in verwysing na “the complex and multi-dimensional dialogism, rooted in social life and history, comprising both primary (oral) and secondary (literate) genres, which engendered literature as a cultural phenomenon” (ibid.). Bakhtin word ook in hierdie werk aangehaal as hy skryf dat die “semantic treasures Shakespeare embedded in his works”(...):

...were created and collected through the centuries and even millennia: they lay hidden in the language, and not only in the literary language, but also in those strata of the popular language that before Shakespeare's time had not entered literature, in the diverse genres and forms of speech communication, in the forms of a mighty national culture (primarily, carnival forms) that were shaped through millennia, in theatre-spectacle genres (mystery plays, farces, and so forth) in plots whose roots go back to prehistoric antiquity, and, finally, in forms of thinking (Stam et al., 1992: 205).

3.3 Hoë kultuur en lae/populêre kultuur

Werke wat in Kaaps geskryf is, word nog steeds as randgebiedpoësie beskou, hoewel dit geleidelik besig is om as deel van die sogenaamde hoë kuns aanvaar te word. Opvoerings van “oral poets” en werke geskryf in variante van Afrikaans, soos Ghoema, word egter nog steeds beskou as lae/populêre kuns, veral deur sommige intellektuele kritici. Dit blyk veral duidelik uit Prof. Hein Willemse (*Insig*, Junie 1998) se resensie van Loit Sôls se bundel *My straat en anne praatpoems* 1998):

Die meeste dialekverse beskryf in 'n oorbekende formule kleurrike, afvallige karakters wat rondwroet in 'n gewaande vreemde leefwyse. Soos so dikwels word die komieklieke alreeds vooropgestel in die ortografiese voorstelling van die taalvariëteit. Die voorstelling is nie 'n fonetiese transkripsie van spreektaal nie, maar 'n pseudo-representasie, 'n sinjaal vir die curiositeit en die komieklieke.

Willemse meen egter dat hierdie “praatpoems” (*Insig*, Junie 1988) van Sôls as mondelinge opvoerings uiters suksesvol behoort te wees, maar dit slaag nie as geskrewe poësie nie.

Loit Sôls sê egter dat hy in die eerste plek 'n *performance poet* is. Hy gebruik Ghoema omdat hy praat van die mense in sy buurt en dit is die taal wat hulle gebruik.

Krog (1989) praat ook van die “status van die gedrukte en geskrewe woord” (*Die Suid-Afrikaan*, Augustus, 1989: 42) in haar verwysing na oorvertel-poësie:

Alhoewel Suid-Afrika ryk is aan 'n pragtige skat oorvertelpoësie, het die misleide skoling en die status van die gedrukte en geskrewe woord poësie tot 'n elitistiese beroep verskraal waar die talent van die digter of sanger nie meer daarin lê om hier en nou te betower nie, maar die digter ineens homself moet handhaaf teen eeue voor hom op papier. Hoewel die mense nie meer sy werk verstaan of lees nie, bly hy op papier aan't skryf. So word die oerstam van poësie, die onmiddellike gesproke woord, geïgnoreer (*Die Suid-Afrikaan*, Augustus 1989: 42).

In sy *Pragmatist Aesthetics* (Shusterman, R, 1992) verdedig Richard Shusterman populêre kuns. Hy spreek hom veral sterk uit teen die denigrasie daarvan deur estetici en teoretici. Hy begin byvoorbeeld die hoofstuk getiteld *Form and Funk: The Aesthetic Challenge of Popular Art*, soos volg:

Popular art has not been popular with aestheticians and theorists of culture, at least not in their professional moments. When not altogether ignored as beneath contempt, it is typically vilified as mindless, tasteless trash.(1) The denigration of popular art or mass culture (the debate over the proper term is significant and instructive) (2) seems particularly compelling since it is widely endorsed by intellectuals of violently different socio-political views and agendas (Shusterman, R, 1992: 169).

In sy verdediging waarom dit so moeilik is om populêre kultuur teen sy intellektuele ktritici te verdedig, sê Shusterman (1992: 172):

Finally, perhaps the greatest problem is the tendency in intellectual discourse for the term “aesthetic” to be appropriated exclusively as a term of high art and sophisticated style, as if the very notion of a popular aesthetic were almost a contradiction in terms. This tendency has prevented some who are sympathetic to popular needs for culture and who see through the “disinterested”, “non-commercial” ideology of high culture from recognizing the existence of a popular aesthetic that is not wholly negative, dominated, and impoverished.

Bourdieu (Shusterman, R, 1992) se opvatting van populêre kuns word ook deur Shusterman (1992) bespreek. Hy sê byvoorbeeld:

Since popular art affirms the “continuity between art and life, which implies the subordination of form to function” (D 32), Bourdieu concludes that it cannot count as legitimate art. It cannot be aesthetically legitimated by any so-called popular aesthetic, because such an aesthetic, Bourdieu argues, is not worthy of the name. First, because this aesthetic is never consciously and positively formulated (“for itself”), but merely serves as “a negative reference point” for the legitimate life-opposing aesthetic to define by contrast (D4, 41,57); because by accepting real-life concerns and pleasures and thus challenging art’s pure autonomy, the popular aesthetic is disqualified as essentially opposed to art and as engaged in a “systematic reduction of the things of art to the things of life” (D5) (Shusterman, R, 1992: 193).

Shusterman sê egter dat “these anti-functionalist arguments against popular art all hang on the premise that art and real life should be essentially opposed and separated” (1992: 194). Dan gaan hy voort deur te vra:” But through a hoary dogma of aesthetic philosophy, why should this view be accepted?” en meen hy dat “...its provenance and motivation should certainly make us suspicious”(ibid.).

Shusterman sê voorts:

Originating in Plato's attack on art as doubly removed from reality, it has been sustained by a philosophical tradition which was always eager, even in defending art, to endorse its distance from the real, so as to ensure philosophy's sovereignty in determining reality, including the real nature of art" (ibid.).

3.4 Postkoloniale perspektiewe

Een belangrike punt van kritiek teen postkolonialisme is die invloed van die sogenaamde Franse of Europese 'hoë' kultuur op postkoloniale teorie.

Die terme *post-kolonialisme* en *postkoloniale teorie* blyk egter taamlik problematies te wees soos blyk uit Godfrey Meintjies (1998) se peiling van hierdie terme. Hy omskryf hierdie probleem soos volg:

Die begrip *postkolonialiteit* het in die onlangse verlede, ook binne die Afrikaanse literêre diskoers, 'n toenemend hoër gebruiksfrekwensie verkry. Tog bly dit 'n moeilik omskryfbare begrip, omdat binne die breë diskoers 'n magdom verskillende benaderingswyses en 'n veelheid van aksente figureer (*Karring* 14, 1998: 28).

In die postkoloniale diskoers word primêr daarop gefokus om alle vorme van kolonialisering te ondermyn en, hoewel postkoloniale teoretici uiteenlopende aspekte daarvan beklemtoon, is daar een fundamentele aspek wat sentraal binne hierdie diskoers staan, naamlik: "...a wholesale critique of Western structures of knowledge and power..." (Mongia 1996: 2, aangehaal deur Meintjies in *Karring* 14, 1998: 29), soos ook wel blyk uit die verskillende opvattinge wat Meintjies aanhaal, onder andere die volgende:

In haar teks *Colonial & Postcolonial Literature* omskryf Elleke Boehmer (1995: 3) die begrip *postkolonialiteit* soos volg: "Rather than simply being the writing which 'came after empire', *postcolonial* literature is that which critically scrutinizes the colonial relationship. It is writing that sets out in one way or another to resist colonial perspectives. As well as change in power, decolonization demanded symbolic overhaul. To give expression to the colonized experience, post-colonial writers sought to undercut thematically and formally the discourses which supported colonization - the myths of power, race classification, the imagery of subordination" (*Karring* 14, 1998: 29).

In die lig van bogenoemde opvatting is dit derhalwe noodsaaklik om opinies van teoretici met betrekking tot hierdie diskoers aan te haal, byvoorbeeld Homi Bhabha se opvatting van postkoloniale perspektiewe en hoe dit ontstaan het:

Post-colonial perspectives emerge from the colonial testimony of Third World countries and the discourses of 'minorities' within the geopolitical divisions of East and West, North and South. They intervene in those ideological discourses of modernity that attempt to give a hegemonic 'normality' to the uneven development and the differential, often disadvantaged, histories of nations, races, communities, peoples. They formulate their critical revisions around issues of cultural differences, social authority, and political discrimination in order to reveal the antagonistic and ambivalent moments within the 'rationalizations' of modernity (Bhabha, H, 1994: 171).

Van Wyk (1999) wys egter op Bhabha se diskoers as "...deurspek met paradoksale en 'oop' terme soos ambivalensie, diskontinuiteit, disseminasie, grens(lyn), hibriditeit, liminaal, marginaal, onderhandeling, oorgang, performatief wat beskrywend van sodanige tekste wil wees en waardeur die veranderende en wankelende aard van die koloniale situasie gesuggereer word" (Van Wyk, S, 1999: 27). Volgens Van Wyk (1998) het die term "postkolonialisme" ook 'n "... te wye omgang en as sodanig versmelt dit 'n verskeidenheid van uiteenlopende situasies onder 'n vae gemeenskaplikheid..." (*Stilet*, Jg. 10 (1) Maart 1998: 121) deurdad "... die spesifisiteit van die koloniale situasie van onderdrukking en diskriminasie genegeer word en daarmee saam die ongelyke geleentheid wat die gekoloniseerde in die skep van 'n letterkunde gehad het" (ibid.).

Die onderskeid tussen postkoloniale teorie en postkoloniale kritiek word baie duidelik uiteengesit in Bart Moore-Gilbert se boek, getiteld *Postcolonial Theory: Contexts, Practices, Politics* (1997). Hy wys onder andere daarop hoedat postkoloniale teorieë van onder andere Homi Bhabha, Gayatri Spivak en Edward Said tot 'n groot mate gevorm was deur metodologiese affiliasie tot Franse 'hoë' teorie. Volgens Moore-Gilbert is dit die 'indringing' van Franse 'hoë' teorie in postkoloniale analise wat dalk die hewigste debat van die vele huidige kritiese debatte veroorsaak het. Hoewel Moore-Gilbert dit duidelik maak dat hy nie voorstel dat daar 'n absolute verdeling tussen teorie aan die een kant en

toegepaste kritiek aan die ander is nie, aanvaar hy tog die min of meer eksplisiete verdeling wat tussen postkoloniale teorie aan die een kant en die breër veld van postkoloniale kritiek aan die ander kant gekonstrueer was.

Moore Gilbert noem name soos Chinua Achebe, Wole Soyinka en Wilson Harris as mees prominente kritici van postkolonialisme en verduidelik hoe postkoloniale kritiek, in assosiasie met ander relatief onlangse kritiese diskoerse, so uiteenlopend soos feminisme en dekonstruksie, "... significantly altered the modes of analysis which were dominant within the discipline in the period from 1945 to 1980" (Moore-Gilbert, B, 1997: 8):

Configurations such as 'colonial discourse analysis' insist upon the importance of studying literature together with history, politics, sociology and other art forms rather than in isolation from the multiple material and intellectual contexts which determine its production and reception. In related fashion, postcolonial criticism has challenged hitherto dominant notions of the autonomy of the aesthetic sphere, helping to gain acceptance for the argument, advanced on a number of fronts since the 1960's especially, that 'culture' mediates relations of power as effectively, albeit in more indirect and subtle ways, as more public and visible forms of oppression (ibid).

Moore-Gilbert gee ook 'n breedvoerige uiteensetting van die oorsake van die huidige kritiese debat rondom postkoloniale teorie. Hierdie kontroversies rondom postkoloniale teorie blyk egter uiterstes van beide goedkeuring en afkeuring tot gevolg te hê.

Moore-Gilbert (1997) stel sy standpunt daaromtrent onomwonde, veral as hy verduidelik hoe postkoloniale kritiek bygedra het tot die bevraagtekening van die onderskeid tussen 'hoë' en 'populêre' kultuur:

Moreover, postcolonial criticism has contributed to the interrogation of received distinctions between 'high' culture and 'popular' culture which has been such a feature of cultural criticism more generally in recent decades (Moore-Gilbert, B, 1997: 8).

3.5 Meganisme van insluiting en uitsluiting

Daar is genoegsame bewys dat die werke van “swart” Afrikaanse digters reeds vanaf die begin tot op die rand uitgestoot was deur die hegemoniese groep. Een van die redes wat gewoonlik deur uitgewers aangevoer was vir die afwysing van werke van hierdie digters, is dat die soort poësie nie voldoen aan estetiese letterkundige vereistes nie. Die vraag ontstaan dan: Wat is estetiese norme en wie bepaal wat is estetiese norme aldan nie? Hierdie vraag is nie beperk tot die Suid-Afrikaanse situasie nie, intendeel; dit blyk dat dit ’n universele fenomeen is, veral as ’n mens in aanmerking neem wat Diaz-Diocaretz hieromtrent te sê het:

In order to understand why a text by a Black poet has many times suffered transference into the category of non-artistic text in mainstream culture because it does not satisfy specific aesthetic requirements, I find it necessary first to realize we have at work here the mechanism of culture out of which “the minimal unit on any given level” is the opposition “culture-extra-cultural space” (Lotman 1975:59-60). Equally important, this phenomenon requires our re-thinking of *who* defines culture and from *which locus*; it demand our re-examination of how this cultural “we” (an individual, a community) as subject of a given delimited sphere, re-defines itself and thereby determines what *is* to be *included* and *excluded* within or without its boundaries (Diaz-Diocaretz & Zavala 1985: 39).

Diaz-Diocaretz noem voorts dat literatuur een van die maniere is waarop estetiese inligting oorgedra word en verduidelik hoe sommige kulture hul bestaan op sekere tekste baseer, hierdie tekste as modelle beskou en dit wat nie geskik is vir nabootsing nie, tot op die rand uitstoot.

Adam Small se werke is ’n treffende voorbeeld hiervan, want, hoewel hy meestal geskryf het in die dialek van “Kleurlinge”, ’n dialek wat ’n mindere status as Standaard-Afrikaans geniet, was sy werke tog nog altyd in Afrikaanse literêre kringe oorwegend as hoë kuns aanvaar, soos F I J van Rensburg (1966) sy debuutdrama *Kanna hy kô hystoe* beoordeel: “Met **Kanna hy kô hystoe** het Adam Small een van die boeiendste toneelwerke in Afrikaans geskryf” (*Volksblad*, Augustus 12, 1966). Jan Rabie (1961) sê byvoorbeeld van hierdie bundel van Small: “I shall be surprised if living South Africans find nothing more

Africans find nothing more than beautifully-produced pages to stir them in 'Kitaar my Kruis'".

Shusterman wys ook daarop hoe die geskiedenis leer dat die populêre vermaak van enige gegewe tydperk die hoë klassieke kultuur van 'n daaropvolgende era kan word, maar dat dit ook in dieselfde tydperk as beide beoordeel kan word:

Indeed, even within the same cultural period, a given work can function either as popular or as high art by its public. In nineteenth-century America, Shakespeare was both theater and vauderville (Shusterman, R, 1992: 169).

Van Wyk raak ook hierdie punt aan in sy ontleding van Adam Small (Van Wyk, S, 1999) se werk en merk tereg op dat, hoewel Small in Kaaps skryf, sy werk oorwegend positief geëvalueer word deur die establishment omdat dit voldoen aan literêre en estetiese vereistes. Van Wyk meen egter dat, selfs al word Small se werk hoofsaaklik positief geëvalueer en beantwoord dit aan estetiese en literêre norme, word "...die teks dikwels ook gereduseer tot 'n ras of etniese dokument en sou dit insig gee in die leefwyse van die groep waartoe die outeur behoort" (Van Wyk, S, 1999: 3).

Diaz-Diacaretz sê ook voorts:

...every culture and its corresponding mechanism tend toward expansion and extension of its limits and implicit in the statement of what belongs to culture and what belongs to the extracultural sphere is the antinomy of chaos and order, or organization and non-organization" (Diaz-Diacaretz & Zavala 1985: 39).

3.6 Teorie met betrekking tot identiteit

Wat die kwessie van identiteit betref, word uitlatings van rolspelers in hierdie verband nagegaan en vergelyk met wat in die praktyk gebeur. Dit is moontlik deur byvoorbeeld na te gaan wie se werke in versamelbundels opgeneem word en by watter publikasiehuise die onderskeie "swart" digters publiseer.

Aangesien dit blyk dat daar meningsverskille binne die geledere van “swart” Afrikaanse digters bestaan, word hierdie botsende ideologiese, politieke en filosofiese oortuiginge gebruik as instrument van analise deurdat daar gepoog word om vas te stel wie watter standpunte huldig en hoe hierdie ideologieë hul posisie beïnvloed.

Nog ’n belangrike rede vir die skynbare huiwering by “swart” Afrikaanse digters om by die gevestigde groep aan te sluit, kan dalk toegeskryf word aan die feit dat dit by hulle ’n stryd geword het om hulself en hul kulturele identiteit te redefinieer. Homi Bhabha (1993) belig byvoorbeeld sekere aspekte van “living on the borderline of the ‘present’”(Bhabha, H, 1993: 1) as hy sê: “There seems to be no proper name other than the current and controversial shiftiness of the prefix ‘post’: *postmodernism*, *postcolonialism*, *postfeminism*(...)” (Bhabha, H, 1993: 1). Met betrekking tot die “beyond” wat nóg ’n nuwe horison, nóg ’n agterlaat van die verlede is, sê hy:

Beginnings and endings may be the sustaining myth of the middle years; but in the *fin de siècle*, we find ourselves in the moment of transit where space and time cross to produce complex figures of difference and identity, past and present, inside and outside, inclusion and exclusion. For there is a sense of disorientation, a disturbance of direction, in the ‘beyond’: an exploratory, restless movement caught so well in the French rendition of the words *au-delà* - here and there, on all sides, *fort/da*. Hither and thither, back and forth” (ibid.).

Hierdie huiwering by “swart” digters kan dalk beskou word as dat hulle hul tans bevind in ’n oorgangsfase waar, soos Bhabha daarna verwys, “space and time cross to produce complex figures” (ibid.) van verskil en identiteit, verlede en hede, binnekant en buite, insluiting en uitsluiting. In hierdie studie word derhalwe ook aan hierdie aspekte aandag gegee, veral aangesien dit blyk dat daar binne die geledere van “swart” digters heelwat uiteenlopende ideologieë bestaan wat identiteit betref.

3.7 Teorie met betrekking tot *gender*

Hierdie deel van die ondersoek gaan van die veronderstelling uit dat daar nog steeds teen vroulike “swart” Afrikaanse digters gediskrimineer word. Hier word ook verwys na diskriminasie deur manlike uitgewers en “swart” Afrikaanse digters.

Die teorie betreffende die *gender*-kwessie sluit aan by die hedendaagse teorie van *gender*-gelykheid. Engelse en Amerikaanse feministiese kritici het alreeds gedurende die sewentigerjare begin worstel met die opvatting dat vroulike skrywers stemloos was en grootliks uit die literêre geskiedenis uitgesluit was. Daar het by hulle 'n begeerte ontstaan om vas te stel presies wat dit behels om vroulik te wees en het begin om status en erkenning vir vroulike skrywers te eis. Die doel was egter nie eenvoudig om vroue binne die manlike tradisie in te pas nie, maar ook om die geskiedenis van 'n tradisie onder vrouens self te skryf, soos daar verwys word in die inleidingshoofstuk van *Feminist literary theory* (Eagleton, M, ed., 1986: 1). Eagleton wys ook daarop hoedat die uitbreiding van feministiese literêre kritiek, veral in Amerika, die kursusse oor skryfwerk van vroue en die totstandkoming van feministiese publikasiehuise of feministiese lyste binne bestaande huise 'n nuwe uitgebreide werkgebied vir lesers ingelei het. Onderwysers kon nie meer die argument van "'n tekort aan materiaal" gebruik om die afwesigheid van werke van vroulike skrywers te probeer verklaar nie.

Eagleton bevraagteken ook die gebruik van die term "movement", wat so dikwels deur feministe gebruik word. Hierdie term suggereer naamlik 'n bestendige en deurlopende ontwikkeling in die skryfwerk van vroue. Showalter (Eagleton, M, ed., 1986: 2) noem die "holes and hiatuses" (ibid.), die afwesigheid en gapinge wat onderbrekings in daardie geskiedenis veroorsaak het. Sy stem naamlik saam met Germaine Greer (ibid.) dat vroulike skrywers neig om makliker van die literêre geskiedenis te verdwyn, wat dan tot gevolg het dat hul susters sukkel om die verlore tradisie te rekonstrueer. Tweedens oorweeg Showalter dat die gedagte van 'n "female imagination" (ibid.) die opvatting van "... a deep basic and inevitable difference between male and female ways of perceiving the world" (ibid) kan bevestig. Sy sê voorts:

Such 'essentialists' or 'biologistic' belief imply that there is something intrinsic in the experience of being female and thus render gender biological rather than cultural; they tend to privilege gender at the expense of class or race; and they can too easily become ahistorical and apolitical, presuming an unproblematic unity among women across culture, class and history (ibid.).

Gender verwys na die kulturele konstruksie van vroulikheid en manlikheid, terwyl geslag 'n anatomiese feit is. *Gender*-teorieë skep die debat wat bydra tot die bevraagtekening van toegerekende en aanvaarbare posisies en voorafbepaalde, soms rigiede, rolverdelings, naamlik die wyse waarop 'n samelewing geslagsrolle vaslê.

Adam Small (Hoofstuk 7) vat hierdie universaliteit wat opgesluit lê in die toegerekende en aanvaarbare posisie en rol van die vrou, baie effektief saam as hy sê:

Nee, “begrip” vir die situasie van vroue in ons samelewing – wêreld-samelewing – is nie genoeg nie. Maar dis 'n allemintige her-opvoeding van die mensdom wat wêreldwyd op ons wag, wég van die patriargisme. En dis natuurlik nie net digters en skrywers se werk nie.

En weer eens, ja, die kerk het met dit alles veel te doen! Terwyl God voorgehou word as “die Almagtige Vader”, lê daar probleme op ons pad. Sou God egter as 'n “Almagtige Moeder” gestel word, eweseer! Wat dan?

Hier word ook van die veronderstelling uitgegaan dat, net soos elke kultuur sy meganisme van insluiting en uitsluiting uitoefen, “swart” Afrikaanse digters en uitgewerye hulle ook hieraan skuldig maak. Die begeerte van die dominante kultuur, hier die gevestigde digkuns, om *nie-bestaande* groepe opsetlik (of toevallig?) te vergeet, blyk ook in die “swart” Afrikaanse digkuns gemanifesteer te word.

Die vrae wat hier ontstaan, is: Kan die verskynsel dat daar nog steeds net 'n beperkte aantal werke van vroulike “swart” digters gepubliseer is, daaraan toegeskryf word dat hulle net eenvoudig nie skryf nie, of word daar nog steeds deur uitgewers teenoor hulle gediskrimineer?

HOOFSTUK 4

'N GEMEENSKAPLIKE SUID-AFRIKAANSE DIGKUNS?

4.1 Inleiding

As gevolg van die problematiek rondom die terme “Kaaps” en “swart”, word in hierdie hoofstuk ’n historiese oorsig gegee van hierdie nomenklature om die konteks te verduidelik waarin hulle funksioneer in verwysing na die groep digters wat statutêr as “Kleurling” geklassifiseer word.

Die titel van hierdie studie is op sigself problematies, aangesien dit kan suggereer dat “swart” skrywers ’n entiteit op hul eie is. Hierdie problematiek lei uiteraard tot heelwat probleme betreffende die terminologie. Hier volg dus ’n kort verduideliking van die terme “Kaaps” en “swart” soos dit in hierdie studie voorkom.

1. “Kaaps” : Dit is die variant van Afrikaans wat hoofsaaklik op die Kaapse Vlakte en omliggende dele gepraat word deur die groep mense wat statutêr as Kleurlinge geklassifiseer word, derhalwe dus die benaming “Kaapse digters”. Die benaming dui egter op ’n vorm van eksklusiwiteit deurdat dit die res van die Suid-Afrikaanse gemeenskap wat nie deel van genoemde groep uitmaak nie, uitsluit.
2. “Swart” : Dit is die benaming wat, as gevolg van ’n ideologiese keuse, soms in plaas van “Kaaps” gebruik word. Dit sou nie heeltemal korrek wees om te sê dat die term “swart” die term “Kaaps” vervang het nie, aangesien laasgenoemde term nog steeds baie dikwels gebruik word. Die benaming “swart” funksioneer ook tot ’n groot mate eksklusief, in die sin dat dit diegene uitsluit wat statutêr as Blank geklassifiseer word.

4.2 'n Historiese oorsig op terme “Kaapse digters” en “Swart digters”

In *Literatuur en Apartheid* (Gerwel, J, 1988) som Jakes Gerwel, skrywer en akademikus, die probleem rondom vroeëre terminologie effektief op in sy verduideliking van die ideologiese konnotasies van die gebruik van groepsterme soos “Afrikaner”, “Nie-blank”, “Kleurling”, “Bantoe”, ensovoorts. Wat die benaming “Kleurling” betref, is hy onder andere die volgende mening toegedaan:

Van al die terme hierbo vermeld, is veral die term “kleurling” ’n hoogs kontroversiële een. Veral onder die intellektuele en para-intellektuele wat volgens wet tot dié kategorie gereken word, is daar ’n voortdurende debat oor die bestaan van so ’n groep. Andersyds is daar diegene wat, selfs indien die bestaan van ’n identifiseerbare groep toegegee word, die term “kleurling” as sodanig onaanvaarbaar en selfs afstootlik vind (Gerwel, J, 1988: 19).

Voorts merk Gerwel op:

Gekleurde persone, in bogenoemde sin, vorm geen homogene groep nie, hoogstens ’n statutêr-bepaalde kategorie waarvan die lede hulself ook nie as ’n eenheid ervaar nie. Die heterogeniteit van die kollektiwiteit is sy uitstaande kenmerk en dit is veral ander groepe, in besonder die Afrikaner, wat gekleurdes as ’n entiteit beskou en behandel (ibid.).

Na aanleiding van voortdurende debatte met betrekking tot die benaming “Kleurling”, wys Gerwel ook daarop hoedat die term “swart” twee teenstrydige gebruikswyses in Suid-Afrika gehad het, naamlik ’n amptelike en ’n populêre gebruikswyse. In *Literatuur en Apartheid* (1988) verduidelik Gerwel hoedat die term “swart” soms aangewend word as teenstellend met “wit” / blank. Sodanige teenstelling kom daarop neer dat “Kleurling” ideologies onder “swart” geklassifiseer word. Dit is dus die populêre gebruiksterm. Meer spesifiek, dus amptelik, verwys die term “swart” na daardie deel van die Suid-Afrikaanse gemeenskap wat in die ou Apartheidsbedeling as “Bantoe” geklassifiseer was.

Die term “Kaapse digters” word hoofsaaklik aangewend in verwysing na digters wat statutêr as Kleurlinge geklassifiseer word, ongeag of hulle in Kaaps skryf en of hulle van

die Kaapse vlakte of omliggende gebiede is, aldan nie. Dit, op sigself, is ook problematies, veral as daar gekyk word na die onderskeie definisies van “Kaaps”.

1. Adam Small, bekende digter, skrywer, dramaturg en filosoof sê die volgende van “Kaaps”:

Hoe het ek dit jare laas al probeer sê in ’n “Nawoord” by die verse van *Kitaar my Kruis*. Ek haal maar aan: “...Kaaps is nie wat sekere Engelse mense van Suid-Afrika Capey noem nie, en ook nie wat sekere Afrikaanse mense Gammattaal noem nie. Kaaps is ’n taal in die sin dat dit die volle lot en noodlot van die mense wat dit praat, dra: hulle volle lewe ’met alles wat daarin is’; ’n taal in die sin dat die mense wat dit praat, hul eerste skreeu in die lewe skreeu in hierdie taal. Al die transaksies van hul lewens beklink in hierdie taal, en hul doodsroggel roggel in hierdie taal” (*Die Burger*, 22 Julie 1995: 4).

Small blyk naamlik geen voorbehoude te hê wat sy definisie van “Kaaps” betref nie. Volgens hom is “Kaaps” ’n volwaardige taal.

2. In ’n referaat deur Van de Rhee (Smith et al., 1986) gelewer by ’n simposium vir “Swart Afrikaanse Skrywers”, beskryf hy “Kaaps” soos volg:

Kaapse Afrikaans word in hierdie referaat gesien as die omgangstaal, die vernakulêr, wat in die Kaap en omliggende plekke gepraat word. Dit is die taalvorm wat veral voorkom by die bevolkingsgroep wat statutêr as Kleurlinge geklassifiseer word (Smith et al., 1986: 34).

en:

In teenstelling met die afwysende houding teenoor Kaapse Afrikaans is daar by persone wat veral deel is van die werkersklas ’n toenemende positiewe gesindheid ten opsigte van die Kaapse dialek. Dit is die dialek waarin hulle hulself kan laat geld; dit is die dialek waarin hulle effektief uiting gee aan ontberinge en lyding; dit is die dialek waarin hulle hul diepste gewaarwordinge verwoord; dit is die dialek waarin hulle blymoedig verkeer; dit is ook die dialek waarin hulle heftig uiting gee aan hul politieke frustrasies. Die dialek dien as teken van solidariteit, dit dien as teken van lojaliteit (Smith et al., 1986: 38).

Die ooglopende teenstrydighede binne hierdie definisies is dat daar enersyds na “Kaaps” as ’n taal verwys word en andersyds as ’n dialek. Dit, op sigself, behoort interessante navorsingsmateriaal te bied, maar hierop word daar nie in hierdie studie ingegaan nie.

Dit is egter juis hierdie definisies wat later bydra tot die problematiek rondom die gebruik van genoemde terme, want sommige digters wat ook as “Kaapse digters” beskou word, skryf hoofsaaklik in Standaard-Afrikaans en ’n groot persentasie van die wat wel “Kaaps” in hul digkuns aanwend, is ook glad nie van die Kaapse Vlakte of omliggende gebiede nie.

Die titel van die versamelbundel *Ons kom van ver af* (1995) is veelseggend in hierdie opsig. Die titel kan naamlik letterlik geïnterpreteer word as bedoelende dat hierdie digters hoegenaamd nie van die Kaapse vlakte is nie, aangesien ál die digters wie se werke hierin opgeneem word, sonder uitsondering van kleiner dorpe soos Wellington en Worcester kom. Hoewel sommige van hulle wel in Kaapstad en omgewing gebore is, het hulle nie daar opgegroeï nie. Dit skemer ook baie duidelik deur in hul gedigte, wat oorwegend in Standaard-Afrikaans geskryf is, dat hulle nie met “Kaaps” as spreektaal grootgeword het nie. Dit blyk veral uit van hul werke waar hulle wel “Kaaps” aanwend, want die gedeeltes wat wel in “Kaaps” verskyn, is baiekeer “lomp” en nie juis soos ’n spreker van “Kaaps” dit sou gebruik nie.

Dit is byvoorbeeld baie duidelik dat André Boezak nie “Kaaps” as omgangstaal gebruik nie, aangesien sy weergawe daarvan in sy gedigte plek-plek taamlik onnatuurlik en gedwonge is. ’n Ware spreker van “Kaaps” wat byvoorbeeld sê “kombys” in plaas van die Standaard “kombuis”, sal byvoorbeeld nie in dieselfde gesprek praat van “huis” soos in die gedig, “G’n decent gebed”, nie:

Here
my gebed, issie in ’n decent
Afrikaans
niks fensie beelde, en
bekskaaf woore

ek praat soema never-maaind soes innie
huis
lat ek kan sê wat koek innie hart se
kombys

Daam gat U ve'staan as ek sê
Here
my liewe is dêm dee'mekaa'
vat my annie hand
'seblief
cause os woon innie nuwe land
en ekke sukkel nog om my broe
oor giste te vergief
(Abrahams et al., 1995: 66)

'n Spreker van "Kaaps" sal liever die "Kaapse" "hys" gebruik.

Soms kom dit voor asof sommige "Kaapse" digters "Kaaps" slegs aanwend omdat hulle van mening is dat dit van hulle verwag word, of dalk omdat "Kaaps" as 'n curiositeit aangebied word.

Tweedens is dit ook opvallend dat in sommige van hul gedigte slegs enkele woorde of versreëls in "Kaaps" geskryf is, soos in die gedig "Die smartie boks" deur André Boezak:

Die hede en die verlede
is in 'n smartie-boks versoen
vol kleure en geure
swart, geel en groen.

Daar's bloues en bruines
almal is rond
saam met pienkes en rooies
is almal een-bont.

Net een ding bly pla
niemand wil pratie
ek sien nie innie boks
'n enkele wit smartie.
(Abrahams et al., 1995: 47)

Van die 28 gedigte van André Boezak wat in die bundel *Ons kom van ver af* opgeneem is, is slegs drie gedigte oorwegend in “Kaaps” geskryf. Die res van sy gedigte in die betrokke bundel is almal hoofsaaklik in Standaard-Afrikaans geskryf.

Hoewel die gebruik van die term “Kaaps” ander “swart” Suid-Afrikaanse digters, wie se moedertaal nóg Engels, nóg Afrikaans is, effektief uitsluit, verwys Small steeds in 1996 in ’n onderhoud met Heindrich Wyngaard, na homself en die wat ná hom kom, as “Kaapse Skrywers”. Hy sê onder andere: “Dat daar tans ’n nuwe skool van Kaapse skrywers is, wys die begrip Kaaps het gevestig geraak” (*Die Burger*, 24 Desember 1996: 10). As antwoord op ’n vraag met betrekking tot die idee van inklusiwiteit wat onlangs (Maart 2001) aan hom gestel was, skryf Small byvoorbeeld soos volg:

So ’n Suid-Afrikaanse digkuns sluit tog poësie in verskeie tale en dialekte in, en wat “Kaaps” betref: Dit is een hiervan. Met hierdie gedagte kan daar taalkundig nie fout wees nie! En histories-polities ook nie (Hoofstuk 7).

Die problematiek wat die benaming “Swart Afrikaanse digters” omgewe, is die gevolg van kontrasterende ideologiese, filosofiese en politieke oortuiginge.

Die konsep “swart” was reeds in 1985 by ’n simposium vir swart Afrikaanse skrywers by die Universiteit van Wes-Kaapland ’n punt van kontensie en in die voorwoord van *Swart Afrikaanse Skrywers* (1986), wat in wese ’n verslag is van hierdie simposium wat hoofsaaklik fokus op opvattinge oor “swart” Afrikaanse skryfwerk, word daar gemaak om nie ongenueanseerd met hierdie konsep om te gaan nie, aangesien die term hier “...in sy bewuste politieke sin...” (Smith et al., 1986: iii) gebruik word en aangesien Afrikaans, “...vanweë sy ontstaan, verloop en die wetenskaplike beslag daaromheen hom juis kontroversieel binne die sosiaal-politiese arena bevind” (Smith et al., 1986: iii).

Dit blyk verder dat “swart” Afrikaanse skrywers “...veel eerder aansluiting vind in ’n sosiale groepering wat hulle teenoor Afrikaner-politieke beheer en literêre establishment opstel” (Smith et al., 1986: iv).

4.3 Die belang van ’n gemeenskaplike Suid-Afrikaanse digkuns

Die kernbegrip hier is die idee van inklusiwiteit en omvattendheid, wat beteken dat die betrokke diskoers handel oor ’n strewe na ’n gemeenskaplike Suid-Afrikaanse digkuns wat die werke insluit van alle Suid-Afrikaners.

Die bundel, *SA in poetry/SA in poësie* (1988) word beskou as ’n voorloper, ’n fondament vir ’n nuwe Suid-Afrikaanse digkuns, want die gedigte wat daarin opgeneem is, bied insig in ideologiese formasies soos dit binne die geskiedenis van Suid-Afrika staan. Prof. Voss (1990) sê van hierdie bundel:

Again, the wide range of anthology means that English South African voices are heard in dialogue or counterpoint with others (...). The editor’s aims, to transcend unilingualism and give prominence to poems not usually accorded anthology space have been fulfilled (*Die Suid-Afrikaan*, 30 April 1990: 41).

In aansluiting hierby is dit insiggewend dat Jeremy Cronin (Smith et al., 1986), wie se bundel tronkgedigte, *Inside*, met die Ingrid Jonkerprys bekroon is, in sy voordrag by die simposium vir swart Afrikaanse skrywers by die Universiteit van Wes-Kaapland sê: “From the late 1960’s and through the 1970’s, however, there was a fairly significant burst of poetry in the English language, written or performed by Africans” (Smith et al., 1986: 53) en “...scattered through this body of poetry one encounters Afrikaans, at first by way of isolated words and phrases and, then, more recently as the basic language of entire poems” (ibid.).

Cronin noem dan verder drie faktore wat bygedra het tot die “...wider shift away from the straight-jacket of literary English” (Smith et al., 1986: 54):

1. The demise of the elite mission school system and the standards of literariness it inculcated. Bantu Education with its lower standards is also a much more mass produced education, catering for the needs of an expanded and more mechanised capitalist economy. The number of Africans literate in English, or understanding spoken English, or understanding spoken english has risen enormously.
2. This has meant there are greater possibilities of a mass African readership, and more especially an audience for an English language poetry.
3. The resurgence of mass struggle and organisations in the latter part of the 1970s and through into the 1980s has provided networks and structures to facilitate the writing, workshopping, performance and publications of such poetry. It is within this broad context that we need to consider the uses of Afrikaans in the poetry (ibid.).

Uit bogenoemde aanhaling, veral as 'n mens kyk na punt 3, blyk dit dat ook in die Engelse letterkunde reeds so ver terug as 1985, gesprekvoering plaasgevind het met betrekking tot die idee van inklusiwiteit.

Ten opsigte van groter samewerking tussen alle Afrikaanssprekendes om die visie van inklusiwiteit te verwesenlik, huldig Neville Alexander (1999) 'n besliste standpunt, naamlik:

Enige opvatting dat Afrikaans, onder watter definisie ook al, “gered” kan word deur 'n soort koöptasiepolitiek, 'n alliansie tussen “bruin” en “wit” moedertaalsprekers, is 'n valse ligbaken (*Die Burger*, 31 Maart 1999: 13).

Hy stel ook sy siening van die toekomstige bestaanreg van Afrikaans onomwonde in hierdie lesing by die Klein Karoo Nasionale Kunstefees as hy sê:

Omdat die modernisering van ons land onder die vaandel van globalisering al vinniger plaasvind en omdat Engels as die globale taal bekend staan en veral as die taal van die internet, is dit duidelik dat die vlak worteltjies wat Afrikaans nog onder swart moedertaalsprekers aan die lewe hou, maklik oopgeskrop kan word en baie gou kan opdroog” (ibid.).

Alexander (Sien hoofstuk 7 vir 'n afskrif van die lesing gegee by die jaarlikse Letterkunde-Ondersteuningskomitee in Februarie 2001.) wys ook daarop dat die nuwe kulturele bedeling van globalisering die direkte gevolg is van die impak van die populêre en

en elektroniese media, wat veroorsaak het dat die jeug deesdae nie meer soveel genot put uit die lees van boeke soos voorheen nie.

Ook die woorde van Mabandla (Willemse et al., 1997), in haar openingsrede by die Tweede Swart Skrywerssimposium, is insiggewend:

It is my sincere belief that Afrikaans or any other South African language can only flourish when there is a real commitment by their speakers to create for other languages and its speakers, to tolerate and participate in the enjoyment of our common cultural achievement and to accept cultural expressions that are specific to particular communities. It is in committing ourselves to unity in diversity that different languages, different cultural expressions, and different orientation can contribute to our emerging South African nation (Willemse et al., 1997: 26).

Dit is in hierdie verband dat Steward Van Wyk (1998) in sy artikel oor die argeologie van diskoerse wat op “swart” Afrikaanse skryfwerk en spesifiek op Adam Small betrekking het, byvoorbeeld die volgende noem:

Volgens Annemarie van Niekerk (1997: 37) is ’n belangrike aanvangsfase in die konstruksie van ’n omvattende, inklusiewe Suid-Afrikaanse literatuurgeskiedenis die beskrywing van voorheen gemarginaliseerde diskoerse. Dié mikro-studies of deelgeskiedenis is ’n belangrike toevoeging tot ’n nie-totaliserende narratief van die Suid-Afrikaanse nasie en letterkundes, mits dit so gedoen word dat dit nie as byvoegsel gesien word nie, of soos Adam Small dit sou stel: “die gatkant van die êroplyne” nie (*Stilet*, Jg. 10 (1) Maart 1998: 121).

Wat die Afrikaanse digkuns betref, blyk dit baie duidelik dat sommige digters wat voorheen deur die hegemonie in die Afrikaanse digkuns geïgnoreer was, steeds huiwerig is om deel te word van die establishment. Hulle verkies dus om by “alternatiewe” uitgewerye, soos “Kwêla”, te publiseer of om self hul werke uit te gee, soos byvoorbeeld Marius Titus, wat al drie sy bundels self uitgegee het. Een van die redes wat hy aanvoer vir die feit dat hy verkies om sy bundels self te publiseer, is naamlik dat hy gekant is teen “...rassisties-gefundeerde verwerping...” (Hoofstuk 7). Hy sê dat hy slegs ’n manuskrip aan ’n uitgewer sal toevertrou “...mits dit op die regte manier beoordeel sal word” (ibid.).

4.4 Konstitusie van Suid-Afrika

Tale

6. (1) Die amptelike tale van die Republiek is Sesotho sa Leboa, Sesotho, Setswana, siSwati, Tshivenda, Xitsonga, Afrikaans, English, isiNdebele, isiXhosa en isiZulu.
- (2) Gesien die historiese inkorting van die gebruik en status van die inheemse tale van ons mense, moet die staat praktiese en daadwerklike maatreëls tref om die status van dié tale te verhoog en hul gebruik te bevorder.
- (3) (a) Die nasionale regering en provinsiale regerings kan enige bepaalde amptelike tale vir regsdoeleindes aanwend, met inagneming van gebruik, doenlikheid, koste, streeksomstandighede en die ewewig van die behoeftes en voorkeure van die bevolking as geheel of in die betrokke provinsie; maar die nasionale regering en elke provinsiale regering moet minstens twee amptelike tale gebruik.
- (b) Munisipaliteite moet die taalgebruike en -voorkeure van hul inwoners in aanmerking neem.
- (4) Die nasionale regering en provinsiale regerings moet deur hul wetgewende en ander maatreëls hul gebruik van amptelike tale reël en monitor. Sonder afbreuk aan die bepalings van subartikel (2) moet alle amptelike tale gelykheid van aansien geniet en billik behandel word.
- (5) 'n Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad deur nasionale wetgewing ingestel, moet -
- (a) die ontwikkeling en gebruik bevorder en omstandighede skep vir die ontwikkeling en gebruik van -
- (i) alle amptelike tale
- (ii) die Khoi-, Nama- en Santale; en
- (iii) gebaretaal; en
- (b) respek bevorder en verseker vir -
- (i) alle tale wat algemeen deur die gemeenskappe in Suid-Afrika gebruik word, met inbegrip van Duits, Grieks, Goedjarati, Hindi, Portugees, Tamil, Teloegoe en Oerdoe; en
- (ii) Arabies, Hebreeus, Sanskrit en ander tale wat in Suid-Afrika gepraat word.

(Wet 108 van 1996 uit **Die grondwet** van die Republiek van Suid-Afrika, 1996: 4 & 5)

Die taalbeleid van enige land het uiteraard 'n geweldige impak op alle fasette van die samelewing. Die taalkwessie in Suid-Afrika is taamlik uniek en ongetwyfeld van uiterste belang vir die verwerkliking van 'n Suid-Afrikaanse gemeenskap waarin alle mense gelyk behandel sal word en in harmonie met mekaar sal kan saamleef.

Omdat dit uiteraard die staat se plig is om effektiewe, toeganklike diens te verskaf om die taalregte van elke burger te erken en om die funksionele gebruik van die amptelike tale op gelyke basis te beheer, is dit die plig van elke onderwysdepartement om programme te ontwikkel om hierdie visie te realiseer. Dit is hier waar literatuur 'n belangrike bydrae kan lewer.

Dit word ook aanbeveel dat alle Suid-Afrikaners 'n besliste poging aanwend om so veel inheemse tale as moontlik aan te leer om sodoende te begin om effektief met mekaar te kommunikeer, want dit is een van die belangrikste middele om mekaar werklik te leer ken. Slegs dan sal Suid-Afrikaners as 'n nasie in staat wees om mekaar te verstaan en in harmonie met mekaar te leef. Die skat wat Suid-Afrika besit in die vorm van sy multi-linguistiese aard, en wat tot dusver nog taamlik onbenut was, kan 'n dryfkrag word vir demokrasie en ontwikkeling, iets waaraan die Suid-Afrikaanse gemeenskap nog ver te kort skiet.

4.5 Die nuwe skoolkurrikulum (K2005)

Leerders in Suid-Afrika kon eers in 1995 vir die eerste keer skole van hul keuse bywoon in 'n verenigde opvoedkundige sisteem. Kurrikulum 2005 is die naam wat gegee is aan die beleidsraamwerk vir die ontwerp van die kurrikulum wat transformasie van die onderwys bewerkstellig.

Dit is byvoorbeeld een van die take van die Wes-Kaaplandse Onderwysdepartement (WKOD) om die nasionale beleid te ontwikkel, binne die neergelegde tydraamwerk, om die ontwikkeling, opleiding en geleidelike implementering te bestuur.

In skole en ander opvoedkundige inrigtings moet ook definitiewe pogings aangewend word om te verseker dat die beste ondersteuning gebied word aan leerlinge wie se huistaal nie die taal van onderrig is nie. B K Schreuder ((*Karring* 15, 1998/9: 3) bied in dié opsig enkele perspektiewe ten opsigte van uitkomsgebaseerde onderwys (UGO), wat die fondament is waarop die nuwe kurrikulum gebaseer is. Hy sê onder meer die volgende:

Dit het absoluut noodsaaklik geword dat onderwysers deur 'n ervare en diensbare vakadviesdiens **in die klaskamer** ondersteun moet word. Die WKOD is vasbeslote om die vakadviesdiens te transformeer na 'n ondersteuningsdiens wat as hulp vir die onderwyser kan optree. Hulle kan 'n geweldige bron van hulp wees as almal saamwerk en hul dienste beproef en aanvaar. Ons moet nou die geskiedenis agter ons plaas en saam hande vat en vorentoe gaan.

Dit is derhalwe ook belangrik om kennis te neem van wat ene Mev, Kibe, vakadviseur van die voormalige swart skole, in 1995 by die Tweede Swart Afrikaanse Skrywerssimposium op Paternoster gesê het:

Ek verteenwoordig die swart onderwysers daar waar ons Afrikaans by die skole gee. Ons het 'n groot probleem met die swart skole. Dit lyk asof Afrikaans een van die dae gaan verdwyn as gevolg van die kurrikulum wat nou in werking gaan kom. So die onderwysers voel dat hulle wil ook deel hê, hulle wil ook betrokke wees - by die skryf van boeke. Of dit nou taalboeke en of dit nou letterkundeboeke is. Hulle wil deelneem. So, ek wil net hê dat in julle bespreking moet julle vir my akkommodeer soos prof. Small gesê het. Moet julle vir ons ook akkommodeer en sien waar julle vir ons kan inpas. Want ons wil ook begin saamwerk, want hierdie Afrikaanse boeke wat miskien deur bruin en wit skrywers geskryf word, kom terug na ons toe en ons moet dit aanbied by ons leerlinge (Willemse et al., 1997: 73).

Neville Alexander (Hoofstuk 7) sê in sy lesing by die jaarlikse simposium van die Letterkunde-Ondersteuningskomitee (LOK) op 17 Februarie 2001 by die Universiteit van Kaapstad dat, in weerwil van die "...burgeroorloë, internasionale oorloë, hongersnood, pandemiese siektes, ongeletterdheid, armoede, e.d.m...", wat op die vasteland van Afrika heers, daar nogtans teenstrydiglik van 'n "Afrika-Renaissance" gepraat word. Alexander vra dan of dit blote utopiese gepraat en retoriek is en of daar regtig hoop is vir die mense van Suid-Afrika. Volgens hom is die "Literacy Period" wat onlangs deur die Wes-Kaapse Onderwysdepartement (WKOD) ingestel is, "...een van die mees transformerende skuiwe wat nog deur die owerhede gedoen is, natuurlik as dit op 'n konstruktiewe en progressiewe manier toegepas gaan word" (ibid.).

Verder in hierdie lesing merk hy ook op dat "...eers wanneer ons kleinspan weer die aantreklikheid en die towerkrag van 'n mooi verhaal of van 'n suksesvolle gedig ontdek,

sal ons met 'n mate van realisme van 'n 'Afrika-Renaissance', 'n herontwaking van ons mense, kan praat" (ibid.). Hy sê ook dat dit die eintlike uitdaging van opvoeders is, want dit gaan vanselfsprekend daaroor dat ons kinders vir hul taal of tale gesien as grammatika of as prosodie, 'n gevoel en begrip moet kry, maar dit gaan veel meer daaroor dat hulle deur hul vertelkuns, die digkuns of die verhoogkuns, meegesleep word, sodat hulle óf/én beter kan ontleed óf/én voel en uiteindelik beter, d.w.s. meer menslik, kan leef en wees" (ibid.).

Om weer so 'n leesku|ltuur by leerders aan te wakker en te konsolideer, moet die leesstof verteenwoordigend wees van 'n ervaringsveld waarmee hulle kan identifiseer.

University of Cape Town

HOOFSTUK 5

MEGANISME VAN INSLUITING EN UITSLUITING

5.1 Inleiding

In sy referaat, *Van Petersen tot die hede*, gee Gerwel (Smith et al., 1986) 'n oorsig op die ontwikkeling van "swart" Afrikaanse poësie en belig daarmee die probleme waarmee "swart" digters te kampe gekry het in hul strewe om hul stemme te laat hoor. Wat betref die debuutbundel van S V Petersen, 'n "swart" digter wat reeds in 1944 met 'n bundel, *Die enkeling*, gedebuteer het, sê Gerwel:

Petersen se debuut is begroet as "rou krete van opstand teen die vloekstraf van 'n donkerhuid" (Dekker, 1966: 292), en sy poësie - veral die vroeëre - is inderdaad meestal op die vlak van krete en direkte stellings van protes en beklaging oor sy maatskaplike posisie, 'n posisie wat hy definieer in terme daarvan dat hy op grond van die kombinasie van velkleur en persoonlike ontwikkeling vervreemd staan van die groep waartoe hy wetlik geklassifiseer is sowel as die groep waarmee hy kultureel sou wou identifiseer. Willemse (1984: 18-19) beskryf die posisie van die digter-intellektueel Petersen baie raak: "In the pre-1948 South Africa (en ook in die dekades daarna - GJG) the position of this extra-ordinary intellectual is ambivalent. His learning allows him to assimilate and master the ruling order's culture. In no way however will (full - GJG) recognition of this attainment be granted... A comfortable niche for him has not been created in society; he circumvents and circles the opposing forces and finds an uncomfortable poise in an alienated sphere (Smith et al., 1986: 12).

Verder in hierdie referaat merk Gerwel ook op dat "...die eertydse eksklusiwiteit rondom Afrikaners word vervang deur 'n nuwe impuls waarin Afrikaans as koöpteringsmiddel van die sogenaamde 'bruinmense' gesien word" (Smith et al., 1986: 21).

Gerwel sê voorts:

Die gevoel van verwerping waarmee 'n Petersen geworstel het, mag nou vervang word met 'n worsteling téén koöptering. Die politieke kultuur van verwerping is vervang met een van koöptering - dit is die konteks waarbinne swart skrywers hedendaags in Afrikaans skryf (ibid.).

5.2 “Swart” Afrikaanse digters en die uitgewersbedryf

In *Skrywer en Gemeenskap* (Malan & Smit, 1985) spreek prominente swart Suid-Afrikaanse skrywers, soos byvoorbeeld Jakes Gerwel, Richard Rive en Hein Willemse, hulle sterk uit teen die hegemonie in die letterkunde. Willemse sê onder meer in sy voordrag, getiteld *Poësie se nie-hegemoniese vorm* dat die mark ook vir die nie-hegemoniese poësie van belang moet wees, want “...’n begrip van die digter se werksaamheid sluit nie net skryf in nie, ook sy afsetgebied, ook sy uitgewers is belangrik” (Malan & Smith, 1985: 230) en vra dan: “In watter verhouding staan die nie-hegemoniese skrywer tot die Afrikaanse uitgewersbedryf? Hoe staan die uitgewersbedryf ideologies?”

Willemse meen verder dat publikasie gestratifiseer is en “...juis daarom moet die interrelasie tussen Afrikaanse uitgewer, grootkapitaal en die magsorde ondersoek word” (ibid.). Hy noem ook dat die totale produksieproses vir die nie-hegemoniese skrywer van belang is, “...daarom is die vestiging en operering van alternatiewe produksiekanale ter sake” (ibid.).

Hierdie opmerking deur Willemse herinner sterk aan die mening wat Diaz-Diocaretz (Diocaretz & Zavala, 1985) lug met betrekking tot die posisie van swart digters in Noord-Amerika. Sy noem onder andere dat swart digters en intellektuele eers in die laat sestigerjare bewus geword het van “...their need to create their own means of literary production in order to express their views, and to develop their art freely” (Diaz-Diocaretz & Zavala 1985: 42).

Diaz-Diocaretz beskryf ook hoe, namate swart publikasiehuise in die lewe geroep is, hoofstroom publikasiehuise ook begin het om werke van swart digters te publiseer:

After the first presses and journals founded in that decade, some important anthologies were produced by publishing houses from the mainstream of culture. *Black Fire: An Anthology of Afro-American Writings* (1968) edited by LeRoi Jones and Larry Neal, included the work of fifty-seven poets, as well as essays on revolutionary art and literature, “militant” plays, and short stories; all material which makes this book an important document of the decade. Then followed *We*

Speak as Liberators (1970), edited by Orde Coombs, conceived to present poetry and art as media for a didactic purpose, and to awaken people and widen perspectives for Afro-American literature; Don Lee's edition of *Dynamite Voices: Black poets of the 60's* (1971) includes the most representative male poets of that time (Diaz-Diocaretz & Zavala, 1985: 43).

Hoewel hoofstroom publikasiehuise in Suid-Afrika ook begin het om al hoe meer werke van "swart" digters te publiseer, is die insluiting van hul werke in hoofstroom publikasies nog baie beperk en kom dit voor asof daar nog tot 'n groot mate teen hierdie groep digters gediskrimineer word. Willie Adams (Hoofstuk 7) draai beslis nie doekies om wanneer hy hierdie kwessie aanraak nie. Volgens hom is daar 'n besliste korrelasie tussen die produksie van nie-hegemoniese "swart" Afrikaanse skrywers en die agenda van gevestigde uitgewers. Hy is van mening dat die establishment te "eenrigtingagtig" (ibid) is en spreek sy kommer uit dat daar gedurig van "swart" Afrikaanse digters wat in die establishment opgeneem word, verwag sal word om te skryf oor temas wat polities-korrek is, naamlik temas wat handel oor "die nuwe Suid-Afrika" (ibid) of die "'reënboognasie'-gedagte" (ibid) en voer aan dat daar nog te veel ander kwessies is wat nog nie opgeklaar is nie. Adams wil nog skryf oor die toestande in die land sonder om die nuwe demokrasie te besing omdat hy, en ander wat soos hy dink, nie tevrede is met die tempo waarteen transformasie geskied nie en ook aangesien baie mense nog steeds nie toegang het tot dieselfde basiese regte as tydens die vorige politieke bedeling in Suid-Afrika nie.

Adams spreek ook sy misnoeë uit met hoe gevestigde uitgewers ideologiese staan, naamlik dat "...keurders en uitgewerye alewig van swart digters (skrywers) werke aanvra oor die 'nuwe Suid-Afrika' of die 'reënboognasie'-gedagte en nie werke oor 1960 (Sharpeville), 1976 (Soweto) 1985 (Trojan Horse) en die verwoesting van die Groepsgebiedewette, ontugwette en landsonteiening nie..." (ibid.) en dit "...terwyl wit digters (skrywers) pryse losslaan met historiese romans, gedigte en feeste wat handel oor die Franse Hugenote, Britse Setlaars, Anglo-Boere-oorlog en dies meer" (ibid.).

In die lig van hierdie stelling deur Adams laat die volgende uittreksel uit 'n onderhoud deur Vernie Plaatjies (1998/1999) met S P Benjamin, skrywer van *Die reuk van*

steenkool, 'n mens onwillekeurig wonder of die verskonings wat uitgewers aanvoer as hulle werke afkeur, wel die eintlike rede(s) is:

Plaatjies (vraagsteller): Het jy na skool verder geskryf, en het jy skryfwerk voor die *Reuk van steenkool* aan uitgewers vir publikasie voorgelê?

Benjamin: Ek het gedigte geskryf - politieke en liefdesgedigte. Dit het later 'n poësie-manuskrip geword wat ek aan Human & Rousseau gestuur het. Dié manuskrip is aan die hand van veral ekonomiese beweegredes, hoe min mense digbundels koop en hoe duur dit vir uitgewers is om digbundels van nuwe digters uit te gee, afgekeur.

Ek het ook kortverhale aan Queillerie voorgelê. Alhoewel dit nie uitgegee was nie, was die kommentaar nie so afbrekend nie. Ek het gevoel dat ek nog aan die kortverhale kan werk. Ek het 'n baie goeie verhouding met Queillerie (*Karring* 15/ Somer 1998/9: 30).

Daar bestaan ook 'n algemene opvatting by sommige “swart” digters en skrywers dat die Afrikaanse establishment veral belangstel in werke van “swart” digters en skrywers wat swart mense stereotipeer en dat hulle diegene wat oor sulke temas skryf, geredelik in hul geledere opneem en selfs sover gaan om aan diesulkes pryse toe te ken vir werke wat nie juis van uitstaande gehalte is nie. Een van die redes daarvoor, glo hulle, is dat die establishment 'n “hidden agenda” het, naamlik dat sulke digters en skrywers vereer word as 'n soort “tokenism,” asook om te bewys dat “swart” digters en skrywers nie waarlik enige noemenswaardige letterkundige talent het nie. Sodoende kan hulle steeds hul oppermag behou en na willekeur teenoor hierdie groepe diskrimineer. Dit kom daarop neer dat die dominante groepe slegs daarin belangstel om te koöpteer ter wille van sy eie kontinuïteit en doen hulle dit steeds op hul eie voorwaardes. Krog (1989) openbaar ook hierdie sentimente as sy sê dat jy net aanvaarbaar is “...in die milieu van uitgewers en kritici as jy by veilige universele onderwerpe hou” (*Die Suid-Afrikaan*, Augustus, 1989: 44). Daarom dat Adams meer gerus sal voel indien “...nuwe reëls, wette, ens. **gesamentlik** uitgewerk word, byvoorbeeld 'n beter en gelyke verspreiding van produksiekanale, aanvaarbare reëls en voorskrifte vir literêre toekennings, ens.” (Hoofstuk 7).

Dit is heelwaarskynlik om redes soos hierbo genoem, dat *Domestica-Uitgewers* die bundel, *Optog* (1990), uitgegee het wat heelwat werke van minder-bekende digters bevat. Die oogmerk met hierdie bundel was naamlik om 'n geleentheid te bied aan digters wie se werke andersins moeilik verkrygbaar sou wees omdat hul gedigte deur sommige gevestigde uitgewerye as “onpubliseerbaar” of “sonbesie-poësie” beskou word.

Peter Snyders se gedig, “Ek skryf 'n gedig”, wat onder andere in *Poskaarte* (Foster & Viljoen, 1997) opgeneem is, handel uiteraard oor hierdie probleem van “swart” digters om hul werk gepubliseer te kry, soos die volgende uittreksel daaruit getuig:

(...)
stuur dit toe na elke redakteur
wat waag om goeie vers te druk;

drie jaar later hoor ek dié wysie:
Nog nie famous nie?

My verwysingsveld -
dit is wat daai sogenaamde redakteurs ontwrig;
ek sal hulle wys,
ek sal my eie uitgewery stig.

(*Poskaarte*, Foster & Viljoen 1997: 526 Uit: 'n *Waarskynlike mens* (Snyders, P, 1992)

Enkele kritiese opmerkings deur Patrick Petersen (Willemse et al., 1997) insake die Afrikaanse letterkunde wys daarop dat die Afrikaanse letterkunde nog steeds in wese die letterkunde van wit Afrikaanse skrywers is. Petersen meen dat hierdie verskynsel tot gevolg het dat die “...magsverhoudinge van Afrikaanse skrywers wat betref die omvattende literêre sisteem baie dikwels onderbeklemtoon word” (Willemse et al., 1997: 33) en is van mening dat “hierdie produksiekanale, afsetgebied en literêre invoeginge die wit skrywer bevoordeel ten koste van wat aangegaan het in die geledere van die swart Afrikaanse skrywers” (ibid.).

Uit hierdie aanhaling kan afgelei word dat “swart” Afrikaanse skrywers nie vertrou het in die bestaande produksiekanale nie. Dit is een van die redes waarom, ten spyte van

progressie in die opsig dat heelwat meer werke van “swart” digters die afgelope dekade in hoofstroom versamelbundels verskyn, sommige “swart” digters verkies dat hul werke by “alternatiewe” publikasiehuise gepubliseer word of om hul werke self te publiseer.

Afgesien van die realiteit dat daar teen “swart” digters en skrywers gediskrimineer word deur die hegemonie in die Afrikaanse letterkunde, is dit egter ook stof tot nadenke wat Adam Small (1995) sê in ’n onderhoud met Heindrich Wyngaard:

Wyngaard (vraagsteller): Dink u die rede waarom daar steeds so min werk van bruin Afrikaanse skywers gepubliseer word, is omdat daar nog te veel wit skrywers is wat “bruin” stories wil vertel?

Small: Ons moenie verwag dat ons werk gepubliseer word net omdat ons swart of bruin is, of omdat ons baie stories het om te vertel nie. Skryf is ’n ambag met vakkundige norme. En heel dikwels is die mense wat *meen* hul werk word nog nie gepubliseer nie, mense wat nog nie die ambag onder die knie het nie. Toegegee: ons hét egter nog te doen met ’n ou, verstokte Afrikaanse uitgewerswese (wat darem nou aan die verander is) (*Boekewêreld*, 19 Julie 1995: 3).

Uit bogenoemde aanhaling blyk dit duidelik dat “swart” digters en skrywers nie verwag dat hul werke gepubliseer moet word bloot op grond van die feit dat hulle “swart” is nie, intendeel; “swart” digters wil graag op meriete beoordeel word.

Diana Ferrus (1999) sê byvoorbeeld dat dit uit onderhoude gevoer met skrywers soos Valda Jansen en E K M Dido, blyk dat hulle sterk klem lê op “kompetêrend wees en hoë gehalte”. Hulle maak dit baie duidelik dat hulle nie wil hê dat hul werke gepubliseer moet word bloot omdat hulle “swart” is, of omdat hulle vroue is nie.

Titus (Hoofstuk 7) deel ook hierdie sentimente, veral as hy sê dat dit nie vir hom belangrik is om weens sy “...agtergeblewenheid in ’n bundel opgeneem te word nie” (ibid.).

5.3 Hedendaagse tendense

Digters het reeds sedert die tagtigerjare skepties begin raak oor tradisionele ideologieë, literêre waardes en opvattinge. Wat veral by die lees van hierdie bundels, in samehang met

ander “swart” bundels duidelik blyk, is die feit dat die Afrikaanse digkuns sedertdien ongetwyfeld ’n dinamiese transformasie ondergaan het en dat “swart” Afrikaanse digters ’n beduidende rol daarin gespeel het. Die bydrae van “Kaaps” en “swart” Afrikaanse digters is in hierdie opsig ongetwyfeld van onskatbare waarde. Aubrey Redlinghuis (Willemse et al., 1997) sê inderdaad ook by die Tweede Swart Skrywerssimposium in 1995 op Paternoster dat die eerste simposium “...swart skrywers in Afrikaans op rekord geplaas” (Willemse et al., 1997: 17) het as hy praat van “...die mag van die geskrewe woord om sosiale persepsies te vorm en dominante betekenis te ondermyn en die opvatting dat skryf juis ’n vorm van transformasie van die maatskaplike werklikheid is” (ibid.).

Die “nuwe skool van Kaapse digters” soos Adam Small (1996) verwys na diegene wat na hom kom, skryf oorwegend stryd-en protespoësie. Goeie voorbeelde van strydpoeësie kom onder andere voor in Frank Anthony se bundel, *Robbeneiland my kruis my huis* (1983), soos die volgende uittreksel getuig:

oggend
kaapstad
hawe
prentjie
handboei
voetboei
kettings

tussen kettings
en kettings
ons heiningstutte
die yster
van gevangenisskap
klingel
aan die voorbokke

stom see
bibber
van glans

’n ferrie wag

knikkend
op sy tien terroriste
(...)
(*Robbeneiland my kruis my huis* - Anthony, F, 1983: 1)

Hoewel Adam Small wel stryd- en protespoësie geskryf het, word in 'n groot aantal van sy werke op sosiaal-ekonomiese, asook persoonlike kwessies gereflekteer en spreek hy hom sterk uit teen die klem wat deur “swart” digters op *struggle*-poësie geplaas word. Hy sê bv. in 'n onderhoud met Suzette Truter, joernalis by *Sarie*, dat hy hom soms vererg vir die “ellendige ou struggle-poësie” (*Sarie*, 30 Maart 1994: 32) wat hy sien en hoewel hy sy aandeel daarin erken, meen hy “'n mens moet oor groot menslike onderwerpe ook kan skryf waarin politieke goed maar net 'n oomblik is” (ibid.).

Dit blyk dat ook die sosiaal-politieke tema deurgaans die oorheersende tema gebly het in die “swart” Afrikaanse digkuns, waarvan die gedig, “Jy was een van hulle”, deur Vernie Plaatjies, 'n sprekende voorbeeld is:

Jy was een van hulle
wat kliphard groot
en doodgebore deur die townships loop
wat amandla gebalde vuus
en met klippe en drome stry
teen 'n land wat sy kinders soos 'n slet weggooi
die lewe uit die harspan ruk:
Snellers vanaf caspirs
wat bloed en trane deur die strate skater

Maar ek sien jou bloed uit 'n klip tap
en jou heel uit die son kruip
en jou oë is vlerke
en jou huid is heel
en jou hande eet die grond van afrika

ek sien jou o miskende mens
vry en ewig oor die aarde loop
(*Optog*, Adams et al., 1990: 147)

Dit is interessant om kennis te neem van wat Patrick Petersen in die voorwoord van sy bundel, *amandla ngawethu* (Petersen, P, 1985), sê:

digkuns wil die kuns wees wat die swartman direk aanspreek. in 'n sin moet die poësie selfs negatief en destruktief handel om konstruktief te raak: totdat ons vry sal wees. niks in suid-afrika is neutraal nie, niemand in suid-afrika kan neutraal skryf nie, in 'n sin is laasgenoemde niks anders as blatante geweld nie. vraag is nou moet die swart poësie die geweld afsweer terwille van afsweer en vryhede veroorloof ten koste van die swart afrikaanse gemeenskap? Om die poorte van die gevestigde uitgewer langs daardie weg met lof in te gaan waarborg niks blywends nie (Petersen, P, 1985: inleiding).

Die blatante verontagsaming van taalreëls (bv. hoofletters, kommas, punte, ens.) kan hier dui op 'n manifestasie van Petersen se misnoeë met bestaande strukture in die standaardtaal, Afrikaans. Hy openbaar ook hier 'n huiwering om deur die establishment gekoöpteer te word. Die sentimente wat hier deurskemer, word vandag nog by 'n groot groep "swart" digters bespeur, want, hoewel hulle ten gunste is van die idee van inklusiwiteit, veral waar dit ook oor taalgrense heen strek, het hulle 'n wesentlike probleem daarmee om volgens die reëls van die establishment te speel, omdat hulle nie bereid is om weer eens te konformeer en te transformeer en slegs dit wat die establishment verwag, te produseer nie.

'n Klein persentasie "Swart" Afrikaanse digters skryf deesdae ook 'n nuwe soort strydpoeësie, waarmee hulle die huidige politieke bestel kritiseer, soos die gedig "Graffito" deur Marius Titus getuig:

Groenskrif word witskrif,
swartskrif
word grafskrif
op bruinskrif.

Verstrik gesit
tussen wit en swart,
maar nou bevryd
tussen swart en wit.

Vry agter tralies
en demokrasieslot,
in die veiligheidskamp
vir die hoogste bod.
(*Genesing in vuil water*, Titus, M, 1999: 25)

Met hierdie gedig laat Titus duidelik blyk dat daar nog steeds mense is wat in die nuwe demokrasie gemarginaliseer word en slegs as politieke pionne gebruik word. Dit is volgens hom en ander wat soos hy dink, ook wat in die Afrikaanse letterkunde aan die gang is.

Adam Small sê ook in 'n onderhoud met Heindrich Wyngaard (*Die Burger*, 24 Desember 1996) dat diegene wat in die openbaar praat, moet aanhou praat omdat geen regering sonder die kritiese gesprek kan doen nie. Heindrich Wyngaard berig daarvoor soos volg:

“Ma’ Mammie en Dêrrie, kyk”, het Small ook in 27 April: Een jaar Later/ One Year Later geskryf, “apartheid het ons nie onner gekry nie; hoe sil democracy dit nou doen?”
En verder: “Kô lat ons praat, blý praat... Meaningfully. Of even somaar net. Kô...”
(*Die Burger*, 24 Desember 1996).

5.4 Kaaps as “randgebiedpoësie”

'n Vraag wat op hierdie tydstip en veral ten tyde van 'n visie van 'n inklusiewe Suid-Afrikaanse digkuns gestel kan word, is: Waarom neem dit Kaaps so lank om as deel van hoofstroompoësie beskou te word?

Hierdie vraag word geregverdig na aanleiding van die bundel, *Poskaarte* (1997), waarin daar steeds na Kaaps as randgebiedpoësie verwys word:

Verskillende vorme wat om onder meer kultureel-elitistiese redes nie deel uitgemaak het van die Afrikaanse kanon van die Afrikaanse letterkunde nie, kom al hoe meer voor soos die poësie geskryf in die verskillende variante van Afrikaans (Kaaps, township-Afrikaans of flaaitaal, Griekwa-Afrikaans, Karoo-Afrikaans) en die optekening van orale vorme. Ook die “struggle”- poësie wat aanvanklik om politiese en estetiese redes in die randgebiede van die Afrikaanse literatuur gelê het, trek nou aandag (Foster & Viljoen, 1997: xxxi).

Dit is een van die redes waarom die samestellers van *Poskaarte* besluit het om ander maatstawwe as slegs die estetiese, aan te wend by die keuse van tekste vir hierdie bundel. Hul uitgangspunt was onder andere om die bloemlesing so verteenwoordigend as moontlik te maak.

Die verwysing na “kultureel-elitisties” is ook baie problematies, want wie bepaal wat is “kultureel-elitisties” en wat skielik op enige gegewe stadium as “kultuur-elitisties” beskou mag word aldan nie? Hierdie mooi woorde word aangewend en as redes aangevoer vir die uitsluiting van kuns wat deur die establishment as “lae kuns” teenoor sy sogenaamde “hoë kuns” gestel word. Shusterman (1992) wys ook daarop hoe die besliste skeiding tussen “hoë kuns” en populêre kultuur die pynlike verdeling in die gemeenskap onderskryf en versterk:

Thus, while conservatives and Marxian critics of popular culture repeatedly bemoan our contemporary societal and personal fragmentation (blaming it on such forces as modernization, industrialization, secularization and capitalism), the rigid line of legitimacy they draw between high and popular culture both reinscribe and reinforces those same painful divisions in society, and still more deeply in ourselves. Similarly, while legitimating critique of popular art is typically pursued under the banner of safeguarding our ascetic satisfaction, it actually represents a form of ascetic renunciation, one of many forms that intellectuals since Plato have employed to subordinate the unruly power and sensual appeal of the aesthetic (Shusterman, 1992: 170).

Volgens Shusterman het hierdie onderskeid tussen “hoë kuns” en “lae kuns” reeds by Plato ontstaan. Shusterman kritiseer die kritici van populêre kultuur se kontrasterende idees met betrekking tot fragmentasie op gemeenskaplike en persoonlike vlak.

Wat ironies is, is dat ander nuwe poësie-vorme wat deur wit skrywers ingelei word, soos “gay poësie”, baie meer geredelik in die hoofstroom opgeneem word.

Die neiging van die dominante kultuur om ander groepe, veral swart kultuurgroepe, te onderdruk, is egter ook 'n universele verskynsel, soos blyk uit Diaz-Diocaretz se opsomming daarvan:

While the dominant culture has increased quantitatively its volume of knowledge through publications, it has suppressed that of the Black culture; while it has redistributed its artistic codes by allowing new poetic forms to change the norms and values, it has denied and rejected those from Black texts; and the dominant culture has exerted on Black literature its desire to *forget*, by imposing a deliberate forgetfulness of those declared as non-existent (on the ways a dominant culture function to extent itself, in order to secure its own continuity), (Lotman 1979: 67-135) (Diaz-Diocaretz & Zavala 1985: 45).

Die gedeelte tussen hakies herinner sterk aan die sentimente wat deur sommige “swart” skrywers, soos byvoorbeeld Marius Titus en Willie Adams geopenbaar word. Hoe eerbaar is die Afrikaanse hegemonie in hul bedoeling met die insluiting van ander variante? Is dit bloot 'n kwessie van *tokenism* ? “Swart” Afrikaanse digters wil nie op grond daarvan ingesluit word nie.

5.5 Ghoema

Loit Sôls (1998) se digbundel, *My straat en anne praatpoems*, is geskryf in Ghoema, 'n vermenging van Afrikaans en Engels. Van Ghoema as taal, sê Loit Sôls: “Dit kom van die trom wat die klopse slaan. Dis onomatopée, as jy die trom slaan dan hoor jy die woord” (*Afrikaans Vandag*, Jg. 5 (3) Junie 1998: 2).

Eers wanneer 'n mens self na hom luister, begin jy besef waarom Loit Sôls daarby volstaan dat Ghoema nie net nog 'n variant van Afrikaans is nie, maar 'n volwaardige taal. Hierdie stelling, en sy verduideliking van hierdie taal en wat hy daarmee probeer bereik, is heel waarskynlik 'n dinamiese sinspeling op die nuwe idee van inklusiwiteit, deurdat hy daarvan oortuig is dat hierdie taal enige vorm, soos dit uit die volksmond kom, verteenwoordig. Tydens 'n informele gesprek met Sôls (Hoofstuk 7), verduidelik hy sy voorkeur vir die gebruik van hierdie taal. Hy sê dat almal Ghoema verstaan, want in Ghoema is jy vry om

enige woord te sê, dat dit die taal van kommunikasie is. In Ghoema is jy vry, want dit kom uit soos jy dit wil. Hy stel dit só in sy gedig “Goema”:

Ek laik Ingels
ma' ek prefer Mingels
Afrikaans oek
ma' my tong soek:
sy roots het anne soot stingels.
(*My straat en anne praatpoems*, Sôls, L, 1998: 18):

Sôls gaan van die veronderstelling uit dat taal nie net die geskrewe woord is nie, maar juis dit wat jy gebruik in alledaagse kommunikasie en dat Ghoema nie net op die Kaapse Vlakte gepraat word nie, maar oor die hele land. Wat Sôls dus eintlik met Ghoema probeer bereik, is dat dit aanvaar sal word as die taal van enige Suid-Afrikaner, want Standaard-Afrikaans is tog nie die taal wat deur die oorgrote meerderheid Suid-Afrikaners gebruik word nie. Hy sluit egter ook nie die gebruik van Standaard-Afrikaans uit nie, maar dat Ghoema eintlik 'n inklusiewe taal is, wat alle variante onder een sambreel saamvat. In sy resensie van *My straat en anne praatpoems* vat Herman Wasserman (1998) hierdie gedagte effektief saam as hy sê dat Sôls se Ghoema nog 'n bewys is dat hierdie land “... 'n spektrum ervarings, plekke en mense huisves waarin nie net een nie, maar 'n rykdom tongvalle gepraat moet word” (*Afrikaans Vandag*, Jg. 5 (3) Junie 1998: 2).

Sôls is vas oortuig dat Ghoema nog “inroads” (Hoofstuk 7) gaan maak. Daar mag dalk waarheid in steek, want Adam Small se gebruik van “Kaaps” in die letterkunde was aanvanklik ook met skeptisisme begroet, veral uit Afrikaanse akademiese kringe. Sôls praat dan ook van die “pedantics in die Afrikanerkamp” (ibid.) wat nou hulle laaste “spasms” (ibid.) gee, want “hulle is nie meer so diep ge-ingrained nie” (ibid.).

Prof. Hans du Plessis (1998) Direkteur van die ATKV se skryfskool aan die Potchefstroomse Universiteit sluit aan by Krog as hy van Sôls se bundel sê:

Sôls se speelse omgang met die taal wat hy liefhet, maar die Goema-een, val lekker op 'n mens se oor al is dit plek-plek 'n bietjie vreemd vir 'n standaard-oor. Die woordelysie agterin help darem.

Dit is daarom regtig praat-poems. Maar dit is terselfdertyd gedigte wat nie sommer in jou klere kom sit nie. Of hy nou oor die Bybelse dinge praat, of oor die skeeftes van die geskiedenis, of sommer straatfilosofieë kwytraak, die diepte van hierdie poësie lê stewig onder die straatwoorde.

Dan sê hy verder:

In dié poësie hoor 'n mens ook duidelik die musikaliteit van die straatsanger: 'n verstommende meeslepende ritme van die woordkunstenaar (ibid.).

5.6 Die kwessie van identiteit

Uit sommige van Marius Titus se gedigte kan afgelei word dat die kwessie van identiteit hom weer pertinent by sommige “bruin” digters manifesteer. Die gedig “Wie?” deur Marius Titus, is een voorbeeld hiervan. Hier verwys Titus na die nuwe demokrasie, maar die gedig impliseer dat dit allesbehalwe 'n demokrasie is, want binne 'n demokratiese bestel is almal veronderstel om gelyke regte te hê en die groep wat statutêr as Kleurling geklassifiseer word, word steeds uit die proses van transformasie uitgesluit. Volgens Titus word die bruinmense weer eens gemarginaliseer op grond van hul velkleur, soos gesuggereer in sy gedig, “Wie?”:

Wie de hel
het skaak ontwerp.
'n wit en swart spel
wat bruin verwerp.

Uit die spel verban
kan bruin net support,
terwyl wit en swart
laat waai op die bord.

Net vier skuiwe:
een en nege, nege en vier,
alles verby
en swart sêvier.

Wie de hel
het die spel ontwerp,
'n swart en wit spel
wat bruin verwerp?
(*Genesing in vuil water*, Titus, M, 1999: 33)

Hierdie gedig bevat 'n ander dimensie wat Titus tot 'n groot mate van baie ander kontemporêre “bruin” digters uitsonder in die nuwe demokratiese bestel. Met hierdie gedig erken hy die bestaan van 'n groep soos “bruinmense”. Dit is in direkte teenstelling met Jakes Gerwel (Black, M, 2000) se opvatting van die bestaan van so 'n groep:

Margerite Black (vraagsteller): Hoe ondervind u Bruinwees in die Afrikaanssprekende milieu in Suid-Afrika?

Jakes Gerwel: Daar is ou debatte oor of daar iets is soos 'n definieerbare en kenbare groep soos die bruin mense. Ek het altyd gespot en gesê dat die enigste konstante gemene deler van dié groep mense wat die “Kleurlinge” of “bruin mense” genoem word, die gedurige debat is oor of daar so iets bestaan of nie. Onder die intellektuele in die middelklas was daar nog altyd 'n baie sterk ontkenning van groepsidentiteit(...). My antwoord sou ook wees dat ek nie dink dat daar iets is soos 'n enkele “Bruin-” of “Kleurling”-identiteit nie. Daar is waarskynlik 'n hele reeks identiteite en die definisie van “Bruinwees” is 'n definisie van buite af eerder as van binne af (ibid.).

Kirby Van der Merwe (Black, M, 2000) het baie sterk standpunte hieroor. Hy verkies om eerder as kunstenaar beskou te word en hou hom inderdaad ook besig met beeldhouwerk en pottebakkerie. Hy sien homself as “unblemished by politics”, tog sê hy in 'n onderhoud met Marguerite Black dat die “struggle” in die jare sestigs en sewentigs onmiskenbaar deel van sy jeug was en dat dit noodwendig in sy werk neerslag sal vind. Van der Merwe gebruik byvoorbeeld ook nie “Kaaps” in sy gedigte of prosawerk nie. In dieselfde onderhoud sê hy onomwonde dat hy self nie daarvan hou om in “...boksies geplaas te word nie en verkies om 'n swerfswaer sonder heenkome te wees” (ibid.).

Verder in dieselfde onderhoud sê hy:

Die identiteitskrisis moet opgeklar word. Die grootste Afrikaanssprekende groep is juis die bruinmense. Die kwessies wat ons huidiglik raak, moet aangepak word en 'n ope debat moet daarvan gemaak word. Dit lyk asof die pers nou al weer daarvan 'n elitistiese debat maak en laat hul liefing-seuns onder mekaar stoei (ibid.).

Twee “swart” Afrikaanse digters wat die kwessie van identiteit dikwels in hul gedigte aanspreek, is Peter Snyders en Marius Titus. Die styl wat hulle in hulle gedigte aanwend, is

opvallend eenders. Beide slaag effektief daarin om gebeure van 'n ernstige aard op 'n amper-lighartige, speelse, grappige wyse te vertel en terselfdertyd die koue werklikheid daarvan uit te beeld, soos byvoorbeeld in Snyders se "Ordinary mens":

In Athlone is ek 'n ordinary mens;
dis maar nou en dan
wat 'n boekhouer skrie:
"Hêt, ou whitey!"
Maar daai maakie saakie
kôs hulle wiet ek is 'n ordinary mens.

Dis wanner ek trein of taxi moet ry
wat ek al die problems kry:
"Sorry, sir, the coach for whites
is just behind this one."

Now I ask you, dji widtie iens geallow
om met jou eie mense te sittie -
wat nog van jou non-black vrinne?

Maarie tyd vannie riots
wasie blok daem benoud,
want amil is net colour-crazy;
dit kos my "Black Power!"
kliphad skrie
en 'n handvol wit vuisse feverish wave.

Hulle trep my in Belgravia Road
en vra: Wat issie pass word!"
"All Blacks!" skrie ek vannie skrik,
maar wiet hoe dônner hulle my!
(*'n Ordinary mens*, Snyders, P, 1982: 1)

Die gedig is geskryf teen die agtergrond van die tyd gedurende die opstande waarin veral studente teen die destydse politieke bestel geprotesteer het. Snyders, wat toe ook student was, gee 'n glimpie op die gebeure soos wat dit op die Kaapse Vlakte plaasgevind het. Hy skryf op 'n trant eie aan 'n groep wat geleer het om met hulself te spot. Die meeste digters wat in Kaaps skryf, pas op een of ander wyse dikwels, en heelwaarskynlik onbewustelik, die masker-tegniek toe. Oor hierdie masker-tegniek sê Gates (1987):

...itself is a metaphor for dialectic-specifically, a dialect or binary opposition embracing unresolved or potentially unresolved social forms, notions of origins, or complex issues of value (Gates, H, 1987: 168).

Hoewel Snyders nie 'n fisieke masker gebruik nie, is die trant van sy gedigte, naamlik die ligtheid, humor en selfspot, simbolies van 'n masker. Gates verwys ook spesifiek na hierdie aspek in poësie as hy sê:

And on another level - that is, the level of connotation - there is another correspondence that will come to bear on our notion of dialectic as a verbal mask (Gates, H, 1987: 169).

Die gebeure wat Snyders in hierdie gedig beskryf, speel af in Athlone, 'n gebied op die Kaapse Vlakte waar die spreker klaarblyklik bekend is. Die woord *ordinary* kry weer 'n ander dimensie wanneer hy sê: *In Athlone is ek 'n ordinary mens;/ dis maar nou en dan/ wat 'n boekhouer skrie:/ "Hê, ou Whitey!"*. Dit skep die indruk dat *ordinary* hier verwys na "Kleurling"-wees. Gedurende sulke tye, wanneer daar in sy eie gemeenskap verwys word na sy ligte gelaat, maak dit nie saak nie, want almal daar weet wat hy is. Wanneer hy hom egter op plekke bevind waar mense hom nie ken nie, word sy ligte vel ietwat van 'n probleem, soos die situasie op die trein waar die kondukteur hom vir 'n Blanke aansien. Dis amper ironies, want dis normaalweg die donker vel wat probleme meebring. Hier kom dit egter daarop neer dat hy nie toegelaat word om by sy eie mense te sit nie, maar die misverstand veroorsaak dat daar aan hom 'n sekere mate van respek betoon word in die sin dat hy as "sir" aangespreek word (*"Sorry, sir, the coach for whites/ is just behind this one."*) - 'n respek wat hy andersins nie sou geniet het indien die kondukteur geweet het dat hy nie wit is nie. Die feit dat die "Kleurlinge" blykbaar beskou word as 'n kultuurlose, tradisielose groep is omdat ons herkoms deur die amptelike geskiedenis van ons land óf ontken, óf verdraai is, word hier subtiel aangeraak. Marius Titus, daarenteen, spreek die kwessies meer pertinent aan in sy bundel *Genesing in vuil water* (1999), en veral in die gedig "Van Riebeeck":

Jy's 'n artist Van Riebeeck, truly, sowaar,
'n master van colours, finish en klaar.

Hier's nou freedom of speech, so gee daai resep,
hoe om skakerings van bryn
yt net wit paint te skep.

Hoe het jy jou lonely weekend gepend?
Hoe het jy daai mengsel van bryn paint geblend?
Jy skuld my 'n hearing en moet my vertel
want die mengsel van bryn is 'n hel vir 'n vel.

As 'n gesture of goodwill, grant my 'n wens:
Die keer net wit paint, paint my 'n mens.
Jy's 'n artist Van Riebeeck, truly, sowaar,
'n master van colours, Van Riebeeck my vaar.
(*Genesing in vuil water*, Titus, M, 1999: 47)

Dis interessant om hier te let op die feit dat Titus na "Van Riebeeck" verwys as sy voorvader, wat dit 'n taamlike persoonlike stelling maak, maar nog interessanter is die gedig, "Paint my 'n mens", in die versamelbundel, *Aankoms uit die skemer* (1989):

Jy's 'n artist Van Riebeeck, truely, soewaar,
'n master van colours, finish en klaar.
Hie's nou freedom of speech, soe gie daai resep,
hoe om shades van bryn yt net wit paint te skep.

Hoe het jy jou lonely weekends gepend?
Hoe het jy daai mixture van bryn paint geblend?
Jy skuld my 'n hearing en moet my vertel
daai mixture van bryn isse hel virre vel.

Asse gesture of goodwill, grant my 'n wens,
die kee net wit paint, paint my 'n mens.
Jy's 'n artist Van Riebeeck, truely, soewaar,
'n master van colours, Van Riebeeck ôs vaar.
(*Aankoms uit die skemer*, Adams et al., 1988: 67)

In hierdie gedig suggereer die versreëls, *Jy's 'n artist Van Riebeeck, truely, soewaar, / 'n master van colours, Van Riebeeck ôs vaar*, dat Van Riebeeck ook die voorvader is van die "Kleurlinge" as 'n groep. Dit kan geïnterpreteer word dat hierdie weergawe van die gedig 'n element van kollektiwiteit bevat. Hy sluit naamlik hierdie gedig af met: *'n master van colours, Van Riebeeck ôs vaar* (eie onderstreping) Die register wat hy in hierdie gedig

gebruik, verskil ook van die weergawe daarvan in die bundel *Genesing in vuil water* (1999), wat hy self uitgegee het. Die weergawe in *Genesing in vuil water* (1999) kan dui op 'n meer individualistiese standpunt. Dit kan daarop dui dat hy homself nie meer as deel van 'n groep beskou nie.

Hierdie nie-behoort tot 'n groep weerklink sterk in Titus se kommentaar op vroeë onlangs aan hom gestel. Sy standpunt verskil van diegene wat gekoöpteer is, maar tot 'n groot mate ook van diegene wat verkies om nie deel van die establishment te word nie. Titus het byvoorbeeld geen voorbehoude om na homself as “bruin” te verwys nie, terwyl sommige digters, soos byvoorbeeld Van der Merwe, nie die bestaan van so 'n groep erken nie. Waar Titus egter ook verskil van ander digters wat weier om gekoöpteer te word, is dat hulle verkies om na hulself as “swart” te verwys. Titus meen dat niemand die reg het om vir hom te sê hoe hy na homself mag verwys of nie.

Hierdie opvatting van Titus manifesteer hom ook subtiel in een van sy gedigte wat onderskeidelik in *Aankoms uit die skemer* (1988) en *Genesing in vuil water* (1999) opgeneem is. Dis belangrik om kennis te neem van die verskillende registers wat in hierdie gedigte (“Die Swietsbord” en “Die Swietsbôd”) gebruik word. Selfs die titel verskil soos dit onderskeidelik in die twee bundels verskyn, hoewel dit in wese een gedig is:

Enige tyd van die dag of nag
foun ek my Master vir nuwe krag.
Die Master lyster as ek roep
want die swietsbord daarbo is altyd oep.

Daar's 'n founboks in my eie kerk,
wat elke lieue Sondag werk.
Kyk net hoe die mense wemel
wat kom foun straight na die Hemel.

Laas Sondag was ons founboks vol,
daar was nie eers een ope kol.
Maar in die Yellow Pages boek
het ek 'n ander foun gesoek.

Daar was toe een met baie plek,

vir ouens wat wil foun, soos ek.
Daai plek was mooi en die foun was wit-
In no time was ek ytgesit.

'n Ope swietsbord help my min,
want die founboks het 'n wit foun in.
(*Genesing in vuil water*, Titus, M, 1999: 4)

Vergelyk met:

Ienage tyd vannie dag of nag,
foun ek die Master vir nuwe krag.
Die Master lyste as ek roep,
wantie swietsbôd daboe is altyd oep.

Daa's 'n founboks in my kêk,
wat elke lieue Sondag wêk.
Kyk net hoerrie mense wiemel
wat kom foun straight narrie hiemel.

Laas Sondag was ôs founboks vol,
daar wassie ees een oepe kol.
Maar innie Yellow Pages boek,
het ek 'n anner foun gesoek.

Daar was toe een moet baie plek,
vir ouens wat wil foun soes ek.
Daai plek was mooi ennie foun was wit-
In no time wassek ytgesit.

'n Oepe swietsbôd help my min,
wantie founboks hette wit foun in.
(*Aankoms uit die skemer*, Adams et al., 1988: 66)

Nog twee gedigte wat op die identiteitskwessie sinspeel, word interessantheidshalwe aangehaal:

IEMAND? - MARIUS TITUS

Soos 'n sleepboot
verlore in die mis,
raak ons mishorings
want ons raai en gis.

Raak wys en sien
die problem raak,
want 'n gat in 'n slieng
is 'n gatseer saak.

Noudat my brein
in die problem versyp,
soek ek insig
in my okkapyp.

Ek trek daai rook
deur die pyp se gorrel,
dat die water
soos 'n jacuzzi borrel.
Sogenaamd, gekleurd
of sommer net plain bryn,
'n naamlose iemand,
soos etiketlose wyn.

Soek broerse, soek,
tussen al dié stront...
ierwers float ons
identiteit rond.
(*Genesing in vuil water*, Titus, M, 1999: 34)

en:

OF HOE? - PETER SNYDERS

Moetie rai gammattaal gebrykie;
dit issie mooi nie;
dit dieghreid die coloured mense-
of hoe?

wat traai djy
 om 'n coloured culture te create?
of dink djy is snaaks
 om soe te skryf?
of hoe?

Traai om ôs lieweste op te lig;
ôs praat mossie soe nie...?
of hoe?
(*'n Ordinary mens*, Snyders, P, 1982: 3)

Dit is juis as gevolg van hierdie assosiasies en suggestie van “kleurlingskap” dat Small se werk ook dikwels as kontroversieel bestempel was, soos Van Wyk opmerk:

Aan die anderkant moes Small fel kritiek vanuit nie-hegemoniese Kaapse intellektuele kringe moes verduur. Jakes Gerwel (1981: 16) som die reaksie op hierdie groepering op: Daar is dan òf gesuggereer dat Small deur sy gebruik van die patois sou toegee aan die idee van ’n afsonderlike “kleurlingskap” òf dat hy die sogenaamde “kleurling” op ’n stereotiep-bevestigende neerhalende wyse voorstel (Van Wyk, S, 1999: 3).

Binne die geledere van Afrikaanssprekendes wat statutêr as Kleurlinge geklassifiseer word, veral onder intellektuele, bestaan daar ’n skeptisisme wat betref, soos Van Wyk (1999) dit in sy ongepubliseerde D. Litt-verhandeling stel:

...die valorisering van kulturele verskille omdat dit maklik as ’n viering van aparte kulture, soos kenmerkend deur die apartheids-era, gesien kan word. Hiermee hang saam die stereotipe en negatiewe sentimente jeëns populêre kultuuruitinge soos die klopse, goema, kerskore, sangaande, konserte, orale vertellings en gemeenskapsteater. Dê sentimente kan ook verbind word aan ’n koloniale mentaliteit wat die hoë, imperiale, Westerse kultuur valoriseer en die eie, populêre en orale denigreer (Van Wyk, S, 1999: 6).

HOOFSTUK 6

MARGINALISASIE VAN VROULIKE “SWART” DIGTERS

6.1 Inleiding

Ek wil die stelling maak dat, in die Suid-Afrikaanse gemeenskap in 2001, mans steeds groter kulturele, akademiese en sosiale prestige geniet as vrouens. As gevolg hiervan is dit te verstane dat vrouens oor die algemeen geneig is om hul idees uit te druk in terme van wat die dominante groep (mans) verwag, aangesien dit blyk die mees aanvaarbare te wees. As 'n vrou op 'n gebied uitblink wat tradisioneel as 'n *manswêreld* beskou word, word daar gewoonlik 'n ophef van gemaak, terwyl die omgekeerde glad nie gebeur nie. Dit is dus subtiliteite soos hierdie wat daartoe aanleiding gee dat vroue soms optree asof die geldigheid of nie-geldigheid van hul identiteite afhang van diegene met institusionele en sosiale mag. Hierdie neiging om vrouens se prestasie te meet aan die standaard van mans, was, en is tot 'n sekere mate nog steeds, ook in die “swart” Suid-Afrikaanse poësie opvallend en heel waarskynlik die één uitstaande oorsaak van die tekort aan kulturele produksie van vroulike swart digters.

In haar verdediging van die posisie van die vroulike skrywers in die Afrikaanse letterkunde, trek Antjie Krog (1989) hewig te velde teen die hegemonie in die Afrikaanse letterkunde. In 'n artikel getiteld “Waarom praat ons van ‘vroue’-skrywers?” fokus sy veral op die posisie van die vrou en meer spesifiek op die onderdrukking van die “swart” vroulike skrywers en digters:

Miskien moet ons die stelling dat 'n gemeenskap net so vry is as wat sy vroue vry is, verlewendig deur te stateer dat: 'n Letterkunde waarin almal soos mans of transvestiete klink, 'n neurotiese letterkunde is: Want 'n letterkunde wat hom besig hou met esoteriese menswees terwyl driekwart van sy horison nie menswaardig mag bestaan nie, is 'n letterkunde wat geen bestaansreg het nie: 'n letterkunde waarin miljoene stemloos bly, is 'n onbevryde, halwe letterkunde (*Die Suid-Afrikaan*, Augustus 1989: 44).

Dit is veral opvallend dat Krog die woord “stemloos” gebruik. Ook Diaz-Diocaretz (Diaz-Diocaretz & Zavala, 1985) ervaar vroulike swart digters as “stemloos”:

In the complex of paradigms of what is roughly known as North-American culture, Black women’s poetry has found itself situated in one of the inner spheres, as a silenced, ignored, misinterpreted corpus of texts (Diaz-Diocaretz & Zavala, 1985: 38).

Krog is in die eerste plek heftig gekant teen die benaming “vroue-skrywers”:

Waarom praat ons van “vroue”-skrywers? Ek was behoorlik woedend toe ek die onderwerp ontvang het.

Maar hoekom praat *jy* van “vroue”-skrywers? Hoekom word vroulike skrywers in ’n aparte kompartementjie ingepas asof daar dingetjies sou wees wat net vrouens-skrywers sal lus wees om oor te praat? Waar is die manlike stem op die paneel? Waarom is daar nie ’n man teenwoordig om aan ons te verduidelik waar hierdie stupid onderwerp vandaan kom nie? Waar is die sessie wat die vraag ondersoek: “hoekom praat ons oor ‘manlike’ skrywers?” Impliseer die woord skrywer vanselfsprekend ’n man? (*Die Suid-Afrikaan*, Augustus 1989: 41).

Dan laat sy soos volg haar “woede verder uitwoed” (ibid.):

Hoekom *praat* ons oor vroue skrywers? Julle lieg, julle praat nie oor hulle nie, julle laat ons oor onself praat sodat julle ons kan ignoreer in julle versamelde bundels en julle toesprake. Wat ’n afstootlike onderwerp! Hoekom praat julle *oor* in plaas van *met* vroue skrywers? (ibid.).

Dieselfde tipe vrae kan gevra word met betrekking tot gesprekvoering, artikels en simposia wat handel oor “swart” digters en skrywers. Waarom word daar nog ’n onderskeid getref? Bevind ons ons nie in ’n nuwe politieke bedeling waar almal gelyk is en gelyk behandel behoort te word nie? Dis egter nie so eenvoudig nie, veral nie as daar op die geskiedenis teruggekyk word nie.

Dat daar ook randgebiede binne “swart” poësie voorkom, raak gou duidelik by nadere ondersoek. Die feitlik absolute afwesigheid van werke van vroulike “swart” digters is

opmerklik by die lees van enige bundel, hetsy versamelbundels van “swart” digters of hoofstroom versamelbundels wat ook ’n groot persentasie werke van manlike “swart” digters bevat. Die feit dat daar wel al vroulike “swart” digters in *Karring*, en ander tydskrifte gepubliseer het en wie se werke wel al in sommige bundels opgeneem is, is genoegsame bewys dat “swart” vroue tog ook gedigte skryf. Dit, op sigself, is genoegsame rede om indringend te kyk na die redes waarom daar so min gepubliseerde werke van hierdie groep digters bestaan.

In hierdie ondersoek word daar dus van die veronderstelling uitgegaan dat, net soos elke kultuur sy meganisme van insluiting en uitsluiting uitoefen, “swart” Afrikaanse digters en uitgewerye hulle ook hieraan skuldig maak. Die begeerte van die dominante kultuur, hier die gevestigde digkuns, om *nie-bestaande groepe* opsetlik (of toevallig?) te *vergeet*, blyk ook in die swart digkuns gemanifesteer te word. Myriam Diaz-Diocaretz wys daarop hoe vroulike swart skrywers in Noord-Amerika gemarginaliseer word, selfs deur swart uitgewerye.

Die vrae wat Krog hierbo vra, herinner ook sterk aan Zavala (Diaz-Diocaretz & Zavala, 1985) se kommentaar op die kwessie van Swart Noord-Amerikaanse vroulike digters as dubbele onderdrukte:

Whereas the patriarchal world de-territorializes women in general (to use Diaz-Diocaretz’s clarifying notion 1984), ethnic minorities are forced to make particular adaptations to the social system (and no simple explanation of them can be accepted), forced by threatening ethnocentric principles. Within this de-territorialized frontier, blacks, *Latinas* American indians (from the North and the South of the borders) and third world are double minorities - minorities within minorities, with double oppression and double bondages to free from the rights and prejudices which ‘legally’ inabilitate women within societies (Diaz-Diocaretz & Zavala, 1984: 134).

6.2 Die kulturele produksie van vroulike “swart” Suid-Afrikaanse digters

Volgens Diana Ferrus (1999) is vroueskrywers negatief geaffekteer deur die ondergeskikte rol wat sy in die breër samelewing teenoor mans speel. Sy wys daarop dat vroue wat skryf,

enorme opofferings maak, omdat hulle, as gevolg van hul huislike en moederlike pligte, nie altyd tyd daarvoor kan inruim nie en as gevolg van die “...subkultuur binne die raamwerk van ’n groter gemeenskap” (Ferrus, D, 1999: 3) (eie numering), was vroue “...verenig deur waardes, protokol, ondervindinge en gedrag wat inbraak maak op elke individu”(ibid.).

Ferrus wys voorts daarop dat die probleme wat vroue ervaar met betrekking tot literêre produksie, vererger word deur rassisme en die patriargale hiërargie van literêre produksiekanale. Ferrus (1999) meen dat literatuur deur swart vroue en mans as ’n subkategorie van die letterkunde bestaan en dat literêre kritiek en resensies ’n groot rol speel in die versterking van sekere waardes en ontkenning van die ander. Sy beweer ook dat selfs wit vroue-skrywers nie kon sien hoe die pogings van swart vroue-skrywers gedwarsboom word nie. Tog spreek Antjie Krog, wat ’n wit digter is, haar sterk uit teen hierdie diskriminasie teen vroulike “swart” digters. Krog is bekend as ’n digter wat tot die anti-hegemoniese groep behoort. Sy was reeds as tiener ’n omstrede figuur wat in haar gedigte besliste opinies geopenbaar het. Haar eerste verse het opslae verwek, veral as gevolg van die gedig, *Ek bou vir my ’n land*, wat in die sewentigerjare hewige reaksie uitgelok het. In hierdie gedig spreek sy indirek die “...Afrikaner se stryd met die liberaliste” (Conradie, P 1996: 3) aan, “veral waardeur laasgenoemde aandring op gelyke regte en politieke vryheid in ’n veelvolkige land” (ibid.).

Met hierdie gedig, wat in sy geheel spreek “...van die strewe na rasseharmonie, word die regeringsinstansies, die kerk en die howe as gesagsliggame voorgehou wat strukturele geweld voortsit” (ibid.). Uit hierdie teks van Krog kan afgelei word dat sy van mening is dat rasseharmonie wel moontlik is, “...maar nie binne ’n bestel waar diskriminasie plaasvind nie” (Conradie, P, 1991: 74). Hierdie gedig was naamlik 20 jaar later in ’n Engelse vertaling aan ’n skare in die Soccer City-Stadion in Johannesburg deur die Rivonia-veroordeelde, Ahmed Kathrada, voorgelees “...by viering van die vrylating van die leiers van die African National Congress” (Conradie, P, 1991: 80). Hiermee vestig Kathrada die “...aandag op Krog en ander wat as Afrikaner-intellektueles insette lewer en

daarmee hoop op versoening tussen wit en swart” (ibid.). Hierop reageer Krog in die *Sunday Times* van 5 November 1989:

As a poet it means that the act of writing for me at the time was a valid one (Conradie, P, 1991: 80).

Beverley Jansen (Ferrus, D, 1999) meen ook dat “swart” vroue in Suid-Afrika onder ’n dubbele verdrukking gebuk gaan. Sy sê onomwonde dat sy nie van haar werk kan praat indien sy nie ook praat van die onderdrukking van “swart” vroue nie, want “hulle word verdruk in ’n rassistiese samelewing, was altyd histories verdruk en word verdruk in hulle huise deur hulle eie eggenote wat ook onder dieselfde verdrukkende wette lêwe” (Ferrus, D, 1999: 4) (eie numering).

Krog (1989) som hierdie verskynsel soos volg op:

In ’n onderdrukte groep is dit logies dat ’n onderdrukte man die vrou nog verder sal onderdruk om ten minste êrens die meerdere te voel. Ingoapele Madingoane, wat ’n hele digbundel aan vroue opgedra het, stel dit raak: “cause my african woman/ will always remember/ to call me/ man” (en “man” word kursief gedruk). Deur vroue te laat swyg, kan die onderdrukte man namens haar praat en haar swaarkry en onderdanigheid aan die wêreld uitbasuin.

Volgens Krog (1989) word “swart” vroue “finaal, tot in die derde mag” (*Die Suid-Afrikaan*, Augustus 1989: 44) deur die Suid-Afrikaanse letterkunde onderdruk en “as mens na die vereistes kyk wat deesdae geld vir die skryf van veral poësie, mag dit dalk duideliker word hoekom onderdrukte vroue nie maklik so ver kom om daarmee te begin nie” (*Die Suid-Afrikaan*, Augustus 1989: 41). Krog praat egter reeds van die “dubbele onderdrukte” in haar verwysing na die posisie van vrouens in die algemeen.

Al bly die dubbele onderdrukte vrou se stem stil in die poësie, word daar nogtans druk oor haar geskryf en vir haar geskryf en veral namens haar geskryf. Sy word as die ewige minnares uitgebeeld; as die paar borste waarteen elke man aansnoes; as die een wat wonde verbind, wat water en kos aandra; die een wat nooit teëpraat nie, wat alles in stilte verduur (ibid.).

Joan Hambidge (1989) verwys byvoorbeeld hierna in 'n resensie van Krog se digbundel, *Lady Anne*, as sy sê:

Dit is tersaaklik om te beklemtoon dat hierdie belangwekkende digbundel deur 'n vrou geskryf is, 'n vrou wat haar intens bewus voel van die innerlike geweld (die eise van 'n huwelik, kinders, ensovoorts) en die uiterlike verwoestende geweld van die huidige Suid-Afrika. Die vrou is immers 'n dubbele verdrukke; twee keer van bevryding verwyder. Die volgende uitspraak uit Anne se reisjoernaal is dan ook van toepassing op Krog se siening van die skryfproses: "Every page is a page of struggle. I write to destroy the border of unbearable pain" (p.51) (*Beeld*, 18 September, 1989: 10).

Krog (1989) meen ook dat die onderdrukte vrou, vroue wat geen mag het nie, dit moeilik vind om te skryf omdat, as gevolg van die vereistes wat geld vir die skryf van veral poësie, hulle dalk nie die moed en innerlike krag het om te "...besluit waar elke versreël gebreek moet word" nie, hulle dalk meen dat hulle "...geen mag oor woorde dra nie", en dalk net eenvoudig nie die tyd, plek en moed het om hulself te kan bestudeer sodat hulle ander kan ontbloot en verstaan nie. Sy is ook van mening dat 'n magtelose vrou "...blind, doof en stom is en dat dit nie inpas by 'n lydende, stil en gelate beeld om met monsteragtige objektiwiteit terug te tree van jou onderwerp nie" (*Die Suid-Afrikaan*, Augustus 1989: 44). Krog is egter baie eerlik as sy sê dat sy nooit namens die swart digteresse kan praat nie, maar dat sy "...haar maar net kan soek en dan vind of nie vind nie, lees of nie lees nie" (ibid.). Sy wonder egter ook "...hoekom swart digteresse verkies om prosa te skryf terwyl sy die siel van 'n digter het..." (ibid.).

Krog neem dan Beverley Jansen (Ferrus, D, 1999) se verwysing na "swart vroue as dubbele onderdrukte" (Ferrus, D, 1999: 4) (eie numering) 'n stap verder as sy na hulle verwys as die "tweedubbele verdruktes":

Nadat ek die histerie van my bevoorregte Afrikaanse susters onder beheer kon kry en die sagte klaagliedere van my Engelse susters getemper het, wou ek die poësie van die tweedubbele onderdrukte hoor. En dit wat ek gehoor het, was net *een groot stilte* (*Die Suid-Afrikaan*, Augustus 1989: 41).

In die Suid-Afrikaanse samelewing word vrouens van alle kulture ook nog steeds beskou as die “ander”, omdat die westerse kultuur met sy koloniale mentaliteit, mans se optrede, agendas en kennis verklaar as dominant oor dié van vrouens.

Wat die gebruik van die voornaamwoorde *-ons-* en *-julle-* betref, is dit insiggewend wat Iris Zavala (Diaz-Diocaretz & Zavala, 1985) in haar slotopmerkings in *Women feminist identity and society in the 1980's* skryf:

To become aware of the plural - *we* - a pronoun of power and solidarity (called such by Brown, Gilman 1960) is also to realize the range of two opposing forces: the solidarity or the estrangement this pronoun can create (Diaz-Diocaretz & Zavala, 1985: 126).

Die volgende uittreksel uit 'n onderhoud deur Vernie Plaatjies (*Karring* 15/ Somer 1998/1999) met S P Benjamin, skrywer van *Die reuk van steenkool*, word hier as voorbeeld geneem van die verwyderingseffek wat die gebruik van hierdie persoonlike voornaamwoorde het:

Plaatjies (vraagsteller): Stem jy saam dat die politieke veranderinge in die land 'n rol gespeel het ten opsigte van uitgewers se houding teenoor ander Afrikaanse skrywers?

Benjamin: Ja, maar dis verbasend hoe min bruin vroue publiseer. Wat doen hulle met hul tyd? (*Karring* 15/ Somer 1998/1999: 31)

Benjamin bedoel hier dalk nie bewustelik om 'n onderskeid te tref nie, maar die gebruik van die persoonlike voornaamwoord *-hulle-* word onwillekeurig 'n politieke stelling.

Dit is in hierdie lig dat Zavala (Diaz-Diocaretz & Zavala, 1994) opmerk:

The oppositions suggested are created by the active role of the outer-space in the mechanism of culture. The paradigms of extra-cultural spaces *we* (all of us) are given, in whose center a certain normal 'we' is situated, to which other people are opposed as a paradigmatic set of anomalies (p.60). Taking Lotman as a point of departure, I propose that this 'we' and that 'you' can be topics of inquiry in their antithetical opposition: enlightenment/ignorance, belonging to an ethnic group/

not belonging to it, European/non European, male/female, culture/non-culture, central/peripheral (Diaz-Diocaretz & Zavala, 1995: 128).

Die ooreenkoms van die posisie van vroulike swart Afrikaanse digters met dié van swart Noord-Amerikaanse vroulike digters is nie toevallig nie. Die onderdrukking van die vrou is 'n universele verskynsel wat deels ontstaan het as gevolg van tradisie en grotendeels deur die invloed van Westerse imperialisme in die sin dat ons, hoewel nie meer deur koloniale magte nie, nog steeds deur een of meer imperiale mag beheer word, naamlik die Verenigde State, Japan en Wes-Europa. Hul web van ekonomiese beheer sluit 'n onregverdig internasionale handelsstelsel in in die vorm van multinasionale ondernemings wat strategiese afdelings van ons ekonomie monopoliseer, ekonomiese beleid wat voorgeskryf word deur banke en regerings tesame met die Internasionale Monetêre Beleid en die Wêreldbank. Imperialisme gebruik die taktiek van verdeel en beheer. Selfs die tegnologie word aangewend as 'n werktuig om te onderdruk.

Krog (1989) noem die volgende bundels as versamelde poësie wat byna sonder uitsondering geen swart vrouestem insluit nie:

A New Book of SA Verse in English (Guy Butler / Chris Mann)
Modern South African Poetry (Stephan Gray)
A Century of South African Poetry (Michael Chapman)
To whom it may concern: an Anthology of Black Poetry (Robert Royston)
Modern African Poetry (Moore)
Voices from within: Black Poetry from South Africa (Chapman)
Seven South African Poets (Cosmo Pieterse)
From South Africa - The Triquarterly Magazine (Bunn / Taylor) - wat, in alle regverdigheid, een stem dra, naamlik die van Nise Malanga.

Sy verwys vervolgens na drie prysenswaardige uitsonderings waarin daar wel werke van vroulike skrywers opgeneem is:

SA in poësie/ SA in poetry (Van Wyk, Conradie en Constandaras)
Die Penguin Book of South African Verse (Cope en Krige) wat die Sotho digter, M A Mokhomo, insluit en

The return of the Amazi Bird (Couzens en Pate) waarin vyf van die 158 stemme aan vroue behoort.

In *Optog* (Adams et al., 1990) word ongeveer 19 digters verteenwoordig, waarvan 5 vroulik en 14 manlik is. Die vraag wat hier ontstaan, is: “Waar is die ander vroulike “swart” digters? Uit die 130 gedigte wat in hierdie bundel opgeneem is, is 94 van manlike digters en slegs 26 van vroulike digters. Die vraag wat hier gestel kan word, is: “Skryf hulle net eenvoudig nie, of word hulle gemarginaliseer en indien hulle net eenvoudig nie skryf nie, waarom nie?”

In *IQabane Labantu* (Coetzee & Willemse, 1989) word daar verbasend baie vroulike stemme gehoor,

1. Ingrid de Kok met “Al wat kind is”; “The two Sherpas”; “found poem 1”; “found poem 2”; “Woman, leaning away; at this resort”; “Shadows behind, before”; “Our Sharpeville”
2. Arona Dison met “Ndiyakubulela Ngezandla Ezimbini”
3. Sydda Essop met “moeder van afrika”; “Vir die Wynberg-sewe en hul moeders; Sheila”.
4. Andrina Forbes met “Bootsteps, Keys rattling, Voices, Phantoms Appear-Smell of Tear-gas, Under arm spray, Gunsmoke, Shaving lotion Questions, Blows, Foeter, Jou vabond, Praat!”
5. Beverley Jansen met “The Surfer”; “The coming-out party”
6. Valda Jansen met “tussen die reëls”; “toe skoene”; “gemis”
7. Deelah Khan met “Black Monday”; “Barbed words”
8. Karen Press met “Grieving Comrade”; “April 23rd, 1986”; “When your child is born, mother”; “wind and water on the coast of Africa”
9. Mavis Smallberg met “For Barbara and Gail”; “Crossroads”; “Written in response to an article in The Argus dated 17 October”, “1986 and dedicated to all the nameless children in detention”; “I think white parliamentary power is irrelevant”
10. Gladys Thomas met “Collectors from Tulbagh”; “Quarry worker”

Wat egter in hierdie bundel opvallend is, is dat feitlik al die gedigte wat hierin verskyn, óf polities óf sosiaal-polities van aard is. Dit is hoofsaaklik protespoësie en strydpoësie. Hierdie versamelbundel is inderdaad 'n samestelling van werke wat "'n dinamiese en strydende people's kultuur" as grondslag het. In die voorwoord by hierdie bundel verduidelik die samestellers, Ampie Coetze en Hein Willemse, wát aanleiding gegee het tot hierdie bundel en hoe die keuringsproses geskied het:

Hierdie bloemlesing, *IQabane Labantu* (Kamerade vir die mense), is 'n produk van 'n simposium aangebied in Oktober 1987 onder die beskerming van die Departement Afrikaans aan die Universiteit van Wes-Kaapland en VAKALISA, 'n Kaapse gemeenskapsorganisasie. Met hierdie simposium is daar beoog om die inhoud en omvang van dit wat allerwêe bekend staan as people's culture te probeer begryp (Coetze & Willemse, 1989: 13).

En verder:

In Desember 1986 sou 'n groot fees, Arts Festival '86 met die oproep "towards a people's culture" in Kaapstad plaasvind. 'n Paar dae voor die beoogde fees is dit egter onder die noodmaatreëls verbied. Die UWK-VAKALISA-simposium was 'n direkte gevolg van die verbod en wou op 'n baie kleiner skaal people's culture ondersoek en aanspreek. Tydens die simposium is verskeie taakgroepbesprekings gehou, referate aangebied, toneel- en musiekopvoerings gelewer (Coetze & Willemse, 1989: 14).

Voorts sê hulle:

Die werkwyse by die samestelling van die bundel was as volg: ons het aan al die aktiewe - en aktivistiese - digters van wie ons geweet het, geskryf en gevra om 'n paar tekste voor te lê, sodat ons hopelik 'n bundel people's poësie kon saamstel (ibid.).

6.3 Diskriminasie teen vroulike "swart" digters

In hierdie verband val die fokus op menings van die vroulike digters en vroulike akademici, asook ander uitsprake en uitlatings wat direk daarop betrekking het. Valda Jansen (1996), onderwyseres en digteres, lewer byvoorbeeld kritiek op sekere aspekte van 'n medeskrywer se werk wat 'n nabetraging oor die Swart Skrywerssimposium in 1995 is. Onder die opskrif: "Weg met Seksisme en paternalisme" (*Karring* 11, 1996: 22), sê sy onder meer die volgende: "Ek noem dit hier pertinent weens die erns en die seksisme

daarin en omdat ek vermoed dat die skrywer nie die negatiewe implikasie van sommige van sy uitlatings besef nie” (*Karring* 11, 1996: 22).

Sy spreek haar ook sterk uit teen die wyse waarop daar in ’n oorsig op die simposium na vroue gemoeid met die simposium, verwys word, bv. “sexy Natalie”, “Riana mooiding”, en “Kwêla vroumens”. Sy reageer naamlik soos volg daarop: “Sulke oppervlakkige, irrelevante eienskappe wat die vrou reduceer tot blote ornamente, word beklemtoon terwyl die mens wat hulle is, totaal geïgnoreer word” (*Karring* 11, 1996: 22). Sy kritiseer ook die manier waarop daar deur ’n skrywer en sy vriend na mede-simposiumgangers verwys word, byvoorbeeld: “Small, Snyders, Willemse,(...) Ingrid, Valda, Dawn” as sy skryf:

Die wyse waarop hierdie laaste aanhaling geformuleer was, hou die volgende implikasies in:

Eerstens: mans sou belangriker as vroue wees - hul name word eerste genoem en die van vroue heel laaste.

Tweedens: die mans word as outoriteitsfigure voorgedra deurdat na hulle deur middel van hul vanne verwys word, terwyl die drie vroue op hul voornames genoem word. Ek maak natuurlik ten sterkste beswaar teen sulke gruwelike belediging (*Karring* 11, 1996: 22).

6.4 Die pad vorentoe vir vroulike “swart” digters

Diana Ferrus (1999) het die wenslikheid van ’n beweging vir vroulike “swart” digters ondersoek. Tydens ’n informele gesprek wat op band opgeneem is, word Ferrus gevra of so ’n beweging nie dalk daartoe kan lei dat vroulike “swart” digters op ’n eiland gaan funksioneer nie, waarop sy die beweegrede vir so ’n beweging verduidelik het. Sy voer aan dat dit slegs ’n tydelike oorweging is om “die speelvlak gelyk te maak” (Hoofstuk 7). Sy beklemtoon ook die feit dat sy nie eksklusief “swart” wil wees nie, maar dat dit noodsaaklik is dat “swart” vroue mekaar eers moet bemagtig sodat die leeskultuur en die boekekoop-kultuur in gemeenskappe waar sodanige kultuur ontbreek, of nie sterk genoeg is nie, aangemoedig kan word. Sodoende kan dan vasgestel word wat mense in sodanige gemeenskappe wil lees, sodat wanneer almal dan weer saamwerk aan een gemeenskaplike

Suid-Afrikaanse letterkunde, daar ook vir hierdie groep skrywers 'n mark kan wees, want "...op die oomblik is dit te maklik om te sê dat daar nie 'n mark vir dié soort werk is nie" (ibid.). Die feit dat daar nie 'n mark is nie, word gesien as 'n "vicious cycle" (ibid.) in die sin dat, omdat daar nie 'n mark is nie, dié tipe werk nie gepubliseer word nie en omdat dié tipe werk nie gepubliseer word nie, daar nie 'n mark daarvoor is nie. Die hele kringloop het tot gevolg dat die poësie van veral vroulike "swart" digters nadelig geaffekteer word. Dit is dalk ook een van die redes waarom "swart" vroue nie juis gedigte skryf nie en waarom hulle verkies om liever prosa te skryf.

Ferrus (ibid.) is egter ook baie realisties as sy sê dat uitgewers deesdae nie meer die ondersteuning van die staat geniet soos voorheen nie, asook die feit dat die mark wat hulle voorheen in die skole gehad het, weggeval het. Die hele proses behoort dus ook vanuit "'n ekonomiese oogpunt" gesien te word.

Dit is egter nie alle vroulike "swart" digters en skrywers wat dié standpunt huldig nie. Sommige "swart" digters, soos onder andere Valda Jansen, het nie 'n probleem daarmee het om reeds op hierdie stadium met die hegemonie saam te werk nie. Ferrus verwys na hulle as "...handhawers van gevestigde standaard en in 'n posisie om hulle boeke te verkoop" (Ferrus, D, 1999: 36) (eie numering). Jansen (Ferrus, D, 1999) het dit veral teen die gedagte van afsondelike groepe, omdat daar gevare aan verbonde is, veral die gevaar dat een groep op 'n ander mag neerkyk en juis noudat Suid-Afrikaners moet begin om mense te aanvaar soos hulle is. Tog meen sy ook dat daar te veel op mans gekonsentreer word en dat so 'n vroueskrywersvereniging nodig is om die werke van vroue bekend te stel.

HOOFSTUK 7

STANDPUNTE

7.1 Inleiding

Omdat dit uit die aard van die saak onmoontlik is om elke digter se individuele standpunte persoonlik te verkry, is telefoniese gesprekke en ander informele gesprekke met sekere digters gevoer om 'n oorsig te verkry op die verskillende standpunte ten opsigte van die nuwe, voorgestelde Suid-Afrikaanse digkuns. In die loop van die ondersoek, en nadat verskeie standpunte geïdentifiseer was, is sommige van hierdie digters gevra om óf per e-pos-onderhoud, óf andersins, sekere vrae in hierdie verband te beantwoord. Diana Ferrus het toestemming verleen dat transkripsies van onderhoude wat sy met uitgewers en vroulike “swart” digters gevoer het vir haar honneursskripsie, aangewend mag word ter verduideliking van die verhouding tussen uitgewers en digters.

Antwoorde op vrae is ontleed om vas te stel tot hoe 'n mate die standpunte van die verskillende digters van mekaar verskil en wat die moontlike redes vir die uiteenlopendheid en/of kollektiwiteit mag wees.

Dit het aan die lig gekom dat “swart” digters nie in wese 'n probleem met inklusiwiteit het nie, intendeel; hulle beskou dit as 'n stap in die regte rigting. Sommige van hulle, veral diegene wat hoofsaaklik uit die “struggle” dampkring kom, het egter wel ernstige besware teen koöptasiepolitiek. Hulle is gekant teen die voorkeure en reëls van die establishment in die Afrikaanse letterkunde en meen dat dit kan lei tot die ongelyke verspreiding van produksiekanale en dat nuwe reëls en wette moet geld wat gesamentlik deur alle belanghebbendes uitgewerk behoort te word.

Hierdie digters skryf hoofsaaklik uit 'n politiek-geïnspireerde agtergrond en omdat daar nog te veel mense is wat steeds sonder basiese regte is soos in die vorige bedeling, ervaar hulle nog die behoefte om daaroor te skryf.

Dit is egter nie almal wat hierdie standpunt huldig nie. Kirby Van der Merwe beskou homself en sy werk as “unblemished by politics” (Sien verder in hierdie hoofstuk.). Hy skryf byvoorbeeld oorwegend in Standaard-Afrikaans. Hoewel hy ten gunste van inklusiwiteit is, twyfel hy sterk daaraan of hierdie ideaal bereik sal word, omdat daar te veel magte is wat daarteen werk. Hy is ’n digter/skrywer wat homself eerstens as kunstenaar beskou en alles gaan vir hom eerstens om die kuns, wat hy dan ook “met algehele passie bedryf” (ibid.). Hy laat hom blykbaar ook nie voorskryf deur ideologieë nie. Van der Merwe meen dat die term “inklusiwiteit” té polities-gelaai is en wys daarop dat dit deur sommiges beskou word as “’n kosmetiese poging om ’n polities-korrekte wyse na te streef” (ibid.). Hy vra ook pertinent die vraag: “Kan die term ‘inklusiwiteit’ dalk ’n eufemisme vir regstellende aksie wees?” (ibid.).

Wat die vroulike “swart” digters betref, blyk almal ten gunste van ’n gemeenskaplike digkuns te wees. Omdat hulle egter histories gesien, en huidiglik nog steeds tot ’n sekere mate gemarginaliseer word, is ’n groep gevorm wat tans in die proses is om ’n “swart” vroue-skrywersbeweging in die lewe te roep. Hulle wil hulself eers bemagtig en “establish” om sodoende die speelvlak gelyk te maak. Hulle beskou sodanige beweging slegs as ’n interim-maatreël sodat hulle later op gelyke vlak kan meeding as deel van hierdie voorgestelde gemeenskaplike digkuns. Hul uitgangspunt is om ’n leeskuiluur en boekekoopkuiluur te ontwikkel in gemeenskappe waar dit nog grootliks ontbreek of nog nie genoegsaam ontwikkel is nie.

Valda Jansen (Ferrus, D, 1999) sê dat, hoewel sy gekant is teen groepe, sy die belang van ’n vroue-beweging kan insien omdat daar in die verlede te veel op mans gekonsentreer is.

Wat betref sy standpunt ten opsigte van inklusiwiteit, sê Prof. Small dat hy die wenslikheid daarvan al jare gelede uitgewys het. Hy beklemtoon dat die Suid-Afrikaanse digkuns tog alle tale en dialekte insluit en dat daar met hierdie gedagte taalkundig en histories-polities nie fout kan wees nie. Hy is dus absoluut ten gunste van so ’n voorgestelde Suid-Afrikaanse digkuns.

Uit die volgende e-pos-onderhoud, antwoorde op vraelyste en 'n transkripsie van 'n gesprek met onderskeie “swart” digters, kom sommige van hul standpunte na vore. Daarop volg 'n afskrif van die lesing wat Dr. Neville Alexander by die jaarlikse LOK-simposium (Maart 2001) by die Universiteit van Kaapstad gelewer het.

University of Cape Town

7.2 Prof. Adam Small (Sy reaksie op 'n vraelys)

VRAELYS EN ANTWOORDE:

1. Die terme “Kaaps” en “swart” blyk steeds kontensieuse kwessies te wees ten spyte van ou debatte wat daarvoor gevoer is. In 1996 verwys u byvoorbeeld in 'n onderhoud met Heinrich Wyngaard na uself en die wat na u gekom het, as “Kaapse digters”(Die Burger, 24 Desember 1996:10). Hierdie term sluit ander swart Afrikaanse digters, wie se moedertaal nóg Engels, nóg Afrikaans is, effektief uit. Sou u steeds verkies om hierdie benaminge te gebruik in die lig van die nuwe visie van 'n Suid-Afrikaanse digkuns?

Die gedagte van 'n “Suid-Afrikaanse digkuns” is tog nie 'n “nuwe visie” nie! ek het dit lank gelede al uitgewys en dit was vir my nog altyd 'n steen des aanstoots wanneer van ons Engelse letterkundiges dit oor “South African poetry” gehad het en daarmee bedoel het: Engelse poësie, of poësie in Engels, in Suid-Afrika!

2. Wat is u opinie met betrekking tot hierdie nuwe tendens van inklusiwiteit wat ook oor taalgrense heen strek?

So 'n Suid-Afrikaanse digkuns sluit tog poësie in verskeie tale en dialekte in, en wat “Kaaps” betref. Dit is een hiervan. Met hierdie gedagte kan daar taalkundig nie fout wees nie! En histories-polities ook nie.”

3. Hoewel u nie as sodanig direk hier betrokke is nie (u werk was nog altyd oorwegend gunstig deur die hegemonie ontvang omdat dit aan estetiese normas van die tyd voldoen het), wat sou u sê sou die algemene sentimente hieromtrent onder “swart” digters wees, veral daar hulle voorheen deur die hegemonie in die Afrikaanse letterkunde gemarginaliseer was?

Maar my werk was op 'n keer glad nie so “gunstig” deur “die hegemonie” ontvang nie. Toe Kanna gepubliseer is, byvoorbeeld, verwys 'n vooraanstaande resensent van destyds daarna as “'n toneelstuk in straattaal van Kleurling”, en kraak dit deeglik af. (Die man het darem intussen die goeie sin gehad om, jare daarna, sy “verskoning” aan te bied!).

4. Dalk sal u meen dat ek met hierdie vraag van u verwag om namens andere te praat, maar ek sou graag u standpunt hieromtrent wou hoor. Indien “swart” Afrikaanse digters oorwegend positief is ten opsigte van die idee van 'n nuwe Suid-Afrikaanse letterkunde, dink u dit sou hul standpunt hieromtrent enigsins verander as hulle sou rekening hou met die feit dat dit heel waarskynlik tog weereens die *establishment* in die Afrikaanse letterkunde sal wees wat aan die einde van die dag uitsluit sal moet gee oor watter gedigte “publiseerbaar” is aldan nie?

Ons kan ook in gedagte hou dat daar dikwels binne 'n "hegemonie" tog die enkeles of 'n enkeling - met toekomsvisie bestaan. Dié sake is histories meer gekompliseerd as wat dit soms uitgemaak word.

Wat u vraag oor ander "swart" digters betref: ek kan natuurlik nie vir hulle praat nie! Hierop kan ek maar net antwoord: Siedaar, die sake is heel gekompliseerd!

5. Hierdie nuwe Suid-Afrikaanse digkuns sal uit die aard van die saak groter samewerking verg tussen alle Afrikaanse digters en uitgewerye. Dit blyk egter steeds dat daar 'n soort skeptisisme by sommige "swart" digters bestaan wat betref die ware rede(s) waarom daar skielik deur die hegemonie in die Afrikaanse letterkunde bondgenootskappe gesoek word, naamlik dat hulle slegs gebruik word as middel tot 'n doel (misbruik word). Dit is dalk om hierdie rede dat sekere digters verkies om hul bundels self uit te gee (Vergelyk byvoorbeeld GENESING IN VUIL WATER deur Marius Titus, wat hy in 1999 uitgegee het.). Wat is u opinie hieromtrent?

Is dit nie maar 'n saak vir elke digter of skrywer se eie oordeel en gewete nie?

6. Uit my ondersoek tot dusver blyk dit dat daar twee skole van gedagtes ten opsigte van inklusiwiteit bestaan. Aan die een kant is die groep wat nie 'n probleem het om met die hegemonie in die Afrikaanse letterkunde saam te werk nie. Aan die ander kant is daar egter die groep by wie daar blyk 'n tipe kollektiewe ideologiese, politieke en filosofiese oortuiging te bestaan. Vraag: Kan hierdie kollektiewe oortuiginge dalk toegeskryf word aan die feit dat 'n groot korpus van "swart" Afrikaanse digters tot die NG-Kerk behoort? Dit is tog gemeenplaas dat daar oor die jare baie konflik tussen die "wit" en "bruin" kerke van hierdie denominasie was wat heel moontlik hul standpunt in hierdie opsig kon beïnvloed het (Ek dink hier veral aan wat u gesê het in 'n onderhoud in die Algemene Kerkbode (11 Augustus 1995: 5) waar u verwys na *die gelui van die kerkklokke (ten tyde van apartheid, die een uit die wit wyk die ander uit die bruin wyk)*).

Ja, die kerk het baie daarmee te doen. Saam hiermee moet ek tog daarop wys dat van ons voorste "nuwe visie"-letterkundiges vandag in die bestuursrade van die "hegemonie"-uitgewers dien! Versoening is aan die orde van die dag! Ironieë in die lewe hou nie op nie.

7. Daar my ondersoek handel oor inklusiwiteit, sou ek ook graag die volgende kwessie wou aanraak. Die feitlik absolute afwesigheid van gepubliseerde werke van vroulike "swart" digters is baie opmerklik by die lees van enige versamelbundel.

Die volgende uittreksel is geneem uit 'n onderhoud deur Vernie Plaatjies met S.P. Benjamin, skrywer van *Die reuk van steenkool*:

Plaatjies: Stem jy saam dat die politieke veranderinge in die land 'n rol gespeel het ten opsigte van uitgewers se houding teenoor ander Afrikaanse skrywers?

Benjamin: Ja, maar dis verbasend hoe min bruin vroue publiseer. Wat doen hulle met hul tyd? (Karring 15/ Somer 1998/1999: 31)

Na my mening kan 'n deel van die antwoord op hierdie vraag van Benjamin gevind word in u kommentaar gedurende 'n onderhoud deur Suzette Truter, joernalis by Sarie:

As jou vrou 'n klagte oor jou kon uitspreek, wat sou dit wees?

Rosalie is nie 'n feminis nie, maar ek dink dis vir haar soms moeilik dat ek die geleentheid het om te skryf, terwyl sy met dinge in die huis besig moet wees. After all, is sy ook 'n skrywer, sy is immers ook akademies verbonde aan die Departement Opvoeding aan die UWK. Ek dink so iets krap maar altyd aan 'n vrou. Ek voel skuldig daaroor. En hoewel ek baie lief is vir die kombuis (dis een van my gunsteling-plekke) is ek nou nie juis 'n ou wat sake daar kan oorneem nie (eie onderstreping) (Sarie, 30 Maart 1994: 30).

Na my mening, uit 'n vrou se oogpunt, sal bogenoemde vraag van Benjamin menige vrou omkrap. Hoewel dit blyk dat u begrip het vir 'n "vroue-skrywer" (Ek het, soos Antjie Krog, ook 'n wesenlike probleem met sodanige verwysing) in so 'n situasie,

- is begrip egter genoeg?

- sou u sê dat die tradisionele rol van die vrou in kerklike verband en in die breër Suid-Afrikaanse gemeenskap (van patriargale oorheersing), een van die hoofredes is vir die verskynsel dat daar so min gepubliseerde werke van vroulike "swart" digters bestaan?

Benjamin se vraag (indien hy dit bedoel het soos u dit voorhou) krap my ook om.

Nee, "begrip" vir die situasie van vroue in ons samelewing - wêreld-samelewing - is nie genoeg nie. Maar dis 'n allemintige her-opvoeding van die mensdom wat wêreldwyd op ons wag, wég van die patriargisme. En dis natuurlik nie net digters en skrywers se werk nie.

En weer eens, ja, die kerk het met dit alles veel te doen! Terwyl God voorgehou word as "die Almagtige Vader", lê daar probleme op ons pad. Sou God egter as 'n "Almagtige Moeder" gestel word, eweseer! Wat dan?

7.3. Marius Titus ('n Opsomming van sý reaksie op die vraelys)

(Die onderstaande is 'n samevattende reaksie op die vraelys na 'n telefoongesprek met betrekking tot inklusiwiteit.)

Ek is 'n Genesis 1: 27. Ontevredenheid oor my voorkoms is Godslasterlik en onwilligheid om my aardse werk te verrig, kom neer op growwe pligsversuim. Ek weet waar ek vandaan kom, iets wat diep dankbaarheid in my bring teenoor my Skepper se werk.

Menswees is saamwees en hoe ander se hantering van hul demokratiese regte my menswees raak, is belangrik. Ons praat van 'n nuwe *demokrasie*. Dit was nog nooit nuut en dit sal ook nooit wees. Demokrasie is en was maar altyd iewers gebruik of misbruik, benut of onderbenut, vertroetel of vertrap en selfs as skuilbossie vir ander vergrepe aangewend.

In ons demokrasie soek ek steeds na my identiteit deels weens ander se miskenning daarvan en selfs ander se *begrip* daarvoor. Sommiges verstaan dit so goed dat hulle my demokraties as swart digter, politiese digter, agtergeblewe digter, veelsoortige benadeelde digter, straattaaldigter en wat nog meer indeel. Hul probleem is my wanbegrip daarvan.

Ek het groot probleme met marginalisasie en ek verset my steeds teen uitgewers wat werke om verkeerde redes afkeur. Ek stem saam dat van my werk weens te lae standarde afgekeur is, maar my verkleur speel hierin geen rol. Ek spreek hiervan aan in *WIE*. Iemand het die spel demokraties ontwerp en my heel demokraties tot toeskouer gereduseer. Bo en onder het intussen rolle omgeruil terwyl ek steeds my nulposisie handhaaf so iewers in die middel. Dit was vir my nie belangrik om weens my agtergeblewenheid in 'n bundel opgeneem te word nie. Die grootste agtergeblewe gebied sit tussen my ore. Ek is nie lid van 'n skrywersvereniging nie omdat 'n grondwet aandui pro en anti wat ek is. Dan behou ek liever my vryheid van denke en keuse.

Wanneer uitgewers soms saamsmelt weens oorlewing, stem ek saam met koue logika. Ek is steeds gekant teen rassisties gefundeerde verwerping van tekste en het daarom met van hulle koppe gestamp. Patrick Petersen het egter aan my geleentheid gebied om in 'n saamrybundel te publiseer. Daarna wou ek nie stilstaan en wag op ander se genades nie. Ander skuld my in elk geval niks. Ek het drie bundels self uitgegee en sal 'n manuskrip aan 'n uitgewer toevertrou mits dit op die regte manier beoordeel sal word.

Ek hoop ek is 'n digter (nie een of ander soort nie) iewers op 'n eerlike kwalitatiewe skaal. Ek is met hierdie velkleur geskape en ek sien dit net as vel oor mens. Wanneer ek 'n soort iemand word wat volgens velkleur op demokratiese gronde ingedeel moet word, dan is ek pigmenteeld gestremd. Dan is daardie demokrate denkgestremd en ons demokrasie van vetkruit gemaak, een waarmee mens kan skuilbossies teken en posisies aandui.

7.3. Willie Adams (e-pos-onderhoud)

(Daar was eers informeel oor die onderwerp en konsepte gesels. Adams het toe die vrae soos volg beantwoord):

Vraag: Wat is u opinie met betrekking tot hierdie nuwe tendens van inklusiwiteit wat ook oor taalgrense heen strek?

Antw : Sonder twyfel is hierdie nuwe tendens van inklusiwiteit wat oor taalgrense heen strek, 'n goeie verwickeling. Laat ek egter net waarsku dat, soos met alle transformering, die tempo gans te stadig is na my sin. Ek is ook bekommerd dat swart Afrikaanse digters (skrywers) opgeneem word in die *establishment* met al sy voorkeure, reëls en bevooroordeeling. Dit is vir my net te “eenrigtingagtig”, soortgelyk aan wat in sport gebeur het met eenwording. Die vraag is: Wie gaan voordeel trek en vir hoe lank? Moet al die swart digters ook deur 'n soort van *development programme* gaan soos hul sport-eweknieë? Ek sou meer gerus voel indien totaal nuwe reëls, wette, ens. **gesamentlik** uitgewerk word, byvoorbeeld 'n beter en gelyke verspreiding van produksiekanale, aanvaarbare reëls en voorskrifte vir literêre toekennings, ens.

Vraag: Wat sou u sê sou die algemene gevoel hieromtrent onder “swart” digters wees, veral daar hulle voorheen deur die hegemonie in die Afrikaanse letterkunde gemarginaliseer was?

Antw : Vir die swart digter wat vanuit 'n politiek-geïnspireerde agtergrond skryf, soos ek, sal die algemene gevoel hieromtrent wees een van versigtigheid om gekoöpteer te word. Die algemene gevoel by hierdie groep is dat dieselfde voorbehoude en besware sal geld soos hierbo uiteengesit.

Vraag: Indien u oorwegend positief voel ten opsigte van die idee van 'n nuwe Suid Afrikaanse letterkunde, sou dit enigsins u posisie hieromtrent verander as u sou rekening hou met die feit dat dit heel waarskynlik tóg weereens die *establishment* in die Afrikaanse letterkunde sal wees wat aan die einde van die dag uitsluitel sal moet gee oor watter gedigte “publiseerbaar” is aldan nie?

Antw : Dit sou volgens my die kardinale punt in hierdie debat wees. Wat “publiseerbaar” vir die *establishment* is, stryk glad nie altyd met wat swart digters (skrywers) voel nie. Werke waarin direkte aanklagte gemaak word oor die toestande in die land en opreg politiek-gefundeerde werke, word meesal as “onpubliseerbaar” beskou. Dit wil vir my voorkom asof werke waarin uitgediende tipering en stereotipering van swart mense as temas gebruik word, effens “beter” vaar as werke wat handel oor

politieke bewustheid en politieke, sosiale en ekonomiese aandadigheid aan die apartheid-tragedie. As voorbeeld kan ek noem dat keurders en uitgewerye alewig van swart digters (skrywers) werke aanvra oor die “nuwe Suid-Afrika” of die “reënboognasie”-gedagte en nie werke oor 1960 (Sharpeville), 1967 (Soweto), 1985 (Trojan Horse) en die verwoesting van die Groepsgebiedewette, ontugwette en landsonteiening nie. Dit terwyl wit digters (skrywers) lustig pryse losslaan met historiese romans, gedigte en feeste wat handel oor die Franse Hugenote, Britse Setlaars, Anglo-Boere-oorlog en dies meer.

Vraag: Hierdie nuwe Suid-Afrikaanse digkuns sal uit die aard van die saak groter samewerking verg tussen alle Afrikaanse digters en uitgewerye. Dit blyk egter steeds dat daar ’n soort skeptisisme by “swart” digters bestaan wat betref die ware rede(s) waarom daar skielik deur die hegemonie in die Afrikaanse letterkunde bondgenootskappe gesoek word, naamlik dat hulle slegs gebruik word as middel tot ’n doel (misbruik word). Dit is dalk om hierdie rede dat sekere digters verkies om hul bundels self uit te gee. Vergelyk byvoorbeeld **GENESING IN VUIL WATER** deur Marius Titus, wat hy in 1999 uitgegee het, asook sy vorige twee bundels **OOP GEMOED** en **DWANGHERFS**. Wat is u opinie hieromtrent?

Antw : Daar is definitief ’n soort skeptisisme by swart digters en ek sluit myself hieronder hulle in. Dit is ook waarom ek ten volle saamstem dat ons self ons bundels uitgee. Prog-uitgewerye het reeds geruime tyd bundels gepubliseer. Domestica-uitgewerye het reeds in 1990 OPTOG uitgegee. In 1995 het RIEMVASMAAK en EPISODES EN ANDER GEMEENSKAPSDRAMAS gevolg. In 1997 het EUREKA ESTATE SE HOË GEBOU gevolg. Marius Titus het die regte ding gedoen. Ek dink hierdie weg is ’n beter opsie.

Vraag: Uit my ondersoek tot dusver blyk dit dat daar twee skole van gedagtes ten opsigte van inklusiwiteit bestaan. Aan die een kant is die groep wat nie ’n probleem het om met die hegemonie in die Afrikaanse letterkunde saam te werk nie. Aan die nader kant is daar egter die groep by wie daar blyk ’n tipe kollektiewe ideologiese, politieke en filosofiese oortuiging te bestaan. *Vraag: Kan hierdie kollektiewe oortuiging dalk toegeskryf word aan die feit dat ’n groot korpus van “swart” Afrikaanse digters tot die NG-Kerk behoort? Dit is tog gemeenplaas dat daar oor die jare baie konflik tussen die “wit” en “bruin” kerke van hierdie denominasie was wat heel moontlik hul standpunt in hierdie opsig kon beïnvloed het (Ek dink hier veral aan wat Adam Small gesê het in ’n onderhoud in die Algemene Kerkbode (11 Augustus 1995: 5) waar hy verwys na die gelui van die kerkklokke (ten tyde van apartheid, die een uit die wit wyk die ander uit die bruin wyk).*

Antw : Dat daar wel twee skole van gedagtes ten opsigte van inklusiwiteit bestaan, is waar. Ekself behoort tot die groep by wie daar daar blyk ’n tipe “kollektiewe

ideologiese, politieke en filosofiese oortuiging” te bestaan. Ek gee toe dat ’n groot korpus van swart Afrikaanse digters tot die NG-Kerk behoort, maar dat dit oorwegend hieroor gaan, is ek nie seker nie. Ek dink die meerderheid van swart digters is nie lede van die NG-Kerk nie, daarom twyfel ek of dit in werklikheid so is. Ek sou dit liever aan die “kollektiewe ideologiese en politieke filosofie” van hierdie groep toeskryf. Anders gestel, ek dink ons is eerstens “politieke diere” voordat ons digters en/of lede van die NG-Kerk word of is.

Vraag: Hoe beskou u uself as digter binne die nuwe demokratiese politieke bestel?

Antw : Omdat ek voel ons is eerstens “politieke diere” en dan digters, is ek ongelukkig nie tevrede met ons huidige demokrasie nie. Ek dink dit skiet ver tekort en die mense vra nog steeds vir dieselfde basiese regte as tydens die vorige bedeling. Ek sal nooit lirie raak oor die *rainbow miracle* nie.

7.4 Kirby Van der Merwe (opsomming van gesprek)

(Tydens 'n informele gesprek met Kirby Van der Merwe, waarin hy gevra is wat sy standpunt is ten opsigte van die idee van 'n inklusiewe Suid-Afrikaanse letterkunde, het ek die volgende aantekeninge gemaak wat hy agterna deurgelees het. Hy het ingestem dat dit by hierdie ondersoek ingesluit mag word.)

Van der Merwe stem saam met die idee van inklusiwiteit. Hy meen verder dat Afrikaans gesien behoort te word in die breër, groter Afrika. Hy sê vervolgens: “Miskien sluit ek hier aan by Pres. Thabo Mbeki se ‘Renaissance’-visie”, want “Afrikaans is nie beperk tot die Limpopo- en Oranjerivier nie”. Hy beskou Afrikaans ook as “'n wêreldtaal - anders as inheemse tale - 'n hibriede taal met wortels in klassieke tale, Maleis, Engels, Portugees, Xhosi, ens.”. Van der Merwe meen egter dat daar op die oomblik “kosmetiese pogings aangewend word om op polities-korrekte wyse inklusiwiteit in verskillende tale na te streef, wat soms grens aan pretensie” en wys op die gevaar daaraan verbonde, want “as politiek in taal so nou verweef word met kuns, dan is die dood in die pot,” omdat kreatiwiteit sodoende aan bande gelê word.

Volgens Van der Merwe is die term “inklusiwiteit” in die huidige tydvak té polities gelaai, gevolglik is daar magte en kragte wat die hele idee van inklusiwiteit teenwerk. Dus, volgens hom, is inklusiwiteit onhaalbaar, veral as gevolg van “spanninge tussen die verskillende bedrywers van verskillende tale in die land (Engels het sy eie spanninge), spanninge tussen die establishment en voorheen gemarginaliseerdes”.

Hy verduidelik die “spanninge binne die voorheen gemarginaliseerdes” as kenmerkend van verdeeldheid tussen: “dié wat deur die hoofstroom gepubliseer word en dié wat by ‘alternatiewe’ publikasiehuise (soos Kwela) publiseer of self publiseer, hetsy uit hul eie sak, of deur middel van befondsing”.

Van der Merwe noem dat hy “deur die grapevine” gehoor het dat enkeles wat deur die hoofstroom gepubliseer is, deur die hegemonie gekoöpteer is (gekoöpteerdes in ’n negatiewe sin) en dat diesulkes deur die “nie-gekoöpteerdes” beskou word as “sell-outs” of “literêre hoere/prostitute”. Hierdie groep wat nie met die hegemonie wil “saamwerk” nie, sit, volgens hom, op “morele hoëgrond”.

Wat Van der Merwe betref, gaan dit vir hom nie oor ’n leeskultuur of ’n boekekoopkultuur nie, maar primêr om die kuns, want hy beskou homself eerstens as skrywer en kunstenaar en nie as ’n sosiale werker nie. Hy meen dat mense wat gedurig “struggle”-poësie skryf, hulself “op die altaar plaas vir sekere ideologieë” en noem dan dat ’n mens moet groei. ’n Kunstenaar kan hom nie laat voorskryf deur ’n ideologie (“deur God en gebod”) nie.

Op ’n vraag wanneer hy begin skryf het, sê Van der Merwe dat hy eers in 1995 begin skryf het. Hy skryf in Standaard-Afrikaans en sê dat die hele kwessie van Kaaps ironies is, want diegene wat Kaaps as omgangstaal gebruik, skryf soms self nie Kaaps nie, maar Standaard-Afrikaans, soos hulle dit op skool geleer het, en dat sommige intellektuele Kaaps “pleeg”, terwyl hulle gewoonlik nie self Kaaps praat nie. Hy kan nie insien waarom mense hierdie register moet aanwend in gedigte en ander literatuur nie, behalwe natuurlik wanneer hulle die sprekers van Kaaps self laat praat. Hy is van mening dat Prof. Small met die gebruik van Kaaps destyds ’n punt wou bewys en dit reggekry het en sê dat dit toé geregverdig was. Dan vra hy spesifiek: “Waarom in Kaaps skryf?” Hy meen die gebruik van Kaaps vandag kan slegs geregverdig word wanneer dit die sprekers daarvan se direkte woorde is.

Op die vrae “Wat is die kriteria?” en hoekom juis sý werke deur die hoofstroom aanvaar word vir publikasie, antwoord Van der Merwe slegs: “Is dit omdat die hoofstroom, om polities-korrek te wees, agteroor buig?” Van der Merwe meen dit is kwessies soos hierdie wat aanleiding gee tot ongefundeerde aannames en uitsprake, want hy is al gevra (deur ’n “wit” skrywer) of hy dit wat geskryf is, self geskryf het, waar sy stem eindig en waar die

stem van die uitgewer begin - asof hy 'n soort "spookskrywer" is wat deur die establishment gebruik word om polities-korrek te wees.

(Na die gesprek met Van der Merwe waartydens hy sekere uitsprake gemaak het, het hy sy standpunte skriftelik soos volg opgesom):

Met die uitsprake wat ek gemaak het, wil ek nie sê dat ek nie uit dieselfde politieke agtergrond kom nie. As dit egter kom by my skeppende werk, dan speel ideologie en sekere kwessies nie 'n rol nie. Dan word dit bloot eenvoudig ek en my kuns.

Ek sien myself primêr net as kunstenaar, skeppende mens. Dit impliseer 'n soort van verpligting - amper Bybels - dat as jy 'n talent ontvang het, dit aan sonde grens om daardie talent nie te gebruik nie. Nie dat ek as gevolg van my agtergrond, ervaring en sosio-politieke stand onbetrokke by die wêreld staan nie, maar dat ek my kuns met algehele passie bedryf - eerstens.

In verband met inklusiwiteit:

Die term "inklusiwiteit" is in die huidige tydsgewrig té polities gelaai. Daar is magte en kragte wat juis die term / idee van inklusiwiteit teenwerk:

- (i) die spanninge tussen Engels en Afrikaans
- (ii) die spanninge tussen die koloniale tale (Engels en Afrikaans) en die ander inheemse tale (Bv. Nguni-tale)
- (iii) die spanning tussen die "establishment" (daar moet toegewings gemaak word, i.e. standarde moet verslap word - Kaaps moet aanvaarbaar wees) en die ander verligtes.
- (iv) spanninge tussen die groep "vroeër gemarginaliseerdes", veral verdeeldheid onder dié wat deur hoofstroom uitgewers gepubliseer is en dié wat nie. Ek noem dit na aanleiding van ongefundeerde aannames en uitsprake gemaak.

Inklusiwiteit is dus in sy aard onhaalbaar. Dit word deur sommiges gesien as 'n kosmetiese poging om 'n polities-korrekte wyse na te streef - om die onregverdighede van die verlede in te haal en reg te stel. Kan die term "inklusiwiteit" dalk 'n eufemisme vir regstellende aksie wees?

Is die doel met inklusiwiteit om 'n gemeenskaplike Suid-Afrikaanse taal na te streef? Is Afrikaans dan nie juis so 'n inklusiewe taal (met wortels in Europa, Ooste, Afrika) wat op nuwe bodem ontstaan het nie?

University of Cape Town

7.5 Diana Ferrus en Loit Sôls (Transkripsie van 'n gesprek)

(Niksseggende gedeeltes)

Ada Almano (vraagsteller): om dit makliker te maak... toe begin nou... toe begin ek my instudeer in die letterkunde... weer van voor af...met die gevolg ek moes al die bundels lees,...al die... lees wie is die nuwe poets...wie is die mense...enne...wat skryf hulle...en...

Loit Sôls: Wie sê hulle vandag is die nuwe poets?

A:... wat skryf hulle...

L: Wie sê hulle vandag...

A: (lag)

L: Nee, dis interesting vir my, want uhm...ek is...

A: Kyk, soos jy, byvoorbeeld...

L: Ek is nie 'n mainstream poets nie. I never considered myself to be a mainstream...

A: Ja...

L: You know... Ek is 'n performance poet mos.

A: Ek weet, ja...

L: Ek is nie writing...writing... hoe kan ek nou sê...mainstream writer nie...

A: Uhm...

L: For myself not... uh... ek is meer 'n performance poet.

A: Presies...

L: Jy sien? Dis dié dat ek jou nou vra...

A: Maar dis mos deel van poetry...

L: Dis dié wat ek vir jou vra nou...

A: Maar dis mos deel van poetry in elk geval, so...

L: Maar ek het net een boek uit, so...

A: Uhm... maar die een boek...maar jy is 'n welbekende naam in...

L: Ek wiet...

A: ...in literêre kringe...

L: Ek wiet... daar word impact gemaak, because... ek kom uit 'n anne angle... ek sê...die naam van die taal issie Afrikaans'ie, maar dis Ghoema...

A: Uhm... die wat jý nou gebruik, die...die...

L: Ja...Ni-e-e... ni-e-e...ek sê die ...ek sê...I... Ek generalize...

A: Is'it?

L: Die wat ek nou sê... ék generalize en sê die naam...wie het gedecide die naam van die taal is Afrikaans? Is jy mál...?

A: O... jy meen vir Afrikaans met al sy ...met al sy variante...

L: Die naam is Ghoema.

A: Uhm..

(Gedeelte nie van toepassing)

L: Wie't gedecide sy naam is Afrikaans? Wie het?

A: Uhm..

L: Some group of mansmense wat gedecide het "okay... nee ons is nou moeg van Engels, Engels, Engels, Engels nee, alles Engels?"

A: Ek weet, ja...

L: Wie't gedecide? Daar was nie een Khoisan... of Indonesian, Malaysian wat saam...

A: Saam decide het nie, ja...

L:... en daar was ook nie een vrou oek nie. Hulle was almal m...

A: Wit mans...

L: Wit mans gewies... wat gedecide het die naam is nou Afrikaans.

L: Wie't gedecide? Daar was nie een Khoisan... of Indonesian, Malaysian wat saam...

A: Saam decide het nie, ja...

L:... en daar was ook nie een vrou oek nie. Hulle was almal m...

A: Wit mans...

L: Wit mans gewies... wat gedecide het die naam is nou Afrikaans.
(Gedeelte nie van toepassing)

L: ...en dan het hulle ons woore gevat en gesê dis vloekwoore...

A: Soos ...(lag)...(onduidelik..) Toe maak hulle dit vloekwoorde.

L: Dis net woorde...dis net woorde. They made it ...uh-uh...deploring...Hulle het gedecide nee...uh-uh-

A: Want dit klink nou nie mooi op hulle oor nie...

L: Ja-a... You see, so...

A: En toe het dit later eintlik vloekwoorde geword.

L: Ja, ma' dis'ie vir my nie. Ek gebruik dit baie breedvoerig.

A: Is dit?

L: Ja.

A: Uhm.

L: Spesiaal in die nuwe poetry...

A: Ja..

L: Soort van... nuwe...nuwe poetry dis mos nou nie nuut nie. Dis die anne ding. Poetry issie new nie. Ienage ding wat jy skrywe...

A: En selfs 'n poet, né? Hulle sê nuwe poets of nuwe digters, maar daai digters skryf maar hóeka vandat hulle kinnere is, né? Ek meen ek vat dit van myself af. Ek is maar net... ek het nog nooit in my lewe één gedig gepubliseer nie, maar ek kan vir jou goed wys wat ek geskryf het van jáare gelede...

L: Wat is poetry? Is poetry net gepublishde goed of ...net wat jy skrywe?

A: En die feit dat ons nie kon publiseer nie,...ons wiet mos wat die redes daarvoor...

L: Nou...nou...nou sien jy wat ek sê nou?

A: Uhum...

L: Omdat.... ek nou gepublish het..maak dai...

A: ...van jou skielik 'n poet?

L: Is dai... is dai nou poetry? Maak dai van my 'n poet? You know what I'm saying?

A: Okay?

L: Dai's mos exclusive? What about you... that have been writing all your life and you've never been published. Does it ... are you not a poet now because you haven't been published?

(gelag van albei)

(Gedeelte nie van toepassing)

L: Ek is baie in Kwêla se offices en ek het 'n bietjie van 'n breëre idee van wat hulle doen.

A: Nou vertel vir my nou wat...waarna kyk hulle eintlik... wat is hulle kriteria? En wat soek hulle eintlik? Watter soort werke...

L: Hulle soek uh...soos ek sê...

A: Wat word afgekeur... waarin stel hulle nie belang nie?

L: Hulle stel nie belang in...in...in poetry nie...nie nou nie.

A: Okay...

L: Hulle het 'ie 'n market vir 'it'ie. Hulle stel belang in... in wat die market...vra...wat die market demand.

A: Uhm...en...wat demand die market?

L: Die market demand mos nou...uhm...uh...

A: "Rainbow-nation"...uhm...werke?

L: Wat ek wil sê... wat is 'ie woord? Uhm...uh...uh...uh...stories met mense-interest...

A: Okay?

L: You know? Kortverhale en novels...that's it.

A: Uhum? Oor aktuele dinge...

L: Uhm...miskien, miskien...as jy... in 'n biographical way skrywe ... van iemand wat 'n hele klomp mense ge-affect het...

(Gedeelte nie van toepassing)

(Diana Ferrus het haar intussen by ons aangesluit.)

A: So, Loit, wat jy eintlik vir my sê, is dat Ghoema, die taalvorm wat jy dan nou gebruik, né, is... is Ghoema, né, maar dit is nie 'n aparte taal nie - jy beskou die hele breë Afrikaans, maak nie saak watter vorm.... dit alles...jy noem dit Ghoema...

L: Die woord is nie Afrikaans nie.

A: Goed. Dit is eintlik die kern van...van...

L: My saak.

A: Ja...

L: En ek...ek...ek voel... ek voel ...(onduidelik)...

A: Ek dink baie mense interpreteer wat Loit bedoel het, eintlik verkeerd. Hulle voel dat jy nou hierdie taalvorm het en daai spesifieke taalvorm noem jy Ghoema...

L: Nee..

A: Maar dis nie wat jy bedoel nie. Afrikaans moet mos nou inklusief wees...alle variante gaan mos nou onder een...umbrella wees... dit is Ghoema.

L: Dis alles Ghoema, ja..

(Gedeelte nie van toepassing)

(Praat tegelykertyd. Onduidelik)

(onduidelik)

Diana Ferrus: Maa' jy sal sien, ek het daar in...in...ek kan dit ongelukkig nie (onduidelik)...Jy sal lees hie'so...in...in my bespreking...dan kan jy nou sien wat 'n mens nou sê van...uh... hoe...uh...hoe gaan ons maak?

A: Ja, wat ek vir jou eintlik wou gevra het...ek is nou so bly die tape is aan...jy't nou die dag oor die telefoon gesê ons moet 'n vroue swart...uh...

D: Ja, ja...die konferensie wat ek mee besig is...

A: Ja, en nou...en nou... ek weet Steward het ook gepraat van... hy't ook gepraat van die kulturele produksie wat verhoog moet word... miskien moet ons die swart studies invoer en so aan... en dan sê hy daar gaan some teenkanting wees, want mense gaan dit beskou as ...jy wil nou 'n aparte culture create en so aan..

D: Ja, ja...

A: Maar nou hoe voel jy oor die feit dat dit mag wees dat jy nou weer op jou eiland gaan funksioneer, né...tóg moet ons deel word van die breër Suid-Afrikaanse gemeenskap...

D: Jy sien...ja...

A: ...(onduidelik) verskillende sentimente daaromtrent. Die realiteit is daar...wat jy graag wil doen, né...wat jy graag wil sien...jou vision vir die toekoms vir Suid-Afrika, maar tog die realiteite wat...nie so positief is nie...

L: Uhm.

A: Né? So, hoe voel jy?

D: Ja. Wat ek ...wat ek sien...is 'n tydelike ding.

A: Okay?

D:Jy weet...die...die groot ding is... hoe gaan ons die speelvlak gelykmaak?

A: Reg...(onduidelik)...fondasie sal skep.

L: Uhm.

A: Jy weet?

D: Nie dat ek eksklusief swart wil wees nie, maar as ek...as ek reg gekyk het, is dit baie noodsaaklik dat swart vroue eers met mekaar... (onduidelik) en mekaar bemagtig...jy weet, baie dinge... ek het gister met Loit gepraat van hoe ons in onse gebiede moet gaan

om die leeskuiluur en die boeke-koopkuiluur te ontwikkel en sien daaruit wat...wat moet ons doen, sodat as...wanneer ons...as ons nou finaal weer in is in die een Suid-Afrikaanse uh..uh..letterkunde en ons lê onse... ons...onse ...uh...scripts voor, dat mense nie vir ons moet sê daar is nie 'n mark vir hierdie soorte werk nie.

A: Uhm...presies, ja..

D:... want op die oomblik kan mense maklik vir ons sê daar is nie 'n mark nie.

A: Nou daarom het ek nou die dag gepraat met jou van die...uh... it's almost like a vicious cycle, né...want...omdat daar nie 'n mark is nie, wil hulle nie die tipe goed publiseer nie. Omdat die goed nie gepubliseer word nie, gaan daar nooit 'n mark wees nie...

D: Ja.

A: ...want ons mense wil nie altyd die wit goed...goed uit 'n wit...e...e...

D: Perspektief nie.

A: ..perspektief lees nie, né?

D: Ja...

A: Of...(onduidelik)...ons het te veel daarvan gehad in elk geval ...al die jare.

D: Jy sien Ada, die ander ding is... waar ons ook realities moet wees, is dat uhm... hierie uitgewers...uhm...hy kry nie meer...jy sal sien in...in die onderhoude met Annerie...hulle kry nie meer die ondersteuning vannie...vannie...vannie...vannie government soos hulle vantevore gekry het nie, so vanuit 'n ekonomiese oogpunt moet jy dit verstaan...

A/L: Uhm.

D: Jy moet dit verstaan dat die mense kannie uh... uhm... vir jou publiseer as niemand ook daai boeke gaan koop nie.

A: Presies, ja.

D: Sien, dit is uh...uhm...dit is 'n realiteit.

A: Uhm...

D: En...en...uhm... ons moet daarvolgens werk dat ons ...saam met die skrywery en saam met die selfpublikasiewerk (onduidelik)...

A: So,...wat ek agterkom hier is dat die langtermyn doel is om dan uiteindelik een Suid-Afrikaanse digkuns dan te hê, maar op die grond moet ons begin om onself te...uh... establish dan om ons sterk te maak en 'n mark te ontwikkel sodat die leeskultuur in...in sekere ander gemeenskappe waar daar nie eintlik 'n leeskultuur is nie, te ontwikkel...

D: Ja...maar...miskien is daar 'n leeskultuur, maar die boeke-koopkultuur... en al daai soorte goed...om die boeke-koopkultuur te cultivate...

A: Ja., want die boeke-koopkultuur gaan mos daartoe lei dat meer poets dan gáán skryf...en...e...

D: Ja...ja...

A: ...wat wou ek nou gesê het...maar dit is interessant dat jy dit nou genoem het, want ek het nou... die ander perspektief, omdat...eh..ek was...ek was half...skepties, ek is baie vir inklusiwiteit, maar ek is ook baie gekant teen die feit... hoe die hegemony operate...jy weet...maar daar is die realiteit van... soos..uhm...ek dink dit was... Ferreira wat in 'n onderhoud met Heindrich Wyngaard gesê het almal suffer nou...al...wit, swart, almal...omdat die mark so swak is, né...omdat uh....die...hoe kan mens nou sê...ja, dit kom daarop neer dat die lesersmark is nie meer wat dit was voorheen nie... as gevolg natuurlik van elektronika...

D: Daar wil ek ook net weer van haar verskil, want, uh...hulle suffer(onduidelik) hulle suffer meer, want ons is nou nog nie gewoond...ons was nog nie exposed gewees aan 'n verkope, aan ondersteuning en alles daai soos hulle was nie. Al daai goedjies, al...

D: ...was excluded.

A: So, dit was hulle suffering... dit is hulle suffering...in elk geval nooit staatgemaak op daardie...

L: We couldn't... 'cause we were excluded from it.

D: Ja, ja... allie tyd was ons ma' ge-exclude. Vra jy nou vir Adam Small...vra jy nou vir...wie ookal. Vra jy vir Loit...!!

L: Uhm...

D: Ons sukkel...ons sukkel...ons sukkel...

A: Uhm...

D: ...en dan moet jy nog sy boeke koop...(lag)

(Dele van die volgende deel van hierdie gesprek mag nie bekend gemaak word nie. Dit was, soos Sôls en Ferrus gesê het, “off the cuff”, dus mag dit nie hier genoem word nie.)

A: Sê gou vir my... waarom...waaroor gaan die Khoi-beweging? Of wat... wat, wat...

D: Man, wat... die Khoi...Khoi-beweging...kyk, kyk, kyk...Loit is...Loit kan jou explain...die Khoi...hoe belangrik die Khoi-dinges is vir ons.

(Gedeelte nie van toepassing)

D: Ja. Maar...uh... (“off the cuff”). ...dis ’n kwessie van land...dis ’n kwessie van krag eis...die land... wat aan die Khoi behoort het...en so aan...en, en, en... (“off the cuff”). Ek...ek...ek probeer my eie investigation da....daarin maak...in my mind... (“off the cuff”).

L: Uhm.

D: (“off the cuff”) Ek weet nie wat is die uiteindelijke ding daarvan nie. Vir my...en ek dink stellig vir Loit ook...daai...daai’s ook iets waarna ons kyk, maar vir ons is dit om ons mense bewus te maak van die...ons het...jy weet...ons is Khoi...ons is Khoi... óók...om die identiteit...om die mind te unshackle...om die colonized mind te free. Dit is vir ons die belangrikste...deur onse werke...

L: Uhm.

D: ...deur onse optrede. Dit is die belangrikste...

(off the cuff)

L: I like that. Ja..dis decolonizing the mind..

A: Uhm...ma’...ma’...ma’...ek is...ek is bly dat jy dit noem nou...decolonizing the mind...want ek het presies daai...daai...term (onduidelik) ook en dis belangrik dat...dat ’n mens...dat dit gedoen word, want ons dink nog...ons self...mense self... ons dink nog soos die koloniste... soos dié wat ons gekoloniseer het...(onduidelik).

A: Uhm..

(“off the cuff”)

A: (lag) ...soos hulle sê..wat is art?

L: Uhm.

A: Wie definieer dit...veral innie...innie...innie Afrikaanse opset...

L: Who decides?

A: Who decides?

L: Who decides... You know what? A ball of shit is art... its the way its re... its presented...

A: Presies! Ek het daai selle ding nou... Ek het hoeka nou die kwessie van die sogenaamde high en low cul... low art... teenoor mekaar gestel. Daai tyd toe ek... toe ek julle... jou bundel gelees het... en bespreek het... toe's my... die... die... die...

L: Wat was die general concensus van daai?

A: Die... die ding was eintlik... die... die... die... module was... *The aesthetic challenge of popular art and mass culture*... waar... Ghoema en allie anner sogenaamde art wat nou nie as high beskou is nie... wie besluit wat is high art en low art?

L: Oh... you're reminding me of something...

A: (niksseggend) Ja... daar is klomp dimensions... jy weet... wat betref... poësie, letterkunde, high art, low art, al daai nonsens, maar... ek dink ek het die prentjie en ek is bly vir die... (onduidelik)...

(gedeeltes nie van toepassing)

(Band word omgekeer)

L: ...want ek het geweet die goed wat ek skrywe is... uhm... even nou nog... ek skryf narrative poems..

A: Uhm.

L: You know... en sy't opge... sy... sy't daai opgetel en sy sien't van 'n ...publishing point of view..

A: Uhm.

L: Sy voel 'it moet... ingekort wies... 'it moet... e... kortere gemaak wôd... you know... soort van..

A: Uhm, uhm.

L: And I did that, 'cause I think it was necessary en ek het geleer uit dai, want dis important as jy... Skryf jou narrative werk, but skryf ook short punchy goed.

A: Okay...en nou, en nou... Wat dink jy van Hein Willems se kommentaar op jou...

L: Ek dink nie oor Hein Willems se kommentaar nie.

A: Uhm...ma' jy weet wat hy gesê het...?

L: Ja...

A: Stel nie belang nie...dis nie belangrik nie, want Hein skryf nou weer uit die oogpunt van 'n akademikus (onduidelik).

L: ...as pedantic.

A: Ja.

L: Uhm... Straatpraat mean less art...

(Gedeeltes nie van toepassing)

A: Uhm....maar nou ...die ding is...toe Adam Small Kaaps geskryf het... en nog anner mense, toe't hulle vi' hom oek aangeval en Kaaps was...nou...hoekom moet hy nou so skryf...jy weet? En oor...met verloop van tyd het die hele opvatting en...sentimente jeëns Kaaps verander...

L: Adam Small het vir hulle ge-remind wa'rie...wa'rie taal vandaan kom..

A: ... want dieselfde mense wat so daarteen gekant was, sal ook nou in Kaaps skryf.

L: Ek doen dieselle wat ek ...ek doen dieselfde wat Adam Small gedoen het. Ek remind net vir hulle wa'rie taal regtig vandaan kom.

(Gedeelte nie van toepassing)

L: Ma' dan is daa' die anne aspek oek...van...van...van ...poetry. Enige ding wat vi' my organically gebeur,...kyk hie', daa' was 'n tyd wat daar nie poetry was innie... innie in die development van die human species...

A: Uhm..

L: Was daar nie poetry...written poetry nie...

A: Uhm...alles oral ...

L: Ja, but...

A: Even... even...even..eh... Shakespeare...dit het begin as oral poetry ...innie strate...

(Gedeelte nie van toepassing)

L: Of is dit ma' net jou observation... wat dji maak...because wát is die poem? ...is wat dáá' uit...smeltkroes...

A: Uhm...

L: Háá's'ie poetry...nie wat djý... skryf nie...is wóórdel...Dji moet ma' net uit djou...

A: ...dis die teks agter die ...

L: ...uit jou arsenal van jou vocabulary haal dji siekere woorde uit om daai konteks te describe...

A: Uhm...

L: Daai's eintlik die poetry...

A: Presies. Dis mos nou die teks. Die's ma' net die geskrewe teks...

L: Ja...nou's'aa tien...

A: ...wat is die teks ágter die teks...?

L: Nou's'it tien different mense wat van dieselle ding skrywe en elkeen gaan sy eie interpretation skrywe... van die póetry!

A: Uhm.

L: Die woorde is'ie die poetry nie.

A: Die poetry is...dáár...

L: Is die...is die...is life...is...

A: Is waar dit vandaan kom.

L: And that is where the spirit lies...not in the writing. The spirit...is never spoken about...The spirit... of poetry...(sagter en baie afgemete) ...is not in the writing.

A: Uhm.

L: Dis maar net ek en jy wat try om sense te maak.

A: Ja...(onduidelik)..

L: ...van die spirit...want die spirit...because the spirit is the poetry...not the (written) poetry...the spirit.

A:Uhm..

L: The...the spirit of

A: Ek verstaan wat jy sê...

L: The spirit of poetry is never mentioned, because...ons wil onself... graag... elevate.

A: Uhm.

L: I'm looking to those gains...I'm into reality. Reality is nie woorde nie.

A: Uhm.

L: Is maar net...my...description van daai.

A: Uhm.

L: Wat ek meen is, is daai...spirit...(onduidelik)...

A: Jy in...jy as...as...

L: Ek het al met daai (onduidelik)....

A: Jy ...as kunstenaar...

L: Ja...

A: ...wil maar net jou lesers of jou hoorders of wie ookal ...bewus maak...

L: Uhm, ja.

A: ...van...

L: That is (onduidelik) van poetry.

A: Uhm.

L: Hie' kom ek saam met my Khoema...

A: Uhm.

L: ...wat 'n nogge issue raak.

A: Uhm.

L: You see?. How can... how can I even be removed from the reality, because nou raak...
Ghoema 'n side-issue.

A: Wie'jy Loit, ek verstaan eintlik nou baie meer van...van...ek is eintlik baie bly dat ek
vandag met jou kon gesels het. Wat jy nou genoem het, né, want ek wil nou eerlik wees
met jou...op een stadium...daa' is die... een.... gedig van jou wat in, in, in...jou bundel
straat en anne... wat ek ook voel...Hoekom het Loit dan nou die gedig geskryf? Want hy
noem dan net mense... die's dié ene en die's dié ene...ek dink jaa..*Baai se jaat* of iets...

L: Bay se jaat, ja. (onduidelik)

A: En dan...die dat ek genoem.... Wat is'ie ...boodskap...daa' issie 'n boodskap in nie,
maa' noudat jy dit noem...

L: Daa's'ie 'n boodskap in nie. Why must there be...

A: (lag) Exactly! Presies! Nou verstaan ek dit soveel beter, né! Dit is mos nou waar die
poetry is!

L: Uhm.

A: Dit is die poetry. En dis die spirit van daai mense...

L: Daai's 'n real plek!

A: ...in die bymekaarwees...

(Gedeelte nie van toepassing)

L: That's about it, ja. That's your (onduidelik)... That's what it is about. The word is
secondary. Dis net jou way van try om...sense te maak.

A: Maa' nou...nou...wat jy daar sê... daar is so baie daarvoor gesê... van die woorde op
papier...wat eintlik maar net 'n teks is...die teks...

L: Die reality...

A: ...agter die teks...dit is... waarom dit gaan, jy weet... en hoe dit ...hoe die ... hoe die eintlike teks vertaal... eh...dié woorde is maar net 'n vertaalde teks van 'n ander teks. Nou daai ander teks is mos nou eintlik die agtergrond van die eh...van die geskiedenis, die leefwyse, die kulture, en dit...dié is nou net...eh...'n weergawe van daai teks. Sommige mense gee dit effektief weer, ander gee dit nie so effektief weer nie en as dit nie effektief weergee word nie, dan is die spirit verlore, jy weet...

L: Uhm.

(Gedeelte nie van toepassing)

A: So, jy sal basies g'n probleem het om...uhm...om.... met die nuwe soort inklusiwiteit waar daar weggedoen word met grense soos...tussen taalgrense...selfs grense tussen Afrikaans en Engels...dan het jy mos die Afrikaanse...

L: Oh, ja-a...!

A: Afrikaanse letterkunde, die Engelse letterkunde...

L: Nee...daa's net ene...

A:...die Xhosa letterkunde, en so aan...

L: Daa's net ene...sorry...

A: Ons moet 'n Suid-Afrikaanse letterkunde hê, né?

L: Daa's net Ghoema. Ghoema is een.

A: Nou...

L: Ghoema is die all inclusive one.

A: Okay. Die SA ...(ondui)... ons noem dit mos sommer Ghoema.

L: Nee, ek noem dit nie sommer Ghoema nie...

A: Nee, ek meen...

L: ...dit is Ghoema.

A: Dit is Ghoema (lag)..

L: Ek noem dit nie...

A: Volgens Loit...

L: N-i-e...n-i-e-...nie volgens my nie.

A: Okay. Volgens wat dit is!

L: Volgens wat dit is, ja.

(Gedeelte nie van toepassing)

A: Die Suid-Afrikaanse digkuns...of die SA...taal...

L: Ja...is Ghoema.

A: Is Ghoema...en dit sluit nou sommer álles in.

L: Weet jy hoekom? Almal verstaan Ghoema.

(Gedeelte nie van toepassing)

L: Because it's about dialogue..not even...it's like...to communicate, you know...

A: Okay...

L: At the end of the day...

A: So Ghoema is a language of communication.

L: Absolutely!

7.6. Dr. Neville Alexander (Afskrif van lesing)

ENKELE GEDAGTES OOR LITERATUUR EN TRANSFORMASIE (Letterkunde-Ondersteuningskomitee, Vrydag, 17 Februarie 2001, Universiteit van Kaapstad)

1. My inset vandag raak enkele belangrike aspekte van sowel die begrip “literatuur” asook die begrip “transformasie”.
2. Kyk ’n mens na die vasteland van Afrika kan jy nie help om pessimisties te word nie; oral heers burgeroorlog, internasionale oorloë, hongersnood, pandemiese siektes, ongeletterdheid, armoede, e.d.m.
3. Maar dan word daar teenstrydig van ’n Afrika-Renaissance gepraat - Is dit blote utopiese gepraat? Is dit maar net retoriek? Of is daar regtig nog hoop vir ons mense van Afrika? Ons lewe mos hier aan die suidpunt van Afrika in ’n deel van die kontinent wat as die Kaap de Goede hoop bekend staan. En, ons is mensewesens. Mense is reeds mense, en nie diere nie, omdat hulle altyd alternatiewes kan sien en gewoonlik kan nastreef en selfs verwerklik. (Tensy die ondeurdringbare mag van die natuur, soos Shakespeare se “wispelturige gode”, mense tot die status van vlieë reduceer, soos verlede week in Gujerat en in El Salvador!).
4. Dit is reeds waar die literatuur ter sake is. Dit gaan hier oor die verbeelding, oor die skeppende vermoë om ander wêrelde, ander leefwyses te kan uitdink en daar te stel.
5. Ons lewe in ’n tyd van verskriklik snelle verandering waar kunswerke, insluitende literêre werke, help om ons gevoel vir begrip van dit wat nuut is en vir die mens waardevol is, op te skerp. Nie net om aan te pas en deel te word van die mensehordes in die verskriklike inkoopparadise nie! Maar om nuwe persepsies, nuwe mensweesmoontlikhede te kan identifiseer en uit te probeer.
6. Dit sluit alles in. Byvoorbeeld, die soort situasie waarin ons ons tans in Suid-Afrika bevind, waar ons noodgedwonge vir die eerste keer sedert die kruisvaart moet probeer om ’n wêreld of ’n samelewing sonder enige rassisme te skep. As ons dit ooit regkry, sal dit nie net ’n kunswerk wees nie, dit sal inderdaad ’n wonderwerk wees!

7. Dit sluit ook in, die soort probleem wat deur ons jeug se eksperimente met dwelmmiddels daartoe lei dat ons ons elke paar dae moet afvra of ons regtig nog weet wat die mens is, d.w.s. of ons nog die verskil tussen mens en dier kan bepaal.
8. Ek is geen kenner van die letterkundige panteon nie, maar ek meen te kan sê dat moderne skrywers soos Antjie Krog en Breyten net soos die opkomende groep skrywers in Elias Nel-hulle se Afrikaanse Skrywersvereniging, wat ek 'n paar jaar gelede leer ken het, besig is om ons sensitiwiteit vir hierdie nuwe wêreld te verfyn, dikwels d.m.v. die mees brutale woorde. Hulle werk help ons, soos alle groot literatuur en kuns dit doen, om 'n meer kontemporêre sienswyse te ontwikkel of, nog beter, te ontdek. Ons lees mos in Spreuke 29, v. 18, dat, as daar geen visie is nie, vergaan die mense. (Terloops, die vertolking van hierdie vers in die ou Afrikaanse Bybel wat ek nog het, spreek boekdele. Daar heet dit “As daar geen openbaring is nie, word die volk bandeloos”. En dit het niks met “Kom Veilig Daar (Arrive Alive)-veldtog te doen nie).
9. Hier beweeg ons so te sê op die boonste vlak, maar daar is baie ander vlakke waarop literatuur beweeg. Ek verwys hier net kortliks na die fundamente van literatuur as kulturele praxis, d.w.s. die bestaan, aldan nie, van 'n lees- en skryfkultuur. Alhoewel u self nie, of nie meer, op voorskoolse en primêre vlak bedrywig is nie, bly dit nogtans een van u professionele opdragte en take om die leeskultuur by u studente te konsolideer of aan te moedig en, dit moet ons ongelukkig vandag ook sê, self aan te wakker. Die elektroniese media lei al hoe meer daartoe dat die jeug geen, of min, genot in boeke en ander leesstof vind nie. Dit wat vir my generasie een van die hoogste doelwitte was, naamlik om soveel as moontlik te kon lees (omdat vir ons daardeur so baie verskillende wêrelde oopgegaan het) vind ons vandag net nog by 'n dalende aantal middelklasmense nie net in Suid-Afrika nie, maar oral op aarde.
10. Die WKOD het onlangs 'n “Literacy Period” ingestel. Dit is een van die mees tranformerende skuiwes wat nog deur die owerhede gedoen is, natuurlik as dit op 'n konstruktiewe en progressiewe manier toegepas gaan word. Eers wanneer ons kleinspan weer die aanloklikheid en die towerkrag van 'n mooi verhaal of van 'n suksesvolle gedig ontdek, sal ons met 'n mate van realisme van 'n “Afrika-Renaissance”, 'n herontwaking van ons mense, kan praat.

11. Dit is die eintlike uitdaging vir ons as opvoeders. Dit gaan vanselfsprekend daaroor dat ons kinders vir hulle taal of tale gesien as grammatika of as prosodie, 'n gevoel en begrip moet kry, maar dit gaan veel meer daaroor dat hulle deur die uitstraling van metafore en die onverwagse wendinge van die vertelkuns, die digkuns of die verhoogkuns meegesleep word, sodat hulle óf/én beter kan ontleed óf/én beter kan voel en uiteindelik beter, d.w.s. meer menslik, kan leef en wees.
12. Soos alle mense op aarde word ons Suid-Afrikaners vandag ook deur die barbarisme van die sogenaamde globalisering bedreig. Hoe makliker dit teoreties geword het om aan die lewe te bly, omdat alles goedkoper en beskikbaar is, hoe moeiliker word dit om mens te bly, veral omdat die gaping tussen rykes en armes ons medemense laat lyk of hulle op 'n ander planeet in die heelal rond dwaal. Die mans en vrouens wat met hulle gesteelde inkoopwaentjies deur ons strate dwaal en ons die sin van die menslike lewe met diep skuldgevoelens laat bepeins, is net so 'n simbool van ons tydvak soos die jong man of vrou met die sonbril op hul neus wat deur dieselfde strate agter die stuurwiel van hul BMW's jaag, sonder om selfs van die menslike wrakke langs die kant van die straat notisie te neem.
13. Net die kuns kan ons help om hierdie en ander sulke weersinwekkende verskynsels te oorbrug. Nie deur hulle weg te tower nie, maar deur ons daartoe te bring om heeltemal ander vrae te stel. Hierdie vermoë om vrae te stel, vrae waarop die antwoorde tot ander, meer menslike, wyses van optrede lei, *dit* is waaroor dit by literatuur gaan en *dit* is wat ons weer vir ons kinders teruggee.
14. Ek wens u alle voorspoed by u grootse taak toe.

Neville Alexander

16 Februarie 2001.

HOOFSTUK 8

SAMEVATTING

Hierdie studie is onderneem om te probeer bepaal wat die huidige posisie van “swart” digters is ten opsigte van ’n omvattende, inklusiewe Suid-Afrikaanse digkuns. Die kernbegrip hier, naamlik inklusiwiteit, staan sentraal binne die ideologie van demokrasie, en veral binne die Suid-Afrikaanse apartheidsfase, waar daar juis gestrewe word na ’n gemeenskaplike Suid-Afrika, vry van diskriminasie.

Twee woorde wat egter die afgelope paar jaar, sedert die instelling van ’n demokrasie, té maklik deur Suid-Afrikaners gebruik word, is “reënboognasie” en “Afrika-Renaissance”. Dit het tyd geword dat Suid-Afrikaners hulself afvra, soos Neville Alexander by die LOK-Simposium in Februarie 2001 by die Universiteit van Kaapstad: “Is dit blote utopiese gepraat? Is dit maar net retoriek?” (Sien hoofstuk 7 vir die volledige lesing gegee by genoemde simposium.) In hierdie lesing fokus Alexander spesifiek op die belangrikheid van die letterkunde vir die proses van transformasie:

Dit is reeds hier waar die literatuur ter sake is. Dit gaan hier oor die verbeelding, oor die skeppende vermoë om ander wêrelde, ander leefwyses te kan uitdink en daar te stel. Ons lewe in ’n tyd van verskriklik snelle verandering waar kunswerke, insluitende literêre werke, help om ons gevoel vir begrip van dit wat nuut is en vir die mens waardevol is, op te skerp. Nie net om aan te pas en deel te word van die mensehordes in die verskriklike inkoopparadise nie! Maar om nuwe persepsies, nuwe mensweesmoontlikhede te kan identifiseer en uit te probeer.

Dan sê Alexander voorts:

Dit sluit alles in. Byvoorbeeld, die soort situasie waarin ons ons tans in Suid-Afrika bevind, waar ons noodgedwonge vir die eerste keer sedert die kruisvaarte moet probeer om ’n wêreld of ’n samelewing sonder enige rassisme te skep (ibid.).

Die Suid-Afrikaanse werklikheid word gekenmerk deur ’n ryke verskeidenheid kulture, tale en taalvariante. ’n Inklusiewe Suid-Afrikaanse digkuns wat veral oor taalgrense heen strek, kan meehelp om die linguistiese diversiteit as ’n hulpmiddel aan te wend om

diskriminasie op verskeie vlakke teë te werk. Dit kan egter slegs gedoen word as dit verteenwoordigend is van 'n breër spektrum van Suid-Afrikaanse poësie. Alle Suid-Afrikaanse tale en taalvariante behoort gelyke dekking binne so 'n inklusiewe letterkunde te kry.

Hierdie ondersoek bevind dat daar reeds progressie op hierdie gebied plaasvind. Dit is sigbaar in versamelbundels wat die afgelope dekade, en selfs verder terug, gepubliseer is.

Dit is veral versamelbundels soos *SA in poësie/SA in poetry* (1988), *Poskaarte* (1998), *Die Suid-Afrikaanse poësie en 'n duisend en enkele gedigte* (1999), wat die agtergrond vorm vir hierdie ondersoek, asook die versamelbundel, *Groot Verseboek 2000* (2000) wat later in hierdie ondersoek bygebring is, wat inklusiwiteit in hul inhoud reflekteer.

Die publikasie van versamelbundels wat inklusiwiteit as uitgangspunt het en veral met betrekking tot die insluiting van werke in verskillende tale en taalvariante, is ongetwyfeld 'n positiewe stap, aangesien die gebruik om eentalige bundels uit te gee, dit wil sê bundels waarin slegs een taal verteenwoordiging geniet, daartoe bygedra het dat Suid-Afrika se linguistiese diversiteit as 'n probleem beskou was en die filosofie van segregasie, wat onderliggend was aan sy literêre geskiedenis, verder gestabiliseer het. 'n Inklusiewe Suid-Afrikaanse digkuns sal hierdie filosofie kan teenwerk. Dit sal ook die mite dat die letterkundes van onderskeie tale noodwendig onderskeie kulture verteenwoordig, weerlê, want so 'n opvatting is beslis vergesog, veral ten opsigte van Afrikaans en Engels, asook Kaaps, want die digters wat hierdie tale in hul digkuns aanwend, behoort nie noodwendig tot aparte kulture nie en hul werke verteenwoordig ook nie noodwendig aparte kulture nie.

Die gedagte van 'n inklusiewe letterkunde is egter nie nuut nie, want volgens Adam Small (Hoofstuk 7) het hy reeds lank gelede so 'n visie gehad. Dit is egter eers die afgelope dekade dat daar daadwerklike pogings aangewend is en meer aandag geskenk is aan die gedagte van 'n inklusiewe Suid-Afrikaanse letterkunde om die kulturele en linguistiese

gapings, wat segregasie verder in die hand kan werk, te oorbrug. In die lig van die feit dat die Suid-Afrikaanse werklikheid een van heterogeniteit en linguistiese diversiteit is, lê die geheim tot harmonie eenvoudig daarin dat Suid-Afrikaners moet leer om hierdie diversiteit met respek te benader ten einde die visie van 'n "Afrika-Renaissance" 'n werklikheid te maak.

Aangesien "swart" Afrikaanse digters in die ou politieke bedeling egter deur die hegemonie in die Afrikaanse letterkunde gemarginaliseer is, en in die lig van die voorgestelde inklusiewe Suid-Afrikaanse letterkunde, word die standpunte uit die geledere van hierdie groep digters teen die agtergrond van 'n toekomsvisie ondersoek. Dit is om hierdie rede dat sekere aspekte van postkolonialisme en sommige kritiek daarop, ondersoek is. Homi Bhabha, postkoloniale teoretikus, se opvatting van postkoloniale perspektiewe en hoe dit ontstaan het, is veral van belang as hy sê:

Post-colonial perspectives emerge from the colonial testimony of Third World countries and the discourses of 'minorities' within the geopolitical divisions of East and West, North and South. They intervene in those ideological discourses of modernity that attempt to give a hegemonic 'normality' to the uneven development and the differential, often disadvantaged, histories of nations, races, communities, peoples. They formulate their critical revisions around issues of cultural differences, social authority, and political discrimination in order to reveal the antagonistic and ambivalent moments within the 'rationalizations' of modernity (Bhabha, H, 1994: 171).

In die verlede is baie klem gelê op die "estetiese" en "grootse". Dit is veral hier waar die onderskeid tussen hoë en lae kuns intree. Brink verwys byvoorbeeld na die kriteria wat vir dekades lank in die Afrikaanse letterkunde gegeld het by die seleksie van publikasie materiaal, naamlik die fokus op die estetiese. Die vraag wat egter ontstaan, is: Wie bepaal wat is esteties en watter maatstawwe word aangewend om te bepaal wat is esteties?

Dit is met vroeë soos hierdie waarmee digters soos Willie Adams (Hoofstuk 7) en Marius Titus (ibid.) blykbaar nog steeds worstel. As gevolg van die marginalisasie van "swart"

Afrikaanse digters in die vorige politieke bedeling, bestaan daar dus huidiglik nog by “swart” digters uiteenlopende opvattinge wat betref samewerking met die hegemonie in Afrikaanse literêre kringe. In wese blyk almal egter ten gunste van inklusiwiteit te wees. Aangesien dit aan die einde van die dag nog hoofsaaklik die sogenaamde wit hegemonie sal wees wat gaan besluit wat in die Afrikaanse kanon opgeneem mag word, aldan nie, is daar by sommige “swart” Afrikaanse digters ’n skeptisisme om deel te word van die establishment in die Afrikaanse letterkunde. Hulle meen dat daar nog steeds teen hulle gediskrimineer word op grond van die tipe poësie wat hulle skryf en selfs op grond van hul velkleur. Sommige meen ook dat hulle in die nuwe politieke bedeling uit die transformasieproses gelaat word en dat mense wat statutêr onderskeidelik as wit en swart geklassifiseer word, ten koste van hulle bevoordeel word. Hierdie opvattinge lei daartoe dat diegene wat hierdie standpunt huldig, verkies om hul werke self te publiseer. Dit blyk veral duidelik as Willie Adams sê:

Sonder twyfel is hierdie tendens van inklusiwiteit wat oor taalgrense strek, ’n goeie verwickeling. Laat ek egter net waarsku dat, soos met alle transformering, die tempo gans te stadig is na my sin. Ek is ook bekommerd dat swart Afrikaanse digters (skrywers) opgeneem word in die *establishment* met al sy voorkeure, reëls en bevooroordeeling. Dit is vir my net te “eenrigtingagtig”.... Ek sou meer gerus voel indien totaal nuwe reëls, wette, ens. **gesamentlik** uitgewerk word, byvoorbeeld ’n beter en gelyke verspreiding van produksiekanale, aanvaarbare reëls en voorskrifte vir literêre toekennings, ens. (Hoofstuk 7).

Marius Titus sê onomwonde dat hy slegs ’n manuskrip aan ’n uitgewer sal toevertrou “... mits dit op die regte manier beoordeel sal word” (Sien hoofstuk 7 vir ’n volledige samevatting van sy kommentaar hieromtrent.).

In hoofstuk vyf word juis gefokus op die meganisme van insluiting en uitsluiting. Diaz-Diocaretz som die meganisme van insluiting en uitsluiting soos volg op:

In order to understand why a text by a Black poet has many times suffered transference into the category of non-artistic text in mainstream culture because it does not satisfy specific aesthetic requirements, I find it necessary first to realize we have at work here the mechanism of culture out of which “the minimal unit on any given level” is the opposition “culture-extra-cultural space” (Lotman 1975:59-

60). Equally important, this phenomenon requires our re-thinking of *who* defines culture and from *which locus*; it demand our re-examination of how this cultural “we” (an individual, a community) as subject of a given delimited sphere, re-defines itself and thereby determines what *is* to be *included* and *excluded* within or without its boundaries (Diaz-Diocaretz & Zavala 1985: 39).

In sy verdediging van populêre kultuur beklemtoon Richard Shusterman dat daar in beide die sogenaamde lae kultuur en hoë kultuur geslaagde werke, sowel as werke wat nie so geslaagd is nie, voorkom. Hy het dit veral teen die hoë/populêre kuns digotomie en spreek hom sterk daarteen uit as hy sê:

The strongest and most urgent reason for defending popular art is that it provides us (even intellectuals) with too much aesthetic satisfaction to accept its wholesale denunciation as debased, dehumanizing, and aesthetically illegitimate. To condemn it as fit only for the barbaric taste and dull wit of the unenlightened, manipulated masses is to divide us not only against the rest of our community but against ourselves. We are made to disdain the things that give us pleasure and to feel ashamed of the pleasure they give (Shusterman, R, 1992: 170).

Shusterman kritiseer ook konserwatiewe en Marxistiese kritici van populêre kultuur as hy daarop wys hoedat die digotomie hoë/lae kultuur konflik en verdeling binne gemeenskappe, asook binne die individu, kan laat ontstaan:

...while conservative and Marxian critics of popular culture repeatedly bemoan our contemporary societal and personal fragmentation (blaming it on such forces as modernization, industrialization, secularization, and capitalism), the rigid line of legitimacy they draw between high and popular culture both reinscribes and reinforces those same painful divisions in society, and still more deeply in ourselves (ibid.).

Die kwessie van identiteit (identiteitskrisis) wat hom nog pertinent by sommige “swart” digters manifesteer en wat daartoe aanleiding gee dat sommige digters gewetensbesware daarteen het om deur die gevestigde uitgewers gepubliseer te word, kan dalk gesien word as ’n struikelblok in die weg van eenwording. Dit hoef egter nie noodwendig die geval te wees nie, want die idee van inklusiwiteit kom nie uiteraard daarop neer om in versamelbundels opgeneem te word nie. ’n Inklusiewe Suid-Afrikaanse digkuns behoort

juis almal te verteenwoordig, hetsy in versamel- of enkelbundels en of dit nou selfpublikasie is of werke wat deur gevestigde publikasiehuise uitgegee word, behoort dit nie die nuwe digkuns te laat sneuwel nie.

Die uiteindelijke doel is dat die leser erkenning sal gee aan 'n verskeidenheid skrywers, deurdat almal se werke geles sal word, selfs tot op skoolvlak. Dit kom dus ook neer op die ingesteldheid van die leser met betrekking tot wat geles word, wat daartoe aanleiding sal gee dat die demokratiseringsproses bespoedig sal word deurdat grense afgebreek sal word wat tans nog bestaan tussen tale en taalvariante.

'n Tweede belangrike aspek van hierdie studie is 'n ondersoek na die redes vir die beperkte kulturele produksie van vroulike "swart" digters. Hierdie studie bevind dat die marginalisasie van vroue 'n universele verskynsel is en dat vroue in die Suid-Afrikaanse samelewing nog steeds tot 'n groot mate ondergeskik is aan die man, wie se patriargale posisie spruit uit tradisionele opvattinge binne gemeenskappe, sowel as die tradisionele rol van die kerk.

As gevolg van die toenemende *gender*-bewussyn meen sommige vroulike "swart" digters dat hulle as gevolg van hul status as "die tweedubbele verdruktes", hulself en mekaar moet bemagtig sodat hulle ook op gelyke vlak binne 'n gemeenskaplike Suid-Afrikaanse digkuns sal kan meeding. Ook die standpunte van sommige vroulike "swart" digters, naamlik dat hulle hulself eers wil bemagtig voordat hulle met die hegemonie sal saamwerk, behoort nie 'n struikelblok te wees vir hierdie nuwe letterkunde nie, want, hoewel daar reeds progressie is, behoort die nuwe digkuns, waar geen vorm van diskriminasie toegepas behoort te word nie, ook die kulturele produksie van hierdie groep digters merkwaardig te verhoog.

'n Inklusiewe Suid-Afrikaanse letterkunde wat lesers in staat sal stel om 'n breër skets van die Suid-Afrikaanse geskiedenis, in samehang met die uiteenlopende opvattinge en reaksies van digters, vanuit verskillende oogpunte te lees, sal daartoe bydra dat Suid-

Afrikaners kan begin om die kulturele en linguistiese diversiteit in die Suid-Afrikaanse samelewing, met wedersydse respek te benader. Sodoende kan die digkuns bydra tot die verwesenliking van 'n gemeenskaplike nasionalisme. Neville Alexander (Hoofstuk 7) sê tereg in sy lesing by die jaarlikse simposium van die Letterkunde Ondersteuningskomitee (LOK) met betrekking tot die uitdaging vir opvoeders:

Dit gaan vanselfsprekend daaroor dat ons kinders vir hul taal of tale gesien as grammatika of as prosodie, 'n gevoel en begrip moet kry, maar dit gaan veel meer daaroor dat hulle deur die uitstraling van metafore en die onverwagse wendinge van die vertelkuns, die digkuns of die verhoogkuns meegesleep word, sodat hulle óf/én beter kan ontleed óf/én beter kan voel en uiteindelik beter, d.w.s. meer menslik, kan leef en wees.

In die daaropvolgende paragraaf sê hy:

Soos alle mense op aarde word ons Suid-Afrikaners vandag ook deur die barbarisme van die sogenaamde globalisering bedreig. Hoe makliker dit teoreties geword het om aan die lewe te bly, omdat alles goedkoper en beskikbaar is, hoe moeiliker word dit om mens te bly, veral omdat die gaping tussen rykes en armes ons medemense laat lyk of hulle op 'n ander planeet in die heelal rond dwaal (ibid.).

Daar is genoegsame bewys dat, soos Suid-Afrika, die meeste lande wêreldwyd in wese multi-linguisties is en dat taal nie 'n instrument van uitsluiting is nie. Taal is 'n magtige middel om sosiale hervorming teweeg te bring. Dit is hier waar die letterkunde kan help om ware versoening tussen alle Suid-Afrikaners te bewerkstellig en om die onregverdigheide van die verlede reg te stel.

In die lig van die stellings hierbo vind ek dit gepas om Alexander (Sien hoofstuk 7) weer aan te haal as hy sê dat dit net die kuns is wat kan help om ander vrae te stel:

Hierdie vermoë om ander vrae te stel, vrae waarop die antwoorde tot ander, meer menslike wyses van optrede kan lei, *dit* is waaroor dit by literatuur gaan en *dit* is wat ons weer vir ons kinders wil teruggee.

Dit is 'n Suid-Afrikaanse realiteit dat sekere taalgroepe negatiewe gevoelens teenoor ander taalgroepe koester. Die proses van transformasie kan slegs suksesvol voortgesit word

indien alle vorme van diskriminasie uit die weg geruim word en dit sluit beslis ook die kwessie van taal in.

Daar sal daarteen gewaak moet word om nie dieselfde foute van die verlede te herhaal en die woorde *reconciliation* en *eenheid* slegs woorde te laat bly nie. Dit is nodig dat daar eerlik en daadwerklik tot daardie doel gewerk word. Digters en uitgewers behoort eerlik te wees in hul motiewe, sodat verhoudinge tussen hulle op 'n gesonde vlak kan ontwikkel en dat almal 'n visie vir 'n gemeenskaplike Suid-Afrika kan nastreef, sonder taal- rasse- kleur- geslag- en ander grense.

'n Nuwe inklusiewe Suid-Afrikaanse digkuns sal ongetwyfeld kan bydra tot die verwesenliking van 'n visie van 'n demokratiese en inklusiewe samelewing.

University of Cape Town

Bronnelys

Abrahams, P W, Beukes, E, Boezak, A, Petersen, P & Theunissen, I (samestellers) (1995) *Ons kom van ver af*. Vredenburg: Prog.

Adams, N, Boezak, A, Brown, F A, Hollenbach, C J, Mackier, M C, Petersen, P J & Titus, M, (samestellers) (1988) *Aankoms uit die skemer*. St. Helenbaai: Prog.

Adams, W, Koza, L, Petersen, P (reds) (1990) *Optog*. Grassy Park: Domestica.

Adams, Willie (1995) *Riemvasmaak*. Grassy Park: Domestica.

_____. (2000) E-pos-onderhoud. (Onderhoud gevoer deur Ada Almano). Kaapstad.

Alexander, Neville (1989) *Language policy and national unity in South Africa/ Azania*. Cape Town: Buchu.

_____. (1999) Opvatting dat koöptasiepolitiek Afrikaans kan red, is valse ligbaken. *Die Burger*: 31 Maart.

_____. (2001) Enkele gedagtes oor literatuur en transformasie. Lesing gelewer by die Letterkunde-ondersteuningsposium by die Universiteit van Kaapstad, Kaapstad, 17 Februarie 2001.

Almano, Ada (2000) Diana Ferrus en Loit Sôls (Transkripsie van 'n gesprek). (Gesprek gevoer met en getranskribeer deur Ada Almano.). Kaapstad.

Anthony, Frank (1983) *Robbeneiland my kruis my huis*. Kasselsvlei: Kampen.

Barthes, Roland (1977) *Image - music - text*. Great Britain: Fontana.

Benjamin, S P (1998/9) S P Benjamin: outsider en voyeur (onderhoud met Vernie Plaatjies). *Karring 15* Bellville: Departement Afrikaans, Universiteit van Wes-Kaapland.

Bhabha, Homi (1994) *The location of culture*. London/ New York: Routledge.

Black, Marguerite (2000) Ras-identiteit in die Afrikaanse milieu in 'n post-apartheidskonteks. (Honneursskripsie. Studieleier: E Van Heerden) Departement Afrikaans, Universiteit van Kaapstad.

Brink, A P (1985) *Literatuur in die strydperk*. Kaapstad: Human & Rousseau.

_____. (2000) *Groot Verseboek 2000*. Kaapstad: Tafelberg.

Brown, Floris (1994) *Gloei*. Worcester: Eden Opleidingskollege.

_____. (1996) *Phoenix*. Worcester: Chipros.

_____. (1996) *Waar aasvoëls draai*. Worcester: F A Brown.

Coetzee, Ampie (1976) *Poësie en politiek*. 'n voorlopige verkenning van betrokkenheid in die Afrikaanse poësie. Johannesburg: Ravan.

_____. & Willemse, Hein (samestellers) (1989) *IQabane labantu: poetry in the emergency-poësie in die noodtoestand*. Bramley: Taurus.

_____. (1990) *Letterkunde en krisis: 'n honderd jaar Afrikaanse letterkunde en Afrikanernasionalisme*. Bramley: Taurus.

Conradie, P (1989) *Verdraaide kerngegewe*. Vrye Weekblad: 21 April.

_____. (1991) *Die poëtiese teken as intertekstuele kruispunt van die geskiedenis en meer spesifiek geslag in die Antjie Krog-tekste*. (Ongepubliseerde D. Litt-verhandeling: Promotor: Prof A J Coetzee). Bellville: Universiteit van Wes-Kaapland.

_____. (1996) *Geslagtelikheid in die Antjie Krog-tekste*. Wes-Kaap: Pieter Conradie.

Cronin, Jeremy (1986) 'Laat ons nou ranks vassa' - African poets and the use of Afrikaans. (Voordrag by die simposium vir "Swart Afrikaanse skrywers" by die Universiteit van Wes-Kaapland.) IN: *Swart Afrikaanse Skrywers*: Smith, J, van Gensen, A & Willemse, H (reds.) Bellville: Universiteit van Wes-Kaapland.

De Vries, Anastasia & Weideman, George (samestellers) (1997) *Nuwe stemme 1*. Kaapstad: Tafelberg.

De Wette, J (1997) *Die koning in die buiteland*. Kaapstad: Perskor.

Diaz-Diocaretz, M & Zavala, I (eds) (1985) *Women, feminist identity and society in the 1980's*. Amsterdam / Philadelphia: John Benjamins Publishing Company.

Du Plessis, Clinton (1988) *Curriculum Vitae*. Cradock: Du Plessis.

Du Plessis, H (1998) Dis nie sommer sulke straatgoeters. *Beeld*: 3 Augustus.

Eagleton, Mary (red) (1986) *Feminist literary theory: a reader*. United Kingdom: Basil Blackwell.

Ferreira, Jeanette (1998) Wat van 'n Afrikaanse skrywersberaad? *Karring 15*, 1998/9. Bellville: Departement Afrikaans, Universiteit van Wes-Kaapland.

- Ferrus, Diana (1999) Swart Afrikaanse vroueskrywers: Ontluikende talent of gemarginaliseerde skrywers? (Honneursskripsie: Studieleier: Christelle Stander). Bellville: Universiteit van Wes-Kaapland.
- Foucault, M (1972) *The archaeology of knowledge* London: Routledge.
- Foster, R & Viljoen, L (samestellers) (1997) *Poskaarte: beelde van die Afrikaanse poësie sedert 1960*. Kaapstad: Tafelberg.
- Gates, Henry Louis Jr. (1987) *Black structures of feeling*. New York: Oxford University Press.
- Geldenhuis, Ingrid (1996) Op soek na rolmodelle. *Karring 11*, 1996. Bellville: Departement Afrikaans, Universiteit van Wes-Kaapland.
- Gerwel, G J (1986) Van Petersen tot die hede- 'n kritiese bestekopname In: Smith, J, Van Gensen, A & Willemse, H (reds.) *Swart Afrikaanse skrywers: verslag van 'n simposium gehou by die Universiteit van Wes-Kaapland*, Bellville. Bellville: Universiteit Van Wes-Kaapland.
- _____. (1988) *Literatuur en apartheid - konsepsies van "gekleurdes in die Afrikaanse roman tot 1048*. Bellville: Universiteit van Wes-Kaapland.
- Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika. (1996) Wet 108 van 1996.
- Hambidge, Joan (1988) Sulke heruitgawes red tekste. Resensie van Kitaar my kruis - Adam Small (heruitgawe). *Die Vaderland*, Jg. 7: 11.
- _____. (1989) Belangwekkende digbundel. Antjie Krog se Lady Anne wys sy kán sonder Opperman werk. *Beeld*: 18 September.
- Hatting, R (1989) Monumentale poging om Afrikaans te bevry. *Vrye Weekblad*: 23 Maart.
- Jansen, Valda (1996) Weg met seksisme en paternalisme. *Karring 11*, 1996. Bellville: Departement Afrikaans. Universiteit van Wes-Kaapland.
- Komrij, Gerrit (samesteller) (1999) *Die Afrikaanse poësie en 'n duisend en enkele gedigte*. Amsterdam: Bert Bakker.
- Kristeva, Julia (1987) *Desire in language. A semiotic approach to literature and art*. (T. Gora, A Jardine, L S Roudiez : Trans.) New York: Columbia University Press.
- Krog, Antjie (1981) *Otters in bronslaai*. Kaapstad: Human & Rousseau.
- _____. (1989) Waarom praat ons van 'vroue'-skrywers? *Die Suid-Afrikaan*: Augustus.

Lo Bianco, Joseph (1996) Language as an economic resource: Language planning report no 5.1. August 1996.

Mabandla, B (1997) Opening Address. In: Willemse, H, Hatting, M, Van Wyk, S & Conradie, P (reds.) *Die reis na Paternoster: 'n verslag van die tweede swart Afrikaanse skrywerssimposium gehou op Paternoster vanaf 29 September tot 1 Oktober 1995*. Bellville: Universiteit van Wes-Kaapland.

Malan, C & Smit, B (reds.) (1985) *Skrywer en gemeenskap: tien jaar Afrikaanse Skrywersgilde*. Pretoria: HAUM Literêr.

_____. (red) (1987) *Race and literature. Ras en Literatuur*. Pinetown: Owen Burgess.

Malan, Lucas (1988) Om gelukkig te wees. (resensie van Adam Small se *Kitaar my kruisderde*, hersiene uitgawe) *De Kat*, Jg. 4(1).

Marais, G F (1987) *Afrikaans en Afrikanerskap* M A- tesis. Universiteit van Suid-Afrika.

Meintjies, G (1998) Postkoloniale (Afrikaanse) Kantaantekeninge. *Karring 14*. Bellville: Departement Afrikaans. Universiteit van Wes-Kaapland.

Montenegro, D (red) (1991) *Points of departure*. International writers on writing and politics. USA: The University of Michigan Press.

Moore-Gilbert, Bart (1997) *Postcolonial theory: context, practices, politics*. London/ New York: Verso.

Oliphant, Vincent (1983) *Bloed vloei in stilte*. Kaapstad: Tafelberg.

Oliphant, Walter (1989) The new illiteracy vs the old colonialism. *Weekly Mail*: 11 Mei.

Petersen, Patrick (1985?) *amandla ngawethu*. Genadendal: Patrick Petersen.

_____. (1997) Die ongelyke magverhoudinge in die Afrikaanse letterkunde. In: Willemse, H, Hatting, M, Van Wyk, S & Conradie, P (reds.) *Die reis na Paternoster: 'n verslag van die tweede swart Afrikaanse skrywerssimposium gehou op Paternoster vanaf 29 September tot 1 Oktober 1995*. Bellville: Universiteit van Wes-Kaapland.

_____. (1988) *Advent*. St. Helenabaai: Prog.

_____. (1993) *Vergenoeg*. Vredenburg [i.e. St. Helenabaai]: Prog.

Plaatjies, Vernie (1998/9) S P Benjamin: outsider en voyeur. (onderhoud met Vernie Plaatjies) *Karring 15*. Bellville: Departement Afrikaans. Universiteit van Wes-Kaapland.

Rabie, J (1961) The guitar and the cross. *Cape Times*: 6 Desember.

Redlinghuys, Aubrey (1997) Afrikaans en demokratisering. In: Willemse, H, Hatting, M, Van Wyk, S & Conradie, P (reds.) *Die reis na Paternoster*. Bellville: Departement Afrikaans en Nederlands, Universiteit van Wes-Kaapland.

Schreuder, B K (1998/9) Uitkomsgebaseerde Onderwys in Suid-Afrika- enkele perspektiewe. In: *Karring 15*. Bellville: Departement Afrikaans. Universiteit van Wes-Kaapland.

Shusterman, R (1992) *Pragmatist Aesthetics: living beauty, rethinking art* Massachusetts, USA: Blackwell.

Small, Adam (1994) Klein gestalte, groot gees. (onderhoud met Suzette Truter) *Sarie*: 30 Maart.

_____. (1995a) Adam Small praat uit hart oor rol in SA. (onderhoud met Heindrich Wyngaard) *Boekewêreld*: 19 Julie.

_____. (1995b) Kaaps, die taal vannie curves. (Met erkenning oorgeneem uit die jongste uitgawe van Afrikaans Vandag, maandblad van die Stigting vir Afrikaans.) *Die Burger*: 22 Julie.

_____. (1996) Kaapse digter-filosof Adam Small kyk op 60 terug. (onderhoud met Heindrich Wyngaard) *Die Burger*: 24 Desember.

_____. (2000) Reaksie op vraelys. Kaapstad.

Smith, Julian, F, Van Gensen, Alwyn, Willemse Hein (reds.) (1986) *Swart Afrikaanse skrywers: verslag van 'n simposium gehou by die Universiteit van Wes-Kaapland*, Bellville. Bellville: Universiteit Van Wes-Kaapland.

_____. (1990) *Toneel en politiek: 'n voorlopige dokumentering en ideologiese verrekening van kontemporêre swart Afrikaanse toneelaktiwiteit in die Kaapse skiereiland*. Bellville: Universiteit van Wes-Kaapland.

Sôls, Loit (1998) *My straat en anne praatpoems* Kwela: Kaapstad.

_____. (1998) Loit Sôls se taal is tromslag. (Sôls in gesprek met Herman Wassenaar) *Afrikaans Vandag, Jg. 5 (3)*: Junie.

Snyders, Peter (1982) *'n Ordinary mens*. Kaapstad: Tafelberg.

Stam, R, Burgoyne, R & Flitterman-Lewis, S (reds) *New Vocabularies in film semiotics. Structuralism, post-structuralism and beyond*. London and New York: Routledge.

T D J (1976) Adam Small tries to bridge the language gap with poetry. *Daily Dispatch*: 31 Januarie.

Titus Marius (1990) *Oop gemoed*. Stellenbosch: Marius Titus.

_____. (1992) *Dwangherfs*. Stellenbosch: Marius Titus.

_____. (1999) *Genesing in vuil water*. Stellenbosch: Marius Titus.

_____. (2000) 'n Opsomming van sy reaksie op vraelys. Kaapstad.

Van de Rheede, I (1986) Kaapse Afrikaans: sosio-politiese perspektief. (Referaat gelewer by die simposium vir "Swart Afrikaanse skrywers" by die Universiteit van Wes-Kaapland.) IN: Smith, J, Van Gensen, A & Willemse, H (reds.) *Swart Afrikaanse Skrywers* Bellville: Universiteit van Wes-Kaapland.

Van der Merwe, K (2000) Opsomming van gesprek. (Gesprek met Ada Almano) Kaapstad.

Van Rensburg, F I J (1966) Met **Kanna hy kô hystoe** het Adam Small een van die boeiendste toneelwerke in Afrikaans geskryf. *Volksblad*: 12 Augustus.

Van Wyk, J, Conradie, P & Constandaras, N (samestellers) (1988) *SA in poësie/ SA in poetry*. Pinetown: Owen Burgess.

_____. (1989) SA in poësie/SA in poetry. *Stilet*: 31 Januarie.

_____. (1998/9) Onderhoud met Johan Van Wyk. (onderhoud met Pieter Conradie). *Karring 15*: Somer.

Van Wyk, S (1998) Kruis(lyne): 'n postkoloniale perspektief op Christenskap en poëtiese vorm by Adam Small. *Stilet*, 10 (1): Maart: 121-137.

_____. (1999) Adam Small: Apartheid en skrywerskap. (Ongepubliseerde D. Litterverhandeling: Promotor: Prof. A J Coetzee). Bellville: Universiteit van Wes-Kaapland.

Viljoen, Louise (1999) J2K en die Afrikaanse letterkunde. Toespraak by die vierde colloquium van die Departement Afrikaans en Nederlands aan die Universiteit van Stellenbosch.

Voss, Tony (1990) Multilingual blockbuster of South African poems. *Die Suid-Afrikaan*: 30 April.

Wasserman, H (1998) Loit Sôls se taal is tromslag. (Wasserman in gesprek met Loit Sôls) *Afrikaans Vandag*, Jg. 5 (3): Junie.

Willemse, Hein (1981) *Angsland*. Kaapstad: Blac.

_____. Hatting, M, Van Wyk, S & Conradie, P (reds.) (1997) *Die reis na Paternoster: 'n verslag van die tweede swart Afrikaanse skrywerssimposium gehou op Paternoster vanaf 29 September tot 1 Oktober 1995*. Bellville: Universiteit van Wes-Kaapland.

_____. (1998) Liefs net op straat. *Insig*. Junie.

Winstanley, T (1989) SA in poësie/ SA in poetry. *Sunday Tribune*: 7 Mei.

University of Cape Town